DIE GODSDIENSTIGE IN ONS POESIE.

J.C.ROOS.

DIE GODSDIENSTIGE IN ONS POESIE.

VERHANDELING INGELEWER VIR DIE GRAAD

M.A. IN AFRIKAANS

AAN DIE UNIVERSITEIT VAN DIE WITWATERSRAND

DEUR

JAN CORNELIS ROOS.

Johannesburg, September 1945.

UNIVERSITY OF
16 APR 1946
WITWATERSRAND

# INHOUDSOPGAWE.

| | | |
|---|---|---|
| HOOFSTUK I. | Inleiding.......................... | pg. 1. |
| HOOFSTUK II. | 'n Godsdienstige agtergrond ....... | pg. 9. |
| HOOFSTUK III. | Oppervlakkige politieke calvinisme van die Eerste Taalbeweging. Die Genootskap van Regte Afrikaners. Die werk van C.P. Hoogenhout en S.J. du Toit. Ander digters verwant aan Hoogenhout en du Toit. M.H. Neser en F.W.Reitz. Algemene oorsig en samevatting..... | pg. 24. |
| HOOFSTUK IV. | Calvinisme bereik 'n hoogtepunt in die werk van Totius............. | pg. 69. |
| HOOFSTUK V. | Calvinisme in navolging van Totius word voortgesit. Die vertwyfeling word sterker. C.J. Langenhoven, D.F. Malherbe, Dr. J.R.L. van Bruggen, S. Ignatius Mocke. Dirk Mostert, Martins en Lodovikus, 'n Paar minder belangrikes................. | pg. 99. |
| HOOFSTUK VI. | Jan Celliers as verteenwoordiger van 'n ruimer godsdienstige uitkyk. Sy natuurliefde lei tot onrus.............................. | pg. 134. |
| HOOFSTUK VII. | Calvinisme word vervang deur Leipoldt se panteïsme............. | pg. 166. |
| HOOFSTUK VIII. | Navolgers van Celliers se natuurverheerliking en Leipoldt se panteïsme en Skoonheidsaanbidding. Die godsdienstige uitkyk word steeds breër. H.H. Joubert, A.D. Keet, Theo Wassenaar, A.G. Visser, T.J. Haarhoff, Helwee, Fagan, Stockenström, Bosman, Willemse en Bruwer........ | pg. 192. |
| HOOFSTUK IX. | 'n Tweestryd tussen calvinisme en panteïsme. C.M. v.d. Heever, I.D. du Plessis, Eitemal, W.E.G. Louw, Elizabeth Eybers, D.J. Potgieter, Drie jongeres..... | pg. 216. |
| HOOFSTUK X. | Vertwyfeling en onrus lei tot sinisme en opstand teen die Goddelike. Eugene Marais. Toon v.d. Heever, E.A. Schlengemann, Uys Krige, N.P. van Wyk Louw, D. Gildenhuys, Ernst van Heerden, S.V. Petersen........ | pg. 252. |
| HOOFSTUK XI. | Besluit............................ | pg. 268. |
| BIBLIOGRAFIE | .................................. | pg. 292. |

# V O O R W O O R D.

Daar is oor die algemeen in hierdie verhandeling slegs bepaal tot die oorspronklike Afrikaanse gedigte wat in boekvorm verskyn het. In die Eerste Taalbeweging is dus geen direkte of vrye vertalings bespreek nie en ook nie Nederlandse gediggies van Afrikaners soos Hoogenhout of S.J. du Toit nie. Om dieselfde rede is Melt Brink uitgelaat sowel as die psalmberymings van Totius en Langenhoven, en ook laasgenoemde se vertaling van die Rubaiyat. Die heel jongste werke o.a. "Die Vrou en ander Verse" van Elizabeth Eybers, en "Heilige Beeste" van Opperman, het te laat vir bespreking verskyn.

Skrywer wil geen verskoning maak vir die menigvuldige aanhalings nie, in sommige gevalle selfs 'n hele gedig. Maar daar is gevoel dat in plaas van om die inhoud van 'n vers in prosa weer te gee, dit veel duideliker sal wees om liewers die oorspronklike van die digter self te laat spreek.

Ten laaste wil ek my hartlike dank aan die biblioteek van die U.W.R. uitspreek, wat in hierdie moeilike oorlogsjare altyd hulle uiterste bes gedoen het om werke wat andersins onmoontlik verkrybaar was, tog by een of ander biblioteek op te diep. Dit word hoog waardeer.

Zy hebben in my de aanbidding gedood
met hun gebeden,
ik weet niet meer wat waarachtig is
door hun waarheden.

goed-zyn heeft alle zin verloren
in hun deugdzaamheid,
daarom lach ik om geloof en
onsterfelykheid.

W.Hessels: Wit en Rood.

## HOOFSTUK 1.

## I N L E I D I N G.

Die godsdienstige in die Afrikaanse poësie moet vir 'n groot mate gesoek word in die godsdienstigheid van die stamland. Ons maak hier spesiaal gebruik van die term „godsdienstigheid" en nie van „calvinisme" nie omrede laasgenoemde se enger betekenis, maar ook omdat die begrip vandag reeds sterk onder verdenking staan as nie meer te wees 'n suiwere uitvloeiing van die Christelikheid in sy breë betekenis nie. Want hoewel calvinisme skaars vier eeue oud is, is daar veral hier ten lande 'n neiging om dit die plaasvervanger te maak as die geloof van alle Christens. So vind ons in ons eie land dat die woord 'n geweldige magspreuk geword het, 'n handige wapen in die hand van byna elke predikant, kultuurleier en politikus, ja selfs in die hand van elke fortuinsoeker en uitbuiter. Wie in ons tyd nie die stempel „Nasionaal-Calvinis" dra nie word vanselfsprekend beskou as 'n slegte Afrikaner, 'n jingo of 'n sap – maar bo alles natuurlik 'n ongelowige te wees, want calvinisme en gelowigheid het feitlik sinoniem geword. Daarom word daar in ons letterkunde en dikwels ook in die Nederlandse so gereeld melding gemaak van die calvinisme, selfs wanneer die werke bespreek word van Maerlant, Vondel of Gezelle.[1] Hierdie propaganda vir die calvinisme ten koste van die Christelike, is werklikwaar 'n jammerte, want reeds is die opvatting van die godsdiens so eng en dikwels so bekrompe dat dit nie kan bekostig word om nog meer daaraan te gaan torring nie; hou dit so aan dan sal slegs 'n geraamte oorbly van wat eens werklik 'n skoonheid was.

Dr. Malherbe beweer wel dat „Calvinisme as spesiale kerklike

dogma en lewensbeskouing – soos aangeneem deur die Christelike of Enkel Gereformeerdes en soos uiteengesit deur C.M. v.d. Heever aan die hand van Abraham Kuyper, Bavinck en dr. J.D. du Toit – is by ons nog nie verteenwoordig soos in Holland deur 'n bepaalde letterkundige rigting nie. Weliswaar het ons veel en skone Christelike uitinge in ons letterkunde.......en ons kan dié waardeer sonder in teologiese disputte oor interpretasies van die woord Calvinisme te tree".[2] Maar tog vind ons dat ons poësie grotendeels geskoei is op die calvinistiese begrip en dat met enkele uitsonderinge, onder andere die nog onsuiwere panteïsme, dit eers by 'n paar van ons jongere digters bemerk word dat hulle besig is om van die engheid daarvan weg te breek. Dit is 'n verblydende teken en daar kan alleen gehoop word dat calvinisme soos dit sig vandag in die algemeen openbaar en soos ons dit aangetref het in die verse van ons eerste digters, binne afsienbare tyd alleen nog sal gebesig word in die kerke en politieke arena, en dat dit in ons poësie geheel en al sal verdwyn.

In hierdie werk word dan ook nie gepoog om die calvinisme na te speur en te verheerlik nie, maar daar word alleen na die godsdienstige in die algemeen gesoek, en dit moet besef word, lê nie opgesluit nét in die leer van Calvyn nie! [illegible]

Hoe die saak egter ook al geneem en beskou word, dit staan tog onteenseglik vas dat die agtergrond van ons digkuns op 'n godsdienstige fondament baseer is – die Nederlandse digters het immers nooit 'n gebrek aan godsdienstige gevoel getoon nie. Maar afgesien van hierdie feit is daar 'n groter rede waarom ons poësie so 'n sterk religieuse kleur vertoon, en in hierdie opsig sal dit dan ook vir die digkuns in die algemeen geld, en dit is dat beide godsdiens en poësie tog maar op die fantasie en die verbeelding berus en gevolglik baie nou aan mekaar verbonde is. "Dit kan ook wel niets anders, sinds men tot de erkenning gekomen is, dat de

Christendom en kunst niet onverzoenlyk tegenover elkander behoeven te staan (veeleer krachtens beider oorsprong juist by elkaar hooren)".[3] Dog hierom ook is daar so'n groot verskil te vind, nie net in die godsdienstige verse van elke volk nie, maar selfs in elke digter se werk. Die rede lê voor die hand - godsdiens word omtrent deur geen twee persone presies dieselfde geïnterpreteer nie, dit kan ook nie, vergelyk maar die groot verskills wat daar bestaan in die uitlewering van die Christelike geloof byvoorbeeld, en die verandering wat hierdie geloof ondergaan het en nog daeliks ondergaan. Dis daarom duidelik dat die godsdiens gedurigdeur besig is om sig aan te pas by die verandering van omstandighede, al vind die aanpassing ook dikwels plaas onder die onnatuurlike dwang van die mens; daar lê dus 'n groot waarheid opgesluit in die woorde dat: "ieder nieuw menschengeslacht gevoelt op zyn eigen wyze de behoeften om tot den geest van God's woord te naderen".[4]

'n Sekere mate van godsdiens, of 'n godsdienstige gevoel was daar seker van die begin af en dit sal ook daar bly solank as daar nog 'n mens leef wat 'n verbeelding het, en hoe groter die verbeelding, hoe groter sal die godsdienstige gevoel wees - vergelyk maar die Oosterling met die moderne Europeaan en vergelyk hulle poësie !. Daarom bestaan daar na regte ook geen ateïsme, tenminste nie by die digter nie, en om die rede is dit so belaglik om byvoorbeeld vir Nietzsche, Kloos en Verlaine te bestempel as godloënaars. Hoe kon sulke gevoelige siele ooit onverskillig teenoor die godsdiens gestaan het? In hulle prosa of wetenskaplike kritiek was dit wel moontlik vir hulle om heftige aanvalle op die Christendom te doen en selfs teen die godsdiens in die algemeen, maar wanneer hulle hul innerlikste emosies laat vloei het in die ritme van die gedig, dan het die siel gestaan in volle harmonie met die oeroue godsdiens - al was die uiting daarvan dan ook verskillend met die van hul

Christendom en kunst niet onverzoenlyk tegenover elkander behoeven te staan (veeleer krachtens beider oorsprong juist by elkaar hooren)"[3]. Dog hierom ook is daar so'n groot verskil te vind, nie net in die godsdienstige verse van elke volk nie, maar selfs in elke digter se werk. Die rede lê voor die hand - godsdiens word omtrent deur geen twee persone presies dieselfde geïnterpreteer nie, dit kan ook nie, vergelyk maar die groot verskille wat daar bestaan in die uitlewering van die Christelike geloof byvoorbeeld, en die verandering wat hierdie geloof ondergaan het en nog daeliks ondergaan. Dis daarom duidelik dat die godsdiens gedurigdeur besig is om sig aan te pas by die verandering van omstandighede, al vind die aanpassing ook dikwels plaas onder die onnatuurlike dwang van die mens; daar lê dus 'n groot waarheid opgesluit in die woorde dat: "ieder nieuw menschengeslacht gevoelt op zyn eigen wyze de behoeften om tot den geest van God's woord te naderen".[3]

'n Sekere mate van godsdiens, of 'n godsdienstige gevoel was daar seker van die begin af en dit sal ook daar bly solank as daar nog 'n mens leef wat 'n verbeelding het, en hoe groter die verbeelding hoe groter sal die godsdienstige gevoel wees - vergelyk maar die Oosterling met die moderne Europeaan en vergelyk hulle poësie !. Daarom bestaan daar na regte ook geen ateïsme, tenminste nie by die digter nie, en om die rede is dit so belaglik om byvoorbeeld vir Nietzsche, Kloos en Verlaine te bestempel as godloënaars. Hoe kon sulke gevoelige siele ooit onverskillig teenoor die godsdiens gestaan het? In hulle prosa of wetenskaplike kritiek was dit wel moontlik vir hulle om heftige aanvalle op die Christendom te doen en selfs teen die godsdiens in die algemeen, maar wanneer hulle hul innerlikste emosies laat vloei het in die ritme van die gedig, dan het die siel gestaan in volle harmonie met die oeroue godsdiens - al was die uiting daarvan dan ook verskillend met die van hul

wat is dit!

voorgangers.

Dat die godsdiens, die verbeelding en poësie nou aanmekaar verwant is word ook deur die puberteitskind bewys - die mens in sy mees fantastiese periode - wat 'n dweper is van beide godsdiens en poësie. Daarom is dit moontlik dat die wildste rakker op skool wat keer op keer van die bywoning van kerkdienste gedros het, tog sy gevoel as volg kon openbaar:

Soos die silwer strale
    van die reën
van hoog af kom,
om dorstig' land en velde
    te benat
    en seën.

So ook straal U goedheid neer
    O Heer,
en laaf my dorstig hart
wat altyd smag
    na meer!         5)

Die religieuse word dan deurgaans in die Nederlandse sowel as in ons eie digkuns sterk aangetref, maar tog sal dit 'n verkeerde stelling wees om 'n volk of selfs 'n digter se gelowigheid te probeer vasstel volgens die godsdienstige verse wat daar geskryf is in die taal van daardie volk of digter, want net soos enige besielde vers die uiting is van "die aller-indiwidueelste emosie", so is dit ook met die godsdienstige gedig, die alleen die in woorde geuiterde gedagtes van die digter se persoonlike gevoelens op 'n sekere oomblik, dit mag vir korter of langer tyd by hom aanwesig wees maar die beslis van verbygaande aard. Dat daar seker en gewis uitsonderinge sal wees, digters wat hulle hele lewe lank groot en aangrypende godsdienstige verse gelewer het en terselfdertyd 'n voorbeeldige godsdienstige lewe gelei het, is waar, maar oor die algemeen vind ons tog, veral in ons eie letterkunde, dat die religieuse poësie nie 'n weerspieëling is van die lewe van 'n digter nie. As dit nie so was nie hoe word dan byvoorbeeld die geval van Bredero verklaar wat met diepe weemoed kon bid:

> O God die de gedachten
> "Der menschen ziet en leest!
> Ghy weet wat sy betrachten
> In 't midden van haer Geest..."

en om dan daarna met 'n beskonke sleepstem sy vieslike kroeglied uit te basuin:

> Haarlemsche drooghe harten nu,
> "Komt toont hier wy ghy zyt,
> Wy Amsterdammers tarten U
> Te drincken eens om stryt:"

Sy lewenswyse en die uiting van sy digkuns word gevolglik ook mooi opgesom in die woorde van Dr. Knuttel: „Dat de oude Bredero een Calvinist was, is niet twyfelachtig.... en zyn zoon, schoon wars van theologische harrewarreryen, uit zich, in weerwil van de libertynsche invloeden waaraan hy blootstond, herhaaldelyk goed Calvinistisch."[6]

Hierdie dubbele lewensopvatting vind ons baie dikwels, selfs onder die bekendste ortodokse godsdienstiges, en Vondel die aan wat bekend staan vir sy uitgesproke heiligheid en wat uitgegaan het van die standpunt dat „wat die bybel gee moet noodsaaklik, wat dit nie gee nie moet spaarsaam, maar wat hierteen stry moet nooit geë word nie,"[7] hoor wat skryf Dr. Kalff van hom: „Naar heiliging des levens en reinheid van zeden streefden velen; doch hoevelen streefden niet of maar flauwtjies.... Het was blykbaar geen geringe lof voor Vondel, dat Brandt van hem getuigde: „zoo matig omtrent den drank dat ik niet weet of hem iemant ooit beschonken zag ' ; doch uit die lof blykt tevens, hoe laag men zyne eischen in dezen toen stelde".[8] Hierdie agterbaksheid is egter kenmerkend van die Christelike wêreld en die digters was, wat dit betref maar altyd nog net die weerspieëling van die volksiel, daarom dat Dr. Kalff verder oor die tydperk wat bekend is as Nederland se goue eeu ook op godsdienstige gebied skryf: „De Zondag werd door velen als des Heeren beschouwd en geëerbiedigd; doch hoe luid en aanhoudend klinken die klachten der predikanten over ontheiliging van den Zondag.

Men ging veel ter kerk, doch kerkschheid was nog geen vroomheid. Oprechte vroomheid gaat onder alle gezindten vaak samen met een liefdeloosheid en hoogdunkenheid jegens anders denkenden, die den belyders van het Christendom, dien godsdienst van liefde en ootmoed, al zeer weinig pasten." [9] Dit is presies dieselfde gedagte wat dikwels by ons sal opkom wanneer die werk van ons digters nagegaan word, te veel 'n strewe na die teoretiese godsdienstigheid, te min pogings om die werklike ~~godsdiens~~ grond-beginsels daarvan uit te leef ! Want selfs die beroemde Bilderdyk, hoe goed hy ook al verdedig word deur sy volgelinge, het naas sy streng ortodokse calvinisme 'n lewe gelei wat nie vry te spreek is van blaam en onvoorbeeldigheid nie, juis dit wat aan die volksklasse voorgehou word as skandelike afwykinge van die leer van Christus; sy veel-geprese poësie lewer dan ook soms bewyse wat niks anders as smerig kan bestempel word nie, soos spreek uit die volgende banaliteit:

> Hoe! alweêr een nieuwe jongen,
> "Die, de wareld ingesprongen,
> Maag en man in onrust stelt,
> En uw nachtgeheimen meldt?
>
> Kunt gy onder 't huwlykslaken
> U in stilte niet vermaken,
> Of een kleene naakte guit
> Brengt het voor de wareld uit?"

En dit van die groot calvinistiese voorvegter !
Maar het sy „grootheid" en die van sy soort nie net geskuil in ydele woordepraal en oëverblindery nie? Want in hierdie selfde aangehaalde ondinge praat hy weer op tipiese wyse van Gods goedheid en goedertierendheid asof dit die doodnatuurlikste iets in die wêreld is ! Geen wonder dat die praktiese Tagtigers met 'n wrewelige haat vervul was teen die predikantdigters met hul huigelagtige sedepreke nie.

Ons eie digkuns is hiervan nie vry te spreek nie

omdat ons godsdienstige lewenswyse nie veel verskil vertoon met die van die Nederlandse nie en daarom stel professor Boshoff dit maar alte raak: "Die Afrikaner se godsdienstigheid stel hom na twee kante toe aan gevaar bloot, enersyds aan verstarring tot blote vormlike kerklikheid en andersyds aan sektariese eksploitasie, en daarby is hy nog erflik belas met 'n hele kwantum bygelowigheid van heidense herkoms. 10) Die Afrikaner is gelowig, bygelowig en goedgelowig." Dit moet by die beoordeling van ons godsdienstige poësie altyd in die oog gehou word, en ons moet besef dat die digter geen verkondiger van groot lewenswaarhede is nie, wat ten minste in die Afrikaanse poësie ook nooit die doel was nie. Waar dit dus soms skyn asof daar wel afgedaal is tot in diepste geheimenis van die siel en die geloof, daar moet ons nog in gedagte hou dat dit slegs 'n opflikkering van 'n tydelike emosie is en dat dit hoogsmoontlik is dat die digter onder ander omstandighede presies die teenoorgestelde kon besig.

---

Is dit so [illegible] [illegible] C.S. [illegible] heel wel ??

Dat die godsdienstige [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] hou ~~tot~~ [illegible] [illegible] t. g. v. [illegible] [illegible]?

## AANTEKENINGE – HOOFSTUK I.

1. In die werk van Dr. Lansberg tref ons dit dikwels aan en hy skryf byvoorbeeld: „De levensopvatting, die een Calvinistisch volk zoo scherp onderscheidt van andersdenkende, Christelyke en niet-Christelyke volkeren, is in haar kiemen reeds lang voor de hervorming hier te lande aan te treffen." (Het Prot. in de Ned. Lett. pg. 3.)

2. F.E.J. Malherbe, Aspekte van Afr. Lit. pg. 23.

3. Leendertz en Tazelaar, Chr. Lett. Studiën II. pg. 2.

4. Dr. Lansberg t.a.p. pg. 171.

5. Skrywer se ondervinding op 'n sekere Hoërskool.

6. Dr. J.A.N. Knuttel. Inleiding by die „Werken van G.A. Bredero."

7. Dr. M.S.B. Kritzinger, Letterkundige kragte, pg. 77.

8. Dr. Kalff Gesch. der Ned. Lett. IV, pg. 18 – 19.

9. ibid pg. 19.

10. Dr. S.P.E. Boshoff, Beskouinge en Feite, pg. 139.

## HOOFSTUK II.

### 'n GODSDIENSTIGE AGTERGROND.

Daar mag 'n groot verskil bestaan tussen die lewens- en godsdienstige opvatting van die ortodokse gelowiges en die modern wetenskaplike vrydenkers of agnostici wat soms ten onregte ook ateïste genoem word, maar die onteenseglik waar dat beide groepe sowel as die ontelbare tussen-klasse tog uiteindelik glo aan 'n Gesag of Almag wat hoër as die mens se denkvermoë staan. Van die begin af was hierdie onderbewuste - noem dit maar geloof - in die mens teenwoordig en in die westerse godsdiens word dit duidelik geopenbaar in die skeppingsverhaal; God het die mens na Sy beeld geskape en van hom toe verwag dat hy die Skepper sou gehoorsaam, dien en AANBID. Maar geloof beteken tog om te glo in iets of iemand wat meer is as die een wat glo en daarom vind ons dat ook alle ander gelowe 'n eie god of gode daar gestel het, want die mens, hoe primitief of modern hy ook al mag wees, is geneig om op een of ander vorm te aanbid. Die geskiedenis toon dit aan vanaf die vroegste tye.

In die Christelike godsdiens word hierdie aanbiddingsgevoel baie sterk aangetref, grotendeels waarskynlik, omdat God Sy Seun na die aarde gestuur het om te sterf vir die sonde van ALMAL. So'n liefdesdaad sou natuurlik bewondering wek en 'n groot houvas verkry veral op die verbeelding van minder ontwikkelde persone of volke, soos ook werklik gebeur het gedurende die middeleeue, veral toe die Christusverhaal tot 'n hoë mate begin uitbuit is deur karakterlose kerkleiers,

politici en maghebbers.[1] Godsdiens - om God te dien - was dus beskou as die edelste roeping van die mens : daarvoor het miljoene hulle lewens opgeoffer en was hulle gewillig om te ly, gemartel en mishandel te word, altyd met die gedagte dat die Saligmaker vir hulle daarin 'n voorbeeld gestel het.

Hierdie aanbidding, gewoonlik gepaard met die martelaarsidee, vind ons reeds in die liriese sange van die vroegste eeue, d.w.s. na die lydensdrama van Christus vervaag het tot eenvoudige simbolisme en fantasie. Eers het die katolieke priesters hulle alleen daarmee besig gehou in die kloosters, maar sodra die opperste heiligheid en ongenaakbare Goddelike van die godsdiens begin verdwyn het en dit meer menslike strekkings aangeneem het, het die volk dit ook verheerlik in hulle lied en gevolglik kry ons die Gods - en Christusverheerliking van die middeleeue wat se duidelik weerspieël is in die letterkunde van die tyd: "Het Christendom bracht niet alleen een nieuwe geest, een nieuwe levenshouding; het bood ook nieuwe stof, die de kunst van het woord, van toen af de eeuwen door, opwekken en bezielen zou ; de Christelyke leering en het Christelyke leven in al zyn uitgestrektheid."[2] Maar lank voor hierdie tyd het die godsdiens reeds 'n groot rol gespeel, indien nie die grootste nie, want in daardie deel van die Germaanse letterkunde wat vandag bekend is vind ons "Mythische liederen, waarin de held een God of een halfgod is.....,"[3] terwyl Beowulf die Christelike vors volgens tipiese Christelike wyse al sy moed en krag gestel het in die diens van sy medemens.

Die opbloei van die godsdienstige lewe en Christelike beskawing het 'n hoogtepunt bereik teen die twaalfde eeu : De Germanen had tot nog toe Christus veeral als koning en God vereerd die nog op het kruis opper-

politici en maghebbers.[1] Godsdiens - om God te dien - was dus beskou as die edelste roeping van die mens : daarvoor het miljoene hulle lewens opgeoffer en was hulle gewillig om te ly, gemartel en mishandel te word, altyd met die gedagte dat die Saligmaker vir hulle daarin 'n voorbeeld gestel het.

Hierdie aanbidding, gewoonlik gepaard met die martelaarsidee, vind ons reeds in die liriese sange van die vroegste eeue, d.w.s. na die lydensdrama van Christus vervaag het tot eenvoudige simbolisme en fantasie. Eers het die katolieke priesters hulle alleen daarmee besig gehou in die kloosters, maar sodra die opperste heiligheid en ongenaakbare Goddelike van die godsdiens begin verdwyn het en dit meer menslike strekkings aangeneem het, het die volk dit ook verheerlik in hulle lied en gevolglik kry ons die Gods - en Christusverheerliking van die middeleeue wat so duidelik weerspieël is in die letterkunde van die tyd: "Het Christendom bracht niet alleen een nieuwe geest, een nieuwe levenshouding; het bood ook nieuwe stof, die de kunst van het woord, van toen af de eeuwen door, opwekken en bezielen zou ; de Christelyke leering en het Christelyke leven in al zyn uitgestrektheid."[2] Maar lank voor hierdie tyd het die godsdiens reeds 'n groot rol gespeel, indien nie die grootste nie, want in daardie deel van die Germaanse letterkunde wat vandag bekend is vind ons "Mythische liederen, waarin de held een God of een halfgod is....,"[3] terwyl Beowulf die Christelike vors volgens tipiese Christelike wyse al sy moed en krag gestel het in die diens van sy medemens.

Die opbloei van die godsdienstige lewe en Christelike beskawing het 'n hoogtepunt bereik toen die twaalfde eeu : De Germanen had tot nog toe Christus vooral als koning en God vereerd die nog op het kruis opper-

machtig heerscht....... nu gingen zy Hem ook leeren kennen in zyn Menschheid."[4] En in die werke van Hendrik van Veldeke kom dit dan ook reeds duidelik uit, terwyl dit deurgaans aangetref word in die Ridderpoësie o.a. „Walewein" en „Karel ende Elegast" waarvan Dr. Kalff sê : „Wat is hier nog een kinderlyk maar oprecht en sterk geloof in ~~die~~ God en vertrouwen op God".[5] Hiernaas vind ons die Geestelike poësie met sy opregte verheerliking van Jesus, die Heiliges, en veral van die Maagd Maria waarvan die bekende „Beatrys" uit die veertiende eeu 'n sprekende voorbeeld is. Beide groepe het dus getrag om hulle opvatting van sedelikheid en godsdienstigheid uit te leef in hulle poësie en: „waar de ridderschap poogde hare zedelyke idealen te verwezenlyken, daar ging haar streven in dezelfde richting als dat der geestelykheid die de Christelyke idealen, voor een deel althans tot de werkelykheid trachte te maken."[6] Maar nie alleen het die ridders en priesters hulle godsdienstigheid geopenbaar in hulle verse nie, ook die gewone volk het nie op hul laat wag nie, want „van oudsher is een hagiographische, Godsdienstige literatuur, ook in de volkstaal, waarschynlyk. Zy werd beoefend niet slechts door geestelyken, maar ook door leeken, door dichters die by het volk omgingen."[7] Dr. Lansberg praat dan ook van „stille eenvoud", „strenge zachtmoedigheid" en die „staâge verwachting" wat uit die middeleeuse letterkunde spreek en sê verder: „De martelaars - en strydpoëzie, welke in deze landen geschreven werd overvleugelt - helaas ! - al hetgene wat het overig West - Europa in dit genre heeft voortgebracht."[8]

Nederland het dus van die begin af die voortou geneem op hierdie gebied en as ons die werke van die bekende Jacob van Maerlant nagaan, veral sy „Wapene en Dander Martyn", „van der Drievoudecheide" en „Der Kerken

Claghe", dan kom ons dadelik onder die indruk van sy eenvoudige geloof en kinderlike Godsvertroue. In teenstelling met sy in baie gevalle ligsinnige tydgenote het hy altyd die „leerdicht-genre" nagevolg en dit „is afdoend gebleken dat alleen de Vlaamsch-Nederlandsche dichter tot schryven wordt aangevuurd door een heilige, hartstochtelyke verontwaardiging over de moreele ontaarding zyner tydgenooten...en dat de Nederlandsche dichter, van de Fransche poëzie om haar moreele hoedanigheden bepaald afkeurig is".[9) ] Maerlant, die eerste Nederlandse digter, het dus reeds getoon dat die godsdienstige vers by hom die hoogste skoonheid is en hy het nie alleen vurig te velde getrek teen die „afvalligheid" van sy tyd nie maar ook gou getoon dat hy hom in sy godsdiens nie laat voorgaan deur ander nie, en andersdenkendes moes dit gevolglik lelik ontgeld, soos blyk uit sy aanvalle teen die afwykings van die kerk.[10)] In hom vind ons die drie stande se werk wat vroeër duidelik geskei was verenigd, en terselfdertyd is hy ook die verteenwoordiger van die Nederlandse volksaard. 'n Volk wat dan ook vir tagtig jaar geveg het teen 'n vreemde indringer, grotendeels vir die behoud van sy eie godsdiens en die reg om daardie godsdiens uit te oefen soos hul dit self verkies, kan nie anders as opreg wees in hul religieuse gevoel nie. Dit sien ons maar te duidelik in die optrede van die Nederlandere wat in daardie moeilike tye nie net gepraat het oor hulle godsdienstigheid nie, maar ook bereidwillig was om met die daad daarvoor te stry. Hulle was gewillig om goed en bloed op te offer en om lye en smart te trotseer vir byna twee geslagte lank, en baie van hulle wat nie meer met die blanke swaard kon veg nie het in die kerkers waar hulle 'n folterdood afgewag het, hul gemoedere geuit in godsdienstige verse wat spreek van die vaste geloof en vertroue in hulle God.

Vive le Geus, wilt Christelick leven,
Vive le Geus, hout fraeyen moet:
Vive le Geus, Godt hoed u voor sneven,
Vive le Geus, edel Christen bloet." 11)

Hierdie vaste hoop en vertroue, selfs in die donkerste uur, tref ons orals aan, luister maar na die gesprek van die martelaars voor hulle na die brandstapel gevoer is:

Sonder sorgen zyn sy verwesen
"Te branden elck aen eenen staeck.
Doen seyde die vrouwe ghepresen:
Wy dancken u Heer van dese saeck.
Grietken sprack met goeder meenen:
Spaert drie staecken Raetsheers bewint;
Alle vier sterven wy wel aen eenen, 12)
Want geestelyk syn wy alleens gheeint."

Dis duidelik dat hier nie sprake kan wees van groot letterkundige kuns nie, ook nie eers van suiwere emosionele gevoel nie, maar dit was ook nie die bedoeling daarvan nie, want; "het ging hier om God's leer, over het offer van den Heiland, over de betekenis van het avondmaal, - kortom het waren godsdienstige beginselen, en daarby paste een strenge, sobere vorm." 13) Dis dus te verstane dat Erasmus se roem ook nie in sy „Lof der Zotheid" of ander vermaarde geskrifte geleë het nie, maar veel eerder daarin waar „hy op de hem eigen heldere wyze een Bybelsch Christendom bepleitte." 14)

Om hierdie rede vertoon die Nederlandse Renaissancekuns ook so'n groot verskil met dié van die res van Europa, want terwyl daar vanaf Italië tot in die verste Noorde 'n nuwe lig opgegaan het, 'n verheerliking van byna alles wat vir honderde jare 'n doodse slaap gevind het in kloosters en die bevreesde gemoedere van die volk, merk ons niks daarvan in Nederland nie. Hier in die laagland by die see het die volk en sy leiers hul God nog bly dien soos die vaders dit gedoen het en: „hoe gewichtig en rustig toont zich hier ook weer de renaissance-poëzie tegenover die der Franschen." 15) Vir die Nederlandse digters waaronder van Marnix, van Mander,

van Hout en selfs die „prins der poeëten" Jan van der Noot, het die hoogste vorm van die kuns daarin geskuil waar lof gebring word alleen aan die Allerhoogste. van Hout gee sy ontboesoming dan ook weer in die woorde:

> Gy, wiens gelyk niet wezen zal,
> "Niet is, niet was, Gy die het al
> Van niet tot wezen hebt geschapen;
> Gy, goede Herder van u schapen -
> Leyden uwen naem met recht
> Tot den hoogen Hemel drecht,
> Tot den sterren moet verheffen;
> Ja veel hooger overtreffen
> Al u heerlyke daaden
> Al u heylzaame genaden ! "

Hierdie vers getuig van die geloof van ons Hollandse voorouers en ons kan nie anders as om hulle lof te bring daarvoor nie, al is dit dan alleen om die handhawing van hul vaste oortuiging in 'n tyd toe die grootste deel van Europa tot berstens toe sat was vir alle vorm van godsdienstigheid.

Daar het in hierdie religieuse houvas ook geen onderbreking gekom nie, want in die volgende geslag tref ons dieselfde aan indien nie suiwerder nie, veral omdat Coornhert 'n „voortreflike sedeleeraar en Christelike humanis"[16] was, en „als voor zoo menigen zestiend' eeuwer, is het geloof het vraagstuk by uitnemendheid. Evenals by Marnix is zyn geloof de kern van zyn wezen en de kracht die zyn leven beheerscht.."[17] Saam met hom het Roemer Vischer en Spieghel daarop aangedring dat alle poësie moes staan in die diens van God, en Spieghel se lewensoortuiging was gevolglik dat „God is", en „nergens blykt hem dat duidelyker dan in de gansche geschapen natuur - de sterren, de vogels..... het verkondigt alles Gods lof".[18] Dit is dus duidelik dat in Nederland se wordingsgeskiedenis sy digters altyd hul hulp van God verwag het. Nederland was godsdienstig en het dit deur al die moeilikhede heen gebly, want naas hulle groot politieke en militêre leiers was hulle

oë altyd gevestig op Hom van wie hulle hulp en bystand verwag het in nood en oorwinning.

In teënspoed en onderdrukking het Holland sy geloof uitgebou, en het dit gehandhaaf in tyd van glorie en grootheid. Daarom was daar nie sprake van verval, of selfs verflouing, in hul Godsvertroue gedurende die roemryke sewentiende eeu nie. Verder het dit saam met die oorwinnings wat behaal is met die swaard, die handel en die landsbestuur gegroei, totdat dit 'n hoogtepunt bereik het in die werke van die beroemde Joost van den Vondel en sy tydgenote. Die goue eeu was 'n tydperk van verheerliking en oorwinning - 'n verheerliking van en 'n oorwinning deur God, en seker nooit van te vore of selde daarna is die Godheid in sulke sublieme en gelouterde aanbidding verheerlik as deur hierdie opregte Nederlander nie:

> Dat's God. Oneindig, eeuwig Wezen
> "van alle ding dat wezen heeft,
> Vergeef het ons ! O nooit Volprezen
> Van al wat leeft of niet en leeft,
> Nooit Uitgesproken, noch te spreken,
> Vergeef het ons en scheld ons kwyt
> Dat geen verbeelding, tong noch teken
> U melden kan ! ....",

en dan daarna die allerheiligste ontboeseming wat die siel van 'n mens kan ontsnap:

> Heilig, heilig, nòg eens heilig !
> "Driemaal heilig ! Eer sy God !
> Buiten God is het nergens veilig
> Heilig is het groot gebod."

As daar ooit 'n plek in die Christelike letterkunde is waar die gewone mens voel dat hy sy skoene moet uittrek, dan is dit sekerlik by hierdie woorde van Vondel, woorde wat in hul suiwere opregtheid byna die beeld van God aanneem.

Dit is oor hierdie geloof en Godsvertroue waarvan gesê is: "Wy, twintigste-eeuwers, die door zoo talryke

oë altyd gevestig op Hom van wie hulle hulp en bystand verwag het in nood en oorwinning.

In teënspoed en onderdrukking het Holland sy geloof uitgebou, en het dit gehandhaaf in tyd van glorie en grootheid. Daarom was daar nie sprake van verval, of selfs verflouing, in hul Godsvertroue gedurende die roemryke seventiende eeu nie. Verder het dit saam met die oorwinnings wat behaal is met die swaard, die handel en die landsbestuur gegroei, totdat dit 'n hoogtepunt bereik het in die werke van die beroemde Joost van den Vondel en sy tydgenote. Die goue eeu was 'n tydperk van verheerliking en oorwinning – 'n verheerliking van en 'n oorwinning deur God, en seker nooit van te vore of selde daarna is die Godheid in sulke sublieme en gelouterde aanbidding verheerlik as deur hierdie opregte Nederlander nie:

Dat's God. Oneindig, eeuwig Wezen
"van alle ding dat wezen heeft,
Vergeef het ons ! O nooit Volprezen
Van al wat leeft of niet en leeft,
Nooit Uitgesproken, nooch te spreken,
Vergeef het ons en scheld ons kwyt
Dat geen verbeelding, tong nooch teken
U melden kan ! ....",

en dan daarna die allerheiligste ontboeseming wat die siel van 'n mens kan ontruk:

Heilig, heilig, nòg eens heilig !
"Driemaal heilig ! Eer sy God !
Buiten God is het nergens veilig
Heilig is het groot gebod."

As daar ooit 'n plek in die Christelike letterkunde is waar die gewone mens voel dat hy sy skoene moet uittrek, dan is dit sekerlik by hierdie woorde van Vondel, woorde wat in hul suiwere opregtheid byna die beeld van God aanneem.

Dit is oor hierdie geloof en Godsvertroue waarvan geså is: Wy, twintigste-eeuwers, die door zoo talryke

geslachten gescheiden zyn van de worsteling om het nieuwe geloof, staan telkens weer verbaasd, wanneer wy bewyzen ontmoeten van den overheerschenden godsdienstigen invloed op de menschen der 16de en 17de eeuw."[19] Want alhoewel Vondel die hele eeu oorheers het, het hy tog nie alleen gestaan nie, daar selfs die oppervlakkige Bredero dikwels in diep melankoliese verse hom gewend het tot verheerliking van God, terwyl Revius „statig en gesloten, strydbaar en naar onze opvattingen weleens hard", tog innerlik byna soos 'n kind in opregtheid was, „zoo zuiver overgegeven en vol aanbidding".[20]

Die agtiende eeu wat in baie opsigte 'n algemene verval beteken het op ~~die~~ staatkundige, kommersiële, letterkundige en kulturele gebied, word ook van gesê dat dit op religieuse gebied agteruitgang toon: „De matte inzinking, welke gevolgd was op de gespanne fierheid en forschheid van 't zeventiend' eeuwsche geslacht, openbaarde zich kort na het jaar 1700 op alle gebieden - niet 't minst op dat des geloofs, waar de oude stramme leerstelligheid eenerzyds verworden was tot vromelykheid en anderzyds zich vervaagde tot een oppervlakkig gevoelsleven", en verder: „De geest der literatuur was, als gewoonlyk, ook nu in overeenstemming met den geest der samenleving. Waar deze laatste zich op godsdienstig gebied als een weinig-bewogen waterspiegel voordeed, was van een spontane, vurige geloofsuiting in de letteren geen sprake."[21] Hierteenoor beweer Kloos egter dat die tydperk op letterkundige gebied en dus natuurlik ook in sy godsdienstige literatuur geensins agter staan by die vorige en die daarop volgende periode nie. Volgens hom is die tydperk te veel afgeskeep, en hy reken dat 'n dieper studie van die periode sal aantoon dat die sogenaamde vervelige oppervlakkigheid niks anders is as napratery deur die predikante van die eerste helfte van

die negentiende eeu nie.[22] Hoe dit ook al mag wees, diegene wat die poësie van die agtiende eeu nagaan sal daar, afgesien van die letterkundige waarde, niks in vind wat minder godsdienstig en gelowig is as die werk van ander tye nie. Rhynvis Feith se standpunt teenoor die digkuns is dan ook genoeg getuie daarvoor: "Wie Christelyk-godsdienstige gedachten in maat-en-rym brengt, is, onder alle anderen, die grootste poeët."[23] En 'n vers soos die volgende lewer bewys hoe na die lydensdrama van Christus aan sy hart gelê het:

> Gy, die, vol bloed en wonden,
> "Voor ons aan 't kruishout stierft,
> En onze laatste stonden,
> Den grootsten troost verwierft,
> Gy, die uw dierbaar leven,
> Eer 'k was, ook gaaft voor my,
> Hoe dankt myn gloeyendst streven
> U, Redder ! naar waardy !"

Saam met Feith tref ons ook van Alphen aan, beide digters wat deurgaans in hul werk sterk herinner aan Bilderdyk en Da Costa en aldus aangetoon het dat hul op waardige wyse die tradisie van hulle voorgangers gehandhaaf het.

Oor die daarop volgende eeu val seker nie veel te redeneer nie, want nie alleen staan Bilderdyk, Da Costa, Beets, Ten Kate en die hele reeks van predikantdigters nog baie naby ons eie tyd nie, maar hulle godsdienstigheid is oorbekend. Wat daar gevolglik ook van die letterkundige skoonheid van hulle verse beweer is, dit staan tog vas dat hulle gelowigheid alles-oorheersend was en dat Bilderdyk soos Dr. Kuyper bewys het, vir die ortodokse Christen-calvinis 'n monument van godsvrug sal bly so lang die Christelike leër verkondig word:

> „Een God is 't, die U lof kan zingen
> In tonen, God, Uw grootheid waard;
> En wy, wat zyn wy, stervelingen,
> Dan wormgewriemel van deze aard ?"

die negentiende eeu nie.[22] Hoe dit ook al mag wees, diegene wat die poësie van die agtiende eeu nagaan sal daar, afgesien van die letterkundige waarde, niks in vind wat minder godsdienstig en gelowig is as die werk van ander tye nie. Rhynvis Feith se standpunt teenoor die digkuns is dan ook genoeg getuie daarvoor: "Wie Christelyk-godsdienstige gedachten in maat-en-rym brengt, is, onder alle anderen, die grootste poeët."[23] En 'n vers soos die volgende lewer bewys hoe na die lydensdrama van Christus aan sy hart gelê het:

> Gy, die, vol bloed en wonden,
> "Voor ons aan 't kruishout stierft,
> En onze laatste stonden,
> Den grootsten troost verwierft,
> Gy, die uw dierbaar leven,
> Eer 'k was, ook gaaft voor my,
> Hoe dankt myn gloeyendst streven
> U, Redder ! naar waardy ! "

Saam met Feith tref ons ook van Alphen aan, beide digters wat deurgaans in hul werk sterk herinner aan Bilderdyk en Da Costa en aldus aangetoon het dat hul op waardige wyse die tradisie van hulle voorgangers gehandhaaf het.

Oor die daarop volgende eeu val seker nie veel te redeneer nie, want nie alleen staan Bilderdyk, Da Costa, Beets, Ten Kate en die hele reeks van predikantdigtere nog baie naby ons eie tyd nie, maar hulle godsdienstigheid is oorbekend. Wat daar gevolglik ook van die letterkundige skoonheid van hulle verse beweer is, dit staan tog vas dat hulle gelowigheid alles-oorheersend was en dat Bilderdyk soos Dr. Kuyper bewys het, vir die ortodokse Christen-calvinie 'n monument van godsvrug sal bly so lang die Christelike leër verkondig word:

> „Een God is 't, die U lof kan zingen
> In tonen, God, Uw grootheid waard;
> En wy, wat zyn wy, stervelingen,
> Dan wormgewriemel van deze aard ?"

Teen hierdie godsdienstige skerpregter en sy volgelinge waarvan die Jood Da Costa die beste bekend is, het die wêreld óf kant gekies, óf teen te velde getrek want: "lynrecht gaan ze tegen de vergoding van het verstand in. Aanbiddend bezingen zy God's eten, God's daden, Jesus wonderen..... Hier viel slechts te gelooven, te knielen, de oogen te sluiten voor den glans van 't aldoordringend licht."[24]

'n Reaksie teenoor so'n oordrewe godsdienstigheid kon nie weggebly het nie, en die optrede van die Tagtigers, veral aan die begin, was dan ook slegs oor die sogenaamde skyn-godsdienstigheid van die manne wat die eeu ingelei het. Die Nieuwe-Gidsers en hul ondersteuners het vir jare heftig uitgevaar teen die godsdiens van Veertig en vroeër, maar voor die einde van die eeu het meeste van opinie verander, van Eeden word 'n gewyde katoliek wat van sy "Engelbewaarder" smeek:

> Vergeef my ! -nu eerst ken ik u,
> "in uw zachtmoedig poogen -
> hoe menigmaal - ik weet het nu -
> heb 'k u gedachteloos en ruuw
> beleedigd en bedrogen -
> heilige tranen weendet gy -
> en dat om my ! ...en dat om my ! ....",

terwyl die soms roekelose Willem Kloos in byna heilige erns so'n aangrypende Christus-sonnet soos die volgende kon skryf:

> Ja Christus moest de God der Vreugde heeten !
> "Was hy de Vreugde niet, die alles droeg,
> Wyl in zyn binnenste harmonisch loech
> Het eeuwig-vroolyke, hoog-heil'ge Weten.
>
> Dat boven Zyner Jongren angstge kreten
> Als een siels-glorie op Zyn aanschyn sloeg,
> Een vreugd des vredes, waar vergeefs omvroeg,
> Zyn vyand stout, door zelf-verwyt gespleten,
>
> Toen hy dat doods-bleek hoofd, met zachten lach
> En half-gesloten oog vol vreugde-weelde,
> omhoog aan 't harde kruishout hangen zag...?
>
> Ja, toen de doods-lach om de lippen speelde,
> Wist elk, die opzag naar te foltring stell,
> Dat Hy geen God van smart was, maar van heil...."

Teen hierdie godsdienstige skerpregter en sy volgelinge waarvan die Jood Da Costa die beste bekend is, het die wêreld óf kant gekies, óf teen te velde getrek want: "lynrecht gaan ze tegen de vergoding van het verstand in. Aanbiddend bezingen zy God's stem, God's [illegible]en, Jesus wonderen..... Hier viel slechts te gelooven, te knielen, de oogen te sluiten voor den glans van 't aldoordringend licht."

'n Reaksie teenoor so'n oordrewe godsdienstigheid kon nie weggebly het nie, en die optrede van die Tagtigers, veral aan die begin, was dan ook slegs oor die sogenaamde skyn-godsdienstigheid van die manne wat die eeu ingelei het. Die Nieuwe-Gidsers en hul ondersteuners het vir jare heftig uitgevaar teen die godsdiens van Veertig en vroeër, maar voor die einde van die eeu het meeste van opinie verander, van Eeden word 'n gewyde katoliek wat van sy "Engelbewaarder" smeek:

Vergeef my ! -nu eerst ken ik u,
"in uw zachtmoedig poogen -
hoe menigmaal - ik weet het nu -
heb 'k u gedachteloos en ruuw
beleedigd en bedrogen -
heilige tranen weendet gy -
en dat om my ! ...en dat om my ! ....",

terwyl die som. roekelose Willem Kloos in byna heilige erns so'n aangrypende Christus-sonnet soos die volgende kon skryf:

Ja Christus moest de God der Vreugde heeten !
"Was hy de Vreugde niet, die alles droeg,
Wyl in zyn binnenste harmonisch loech
Het eeuwig-vroolyke, hoog-heil'ge Weten.

Dat boven Zyner Jongren angstge kreten
Als een ziels-glorie op Zyn aanschyn sloeg,
Een vreugd des vredes, waar vergeefs omvroeg,
Zyn vyand stout, door zelf-verwyt gesleten.

Toen hy dat doods-bleek hoofd, met machten lach
En half-gesloten oog vol vreugde-weelde,
omhoog aan 't harde kruishout hangen zag...?

Ja, toen de doods-lach om de lippen speelde,
Wist elk, die opzag naar te foltring steil,
Dat Hy geen God van smart was, maar van heil...."

'n Vers soos hierdie kan immers nooit as ongodsdienstig bestempel word nie. En tog het 'n hele reeks van kritici vir Kloos en die Beweging van Tagtig van goddeloosheid en ongodsdienstigheid beskuldig ![25] Hoe dit egter ook mag wees, as ons as objektiewe waarnemers wil optree en alleen 'n oordeel wil fel oor wat voor ons gelê word, dan blyk dit duidelik dat alhoewel die Tagtigers veel anti-Christelikhede verkondig het, ons nogtans, volgens 'n groot deel van hul poësie, nie die reg het om hulle die verwyt te maak dat hulle geen geloof gehad het nie.

So het die negentiende eeu se digkuns dan duidelik bewys gelewer dat dit net soos in die voorafgaande tydperke, sterk beïnvloed was deur die godsdienstige strekking van die volkskarakter. Maar eer ons van hierdie een afstap is dit tog ...saaklik om eers die naam te noem van Guido Gezelle en 'n oomblik by hom stil te staan. Want soos Bilderdyk die spil was van die religieuse poësie aan die begin van die negentiende eeu, so het hierdie Vlaamse sanger 'n hoogtepunt gevorm van alle godsdienstige kuns van die middel - en einde van genoemde periode. As daar ooit 'n digter was wat in sy eenvoudige menslikheid sy naakte siel geopenbaar het voor die Goddelike Almag dan was dit seker en gewis die kinderlike katolieke priester van die Suidelike Nederlande. Naas Vondel moet hy dan ook beskou word as dié digter wat die g...dienstige poësie van ons stamland die meeste bevorder het. Luister maar na sy Ego Flos:

Ik ben een blomme
'En bloeie voor uwe oogen,
Geweldig Zonnelicht,
Dat, eeuwig onontaard,
My, nietig schepselken,
In 't leven wilt gedoogen
En, na dit leven, my
Het eeuwig leven spaart

*********

Myn leven is
"Uw licht ; myn doen, myn derven,
Myn hope, myn geluk,
Myn eenigste en myn al,
Wat kan ik, zonder U
als eeuwig, eeuwig sterven:
Wat heb ik, zonder U,
Dat ik beminnen zal ?"

Oor die godsdienstige poësie van die twintigste eeu is daar nog meer uiteenlopende kritiek as oor die kuns van Tagtig, en so byvoorbeeld hoor ons van: "de heidensche uithuizigheid veler impressionisten",[26] sowel as die waarskuwing dat goeie Christenmense vandag blootgestel word aan : "al de gevaren, zedelyke en religieuse, waarmee de nieuwe dichters en romanschryvers het Christelyk denken bedreigen."[27] Maar ook hier moet ons lievers dat die werke self spreek eer 'n oordeel gevel word of daar 'n gevaar dreig al dan nie, en as dit gebeur merk ons heel gou dat die jongeres, die twintigste eeuers, net so religieus in hul poësie is as hul voorgangers, al moet ons dan weer daarop wys dat "ieder nieuw menschengeslacht gevoelt op zyn eigen wyze de behoeften, om tot den geest van God's woord te naderen."[28] 'n Gedig van Geerten Gossaert sal daarvan kan getuig :

De wind woei om het eenzaam huis,
"In 't laatste avonduur;
Toen lichte een vreemde de klink der deur
en zat by 't open vuur.

Ik durf niet vragen wie hy was
En hy gaf teeken nog taal;
En ik noodde hem uit, maar hy zat aan
Naast my aan 't avondmaal.

Myn lippen trilden en in myn hart
Laai hittige haat;
Maar hy glimlachte en hief tot my
Zyn bitterschoon gelaat.

En 'k sprak en zei : Ik ken u niet !
Wat, aan myn haard, zoekt gy ?
Doch hy antwoordde niet, maar hief zyn hand,
En brak het brood met my.

En ik herkende..... ; 's morgens vroeg
Is hy weer heengegaan.....
Maar 't laatste van dit bitter lied
Zal God alleen verstaan."

Hoe graag wil 'n mens nie meér aanhaal uit die werk van hierdie digters nie; al is di[e] net om daarmee te bewys dat uit 'n godsdienstige oogpunt beskou die verskuns van die na-oorlogse periode eerder 'n steiging as 'n daling aantoon, want ons vind hier 'n dieper menslikheid, 'n groter opregtheid en 'n suiwerder besieling as in die werk van die verlede. Saam met Gossaert is daar nog 'n lang lys van name onder die jongeres wat kan dien as voorbeelde van digters vir wie die godsdiens meer beteken as net 'n tydelike besieling, dink maar aan de Mérode, Anema, De Vries, Coolaard, Houwink en die groot aantal Vlaamse katolieke waaronder veral Gerard Bruning 'n besondere ereplek verdien. Om af te sluit met enkele aanhalinge uit daardie aangrypende gedig "Nacht" van hom sal wel aantoon dat die houvas wat die Goddelike vandag op die wêreld het, en in besonder op Nederland en ons eie volk, nog net so groot en sterk is as ooit tevore !

"Op de horizonten van Uw nacht
heeft de nerveuse lichtcirkel der steden,
langs alle einders
kreunt, kreunt
het martyrium,
in onze mond droog en weerbarstig -
.......................

Wy leven gelykelyk op alle kontinenten,
de sterren hebben wy geteld,
de zeeën gemeten,
ons weten waanden wy een oceaanstoomer
maar onze wysheid werd wankel en ongestaag!
in den plooi van een getailleerde jas hebben wy
ons ons voor elkaar gered.

Geef ons de genade
Uw wil te verstaan
Uit de wysheid van Uw boek:
dat de teekenen ons niet verwarren
als Gy tot ons spreekt."

AANTEKENINGE - HOOFSTUK II.

1. 'n Verwysing na die pousdom en die algemene optrede van die kerk gedurende die middeleeue en later, sal voldoende wees. Natuurlik is die kerk se voorbeeld baie gou nagevolg deur die wêreldlike gesag - die staat.
2. Dr. Kalff, Gesch. der Ned. Lett. I, pg. 50.
3. ibid, pg. 34.
4. ibid, pg. 82.
5. ibid, pg. 103.
6. ibid,
7. ibid, pg. 180.
8. Dr. Lansberg, Het Prot. in de Ned. Lett., Vergelyk ook Dr. Kalff „Westeuropeesche Letterkundige II " pg. 14 - 22.
9. Dr. Lansberg, Het Prot. in de Ned. Lett., pg. 5 - 6.
10. Vergelyk „Der Kerken Claghe".
11. H.J. Lummel, Nieuw Geuzenliedboek, uit : Het Prot. in de Ned. Lett. pg. 36 - 37. Vergelyk ook wat Prof. C.M. v.d. Heever sê : „Die Geuseliedere is vervaardig deur arme protestantse martelaars, wat die folterdood afgewag het in donker kerkere, krygers aan boord van skepe, beroofde bannelinge. In stamelende rym het hulle hul diepe bekommeringe en ongebroke geloof uitgespreek." (Die digter Totius, pg. 32.)
12. „Het offer des Heeren" uit: Het Prot. in de Ned. Lett. pg. 15.
13. Het Prot. in de Ned. Lett. pg. 39.
14. ibid, pg. 11.
15. ibid, pg. 49.

16. Dr. Kalff, Gesch. der Ned. Lett. III. pg. 471.

17. ibid, pg. 451.

18. ibid, pg. 477.

19. ibid, pg. 53.

20. Aangehaal uit proefskrif van Dr. Smit deur C.M. v.d. Heever in : „Die digter Totius" pg. 33.

21. Dr. Lansberg, t.a.p. pg. 109.

22. Willem Kloos, Een daad van Eenv. Rechtv. Inleiding.

23. ibid, pg. 19.

24. Dr. Lansberg, t.a.p. pg. 132.

25. In Nederland bestaan daar 'n hele reeks o.a. Dr.s de Moor, Bavinck, Wielenga en Tazelaar, en in ons eie land skryf Prof. v.d. Heever oor die Beweging as „onchristelik" en dat hulle „deur hulle heftige uitbarsting..... die godsdienstige lied lank laat swyg (het)", t.a.p. pg. 35.

26. Dr. Lansberg, t.a.p. pg. 168.

27. Leendertze en Tazelaar, Chr. Lett. Studiën I, pg. 3.

28. Dr. Lansberg, t.a.p. pg. 171.

---

## HOOFSTUK III.

## OPPERVLAKKIGE POLITIEKE CALVINISME VAN DIE EERSTE TAALBEWEGING.

Uit die voorafgaande hoofstuk blyk dit duidelik dat ons poësie 'n hegte godsdienstige fondament het [1] - die Nederlanders was deur die eeue bekend vir hul godsvresendheid soos weerspieël in hulle digwerke - en daarom kon dit verwag word dat die Afrikaner sodra hy daartoe in staat gestel sou word om sy gevoelens in sy eie taal te uiter, die heel eerste sou wees 'n ontboeseming van dit wat die naaste aan sy hart sou lê - sy geloofsvertroue, want daarin is vir hom 'n goeie voorbeeld gestel deur die enigste letterkunde wat hy kon lees en naasteby kon verstaan : Toe die volksmense self moes produseer was dit vanselfsprekend dat die dinge wat hulle vernaamste geestelike besit was, bewus of onbewus, 'n invloed op daardie produkte moes uitoefen. Dit is inderdaad dan ook die geval. 'n Menigte van „oorspronklike" gedigte uit die Eerste Tydperk dra onmiskenbare tekens van regstreekse beïnvloeding deur religieuse liedere. Some word 'n Gesang of 'n Psalm net effens omgewerk en aan as 'n nuwe selfstandige lied of gedig opgedis." [l.a.)]

Dit was egter nie net die letterkundige agtergrond van die Afrikaner wat hom sou aanspoor om religieuse verse te skryf nie, want baie van ons eerste digters was uiters swak geskool en sou daar wel nie veel by baat gevind het nie; maar daar was 'n ander faktor wat sekerlik net soveel, indien nie van meer belang was nie

naamlik, die historiese verlede - 'n verlede waarmee die volk so diep deurdrenk was omdat dit gestrek het nie alleen vanaf die aanwalstapping van van Riebeek nie, maar sover terug as wat daar sprake was van 'n Nederlandse volk.

Hierdie agtergrond het 'n geweldige invloed uitgeoefen, daar dit nie alleen die Nederlanders was wat met goed en bloed hul godsdienstige vryheid deur geslagte heen teen vreemde oorheersing verdedig het nie, maar ook ons Franse voorouers het eerder die brandstapel, die pynbank of die vreemde verkies bo die aanname van 'n geloof waarvoor hul geen respek en liefde gehad het nie. En hierin sou die voorsate van Duitse afkoms nie agterstaan nie, getuig die talle godsdiensoorloë, maar veral die kern en oorsprong van die Hervorming, naamlik die bekende Martin Luther. Daarom dat die Afrikaner, van wie by verre die grootste meerderheid van hul voorouers uit hierdie lande afkomstig is, manne en vroue was wat geweet het waaraan hulle wou glo. Voeg ons hierby nog die eensame naamlose bestaan op die voorposte waar daar gedurig in aanraking gekom is met getalsterkere vyande in die vorm van barbare, wilde diere en natuurelemente waar na niks en niemand anders kon opgesien word as die krag en 'n Hoër Gesag nie, dan kan verstaan word waarom ons volk in die verlede en ook vandag nog beskou word as 'n godsdienstige nasie. Al ons skrywers en kritici wys gevolglik ook op hierdie aspek, en F.E.J. Malherbe praat van : ons wonderbaarlike geskiedenis vanaf ons volksvermenging, ons uitgestrekte eensame vlakte met sy eertydse afgryslike verskrikkinge, en eindelose gevare, maar ook sy grootse skoonheid; die afwesigheid by 'n groot aantal van ons diep-gelowiges van kerk en skool vir vele jare, en ander faktore meer - moes ons gods-

diens tot 'n geheel inheemse gemaak het en een van die hart veral. Die geloof is prakties en vind veral sy uiting in vertroue op God as liefdevolle Vader."[2)]

Of: "Oorsien ons die ontwikkeling van die Afrikaner vanaf die volksplanting tot aan die finale oorname van die Kaap deur Engeland, dan blyk dit helder en oortuigend hoe die Calvinisme feitlik die suurdeeg vir ons volksvorming was, die onsigbare vormende mag wat op stad en dorp, op die verafgeleë boereplaas stilweg gewerk het, die hele sosiale lewe 'n besonder eie karakter gegee het."[3)] Prof. S.P.E. Boshoff sê verder: "op sy uitgestrekte plaas, ver verwyder van die naaste bure, met slawe en inboorlinge as sy werkvolk, is hy 'n koning in sy eie koningryk en erken hy g'n gesag buitekant homself nie, behalwe die gesag van 'n Opperwese. Maar hierdie gesag erken hy dan ook in 'n absolute sin."[4)]

Dit dan is kortliks die historiese agtergrond van ons Boerevolk. Sal so'n volk wanneer hy tot skrywe oorgaan anders as in 'n godsdienstige taal skryf, en wanneer hy dig of rym sal dit iets anders as 'n godsdienstige rym wees? Die produkte van die Eerste Taalbeweging sal daarvoor moet getuig.

## DIE GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKANERS.

Sommige van ons kritici reken dat die gedigte van die Eerste Beweging gladnie soveel godsdienstigheid bevat as wat ons onder omstandighede kon verwag nie.[5)] As elke rympoging op eie meriete beskou word sal daar wel 'n mate van waarheid in steek, want werklike godsdienstige gedigte is daar nie juis veel nie, maar as in aanmerking geneem word dat daar weinig rympies uit hierdie periode bestaan waarin die naam van God nie voorkom nie of die beskerming van die Heer nie in gesoek word nie,

dan is dit al te duidelik dat die „poësie" van ons eerste digters oorwegend godsdienstig gekleurd is. Hoe kon dit ook anders wees ! Want soos aangetoon het die letterkundige en historiese agtergrond geen ander keuse gelaat nie, maar meer as dit, ons eerste skrywers en digters, die lede van die G.R.A. was almal sonder enkele uitsondering, diep-godsdienstige persone. So word van Arnoldus Pannevis gesê: „een teder Christen, die zyn God in alle ootmoedigheid en nederigheid kinderlik diende",[6] terwyl von Wielligh getuig: „alleen kan bygevoeg word dat hy 'n ernstige Christen was en ook so geleef het."[7] Die byna fanatieke pogings wat hy dan ook aangewend het om die bybel in Afrikaans vertaal te kry, alleen met die doel dat elke Christen dit kon lees en verstaan, sal sekerlik geen twyfel laat aan sy godsdiensgesindheid nie.

Was Pannevis 'n gelowige, dan het die leier van die Beweging sekerlik nie vir hom daarin agteruitgestaan nie, en daarom verklaar sy seun in later jare: „Vir Ds. Du Toit was de religie (godsvrees en godsdiens) g'n bysaak nie, maar 'n lewensbehoefte. By hom was leer en lewe nooit beskeie nie. Die belydenis van syn lippe werd deurvoel en deurleef in syn binnenste."[8] Behalwe hierdie twee het ons nog C.P. Hoogenhout aangetref, wat Dr. Nienaber meen die godsdienstigste van al die Patriotmanne was,[9] en wat natuurlik veel beteken wanneer so'n stelling gesien word in verband met dié groep godsdiensliefhebbers. Naas genoemde drie vind ons dan nog Ahrbeck, ook predikant van beroep, en D.P. du Toit wat dwarsdeur sy lewe getoon het dat hy naas die liefde vir sy taal, sy godsdienstige ideale altyd die hoogste gestel het: „Hy het 'n diep godsdienstige sin vandaar dat sy sitplek in die kerk nooit leeg is nie."[10]

Stellig!

Algemeen geneem kan daar dan ook nie vir 'n oomblik aan getwyfel word dat hierdie groepie manne die godsdienstigste uit die volk verteenwoordig het nie. „Die leiers van die G.R.A. was almal godsdienstige mense. Van elke lid is geverg geloof in die versoeningsdood van onse Here Jesus Christus..... Elke vergadering is met gebed geopen en gesluit, en op bepaalde tye en ure het elke lid die Afrikaanse saak voor die genadetroon opgedra in die gebed'[11]; en „bowendien het hulle te magteloos sonder die hulp van die Allerhoogste gevoel en so menigmaal was in hul gebede gehoor: Here, sonder U sal ons nie optrek nie."[12] Hierdie godsdienstigheid word deurgaans in hulle optrede aangetref en daarom lui die aanvang van hul manifes gevolglik ook: „Ons liewe Here het op die aarde verskillende nasies gestel en aan ieder nasie sy taal gegee .....", en dit sluit af met die woorde: „Regte Afrikaners ons roep julle op om same met ons te erken dat die Afrikaanse taal ons moedertaal is wat ons Liewe Heer vir ons gegee het ....."[13]. So pryk daar verder nog op die voorblad van die Patriot die vyfde gebod: „Eert uwe vader en uwe moeder, opdat uwe dagen verlengd worden in het land dat u de Heere uw God geeft", wyl die eerste inleidingsartiekel van Ons Klyntji afgesluit word met die leuse: Met God vir Vaderland en Moedertaal. Dit alles in aanmerking geneem gee Dr. D.F. Malherbe natuurlik die volste reg om te getuig: „Gesien in die lig van sy totale ontwikkeling, het die Beweging tot in sy laaste polsslag getrou gebly aan sy beheersende godsdienstige lewensbeginsel. Daarom het die suiwer-godsdienstige vers, waaronder ook beryming van Bybeltekste en selfs van Psalms, so'n ruim plek ingeneem onder die digwerk van die eerste skrywers."[14] Hieruit blyk dit duidelik dat aan geloof en godsvertroue dit die Patriotters geensins

ontbreek het nie en daarom kan ook al hul digwerk feitlik verdeel word onder slegs drie hoofde naamlik, nasionaliteit, taal en godsdiens,[15] met laasgenoemde oorheersend, want ook daardie werkies wat handel oor die taal en die volk dra tog hoofsaaklik die godsdienstige stempel. En so kan die Eerste Taalbeweging beskou word as 'n periode van religieuse poësie wat vanaf die eerste bundeltjie „eenvoudig, hartelyk en in godsdienstige toon,"[16] tot aan die einde, bewys gelewer het dat alles wat in skrif verskyn het die merktekens van die godsdiens gedra het.

DIE WERK VAN C.P. HOOGENHOUT.

Reeds 'n jaar of twee voor die stigting van die G.R.A. het C.P. Hoogenhout „Die geskiedenis van Josef voor Afrikaanse kinders en huis-ouers in hulle eie taal" gepubliseer. Hiermee het ons eerste Afrikaanse skrywer en digter wat dikwels sy vrye tyd opgeoffer het om aan kleurlinge die evangelie te verkondig[17] dus dadelik getoon waar sy grootste belange lê. In die voorwoord van genoemde werkie word sy jong lesers ook versoek: „As julle bid, dan moet julle ook meteens aan ons liewe Heer vra, dat die Bybel tog vertaal mag word in die Afrikaanse taal .....". Die taal en die godsdiens het hy dus beskou as die eerste en enigste lewensbron van bestaan, en al skryf Dr. P.J. Nienaber dat: „as hy sy God wou verheerlik, het hy Hom in Nederlands aangespreek"[18], dan vind ons tog dat Hoogenhout sy godsdienstigheid openbaar in byna elke versie en rympie, want hy is nie alleen deurgaans die moraliserende nie, maar hy sien die hand van God selfs in die nietigste en eenvoudigste alledaagse kleinighede. So is die ontwaking van die Afrikaanse gees om te rym vir hom 'n „vryheidslig" vir die taal, maar terselfdertyd ook 'n algemene godsdienstige

herlewing:

> Mog ons ook met die vryheidslig
> "'n Beter lig beskyn;
> Die Hoër lewenslig waarvoor
> Die duisternis verdwyn."

Hy wil sy taal, sedes en godsdiens met alle mag verdedig en in die voeg waarsku hy gevolglik die pasverskene blad en sy lesers teen 'n "vreemde en valse leer" en vuur hulle aan om vas te hou "aan Godes Woord". Terselfdertyd hou hy die volk voor om die owerheid van kerk en staat te eerbiedig en te gehoorsaam - 'n les wat die digter ongelukkig later self verontagsaam het, soos nog sal blyk.

Die verskyning van die Patriot as voorvegter vir Afrikaans het vir Hoogenhout 'n groot betekenis gehad en daarom wens hy die blad toe:

> Een lewe nuttig vir ons land,
> "Vir kerk, en staat, en sede;
> Die Here self hou jou in stand,
> En gee jou vele lede !"

In hierdie laaste twee reëls tref ons die kern-gedagte van die Eerste Taalbeweging aan, waar duidelik opgemerk word hoe die materialistiese verwar is met die geestelike en godsdienstige. Die Patriot moes die leiding op politieke sowel as godsdienstige gebied gee, dit moes die sedes en gewoontes van die volk handhaaf en dan sou God die finansiële kant aanhelp deur te sorg vir die intekenare ! 'n Meer oppervlakkige, maar tipies calvinistiese aanmatiging is nouliks denkbaar.

Die Patriot het maar 'n opdraende stryd gevoer, dog daarin sien ons digter ook die wil van die Heer en in "Nuwejaarswens aan Die Patriot in 1881" word die blad aangespoor om moed te hou en voort te gaan met die vertolking van die waarheid, omdat alleen die waarheid aan die einde van die oorwinning seker is, want :

> Dit leer die Bybel ons".

Vir hom was die koerant 'n direkte middel in die gebruik van God en daarom kon hy dit ten ene maal nie veel dat die spot daarmee gedryf moes word nie, so klink sy byna patetiese raad aan „Die noientjies van die Onderveld" wat hulle pa aangeraai het om die ding in die vuur te gooi omdat „meneer die predikant" dit „baie sleg gemaak het":

Net bidde kan 'al, bidde net,
"Dis wat nog oorskiet".

Dit blyk hieruit of die digter die twee meisies se siele reeds in die verderf sien omdat hulle dit durf waag het om die Patriot, op raad van die predikant nogal, te kritiseer.

Vir oom Lokomotief wie se verjaarsdag saam met dié van die Patriot geval het en wat 'n persoonlike vriend van Hoogenhout was, wens hy alles van die beste toe, maar veral baie lesers wat „prompt betaal", en verder:

Ek wens dat in geloof gesond,
"En op dierbaar Woord gegrond,
Jou blad ons volk mag wees tot mond.
Dat in die skool waar jy gaat werk,
Die Heer jou steune mag en sterk,
Die jeug te vorm ver Christus Kerk."

Aan die redakteur het die digter dan ook 'n hele paar gedigte opgedra wat almal dieselfde godsdienstige en moraliserende strekking vertoon het soos uit die volgende sal blyk:

Slaat jy maar jou oog
"Getrou na omhoog;
Dan kroon Hy jou werk
Ver land, volk en kerk."

of:

Ons bid met jou mee
"Om sege en vree
Ik weet jy geloof:
Geen haar van ons hoof
Val sonder Sy wil.
Dit maak ons so stil.

Vir hom was die koerant 'n direkte middel in die gebruik van God en daarom kon hy dit ten enemaal nie veel dat die spot daarmee gedryf moes word nie, so klink sy byna patetiese raad aan „Die nointjies van die Onderveld" wat hulle pa aangeraai het om die ding in die vuur te gooi omdat „meneer die predikant" dit „baie sleg gemaak het":

Net bidde kan jul, bidde net,
"Dus wat nog oversakiet".

Dit blyk hieruit of die digter die twee meisies se siele reeds in die verderf sien omdat hulle dit durf waag het om die Patriot, op raad van die predikant nog-al, te kritiseer.

Vir oom Lokomotief wie se verjaarsdag saam met dié van die Patriot geval het en wat 'n persoonlike vriend van Hoogenhout was, wens hy alles van die beste toe, maar veral baie lesers wat „prompt betaal", en verder:

Ek wens dat in geloof gesond,
"En op dierbaar Woord gegrond,
Jou blad ons volk mag wees tot mond.
Dat in die skool waar jy gaat werk,
Die Heer jou steune mag en sterk,
Die jeug te vorm ver Christus Kerk."

Aan die redakteur het die digter dan ook 'n hele paar gedigte opgedra wat almal dieselfde godsdienstige en moraliserende strekking vertoon het soos uit die volgende sal blyk:

Slaat jy maar jou oog
"Getrou na omhoog;
Dan kroon Hy jou werk
Ver land, volk en kerk."

of:

Ons bid met jou mee
"Om sege en vree
Ik weet jy geloof!
Geen haar van ons hoof
Val sonder Sy wil.
Dit maak ons so stil.

* * * *

By al wat gebeur,
"of berge ook skeur.
Daar's Een wat regeer,
En Hy is die Heer."

Hier is werklik niks meer as 'n aaneenflansing van betekenlose woorde nie, 'n powere poging om 'n godsdienstige gevoel wat uit die aard van die saak tog ook noodwendig uiters oppervlakkig moes wees, in rym uit te druk. Maar dit is verteenwoordigend van die hele periode se werk, so lank 'n woord kon gevind word wat rym met geloof, of Heer, of Almag, dan was die digter hoogs tevrede, en so was sy lesers, wat die rympie as goeie godsdienstige kuns aanvaar het, eenvoudig omdat daar woorde in aangetref is wat dikwels ook in die bybel voorgekom het.

Geleentheidsgedigte het baie bladsye in Hoogenhout se werk gevul, en daarin het hy ons deurgaans sterk aan Bilderdyk herinner, al was dit dan ook net wat betref die uitgesproke gedagte daarin:

Alweer 'n jaar verby ! So vlieg ons lewe heen.
"Dis kom en gaan vir elk. Die dood hou stand alleen.
Geen stilstand. Alles jaag met rustelose spoed,
Tot dat ons uurtjie slaan, ook ons vertrekke moet.
Hoeveel is weer gebeur die afgelope jaar !
Wie noem dit alles op? Wie tel die grote skaar?
Van moede stryders, wat verlos is van die Kruis
En ons is voorgegaan na Vaders heerlik huis?
En ons, op's Heilands bed, nog in genade tyd !
Wat pas ons dan op nu ons hart die Heer gewyd?
Kom stap ons vol vertrouw die nuwe jaar weer in;
Ja, sy met lof en dank, in Gods naam ons begin !
Dan, wat die jaar ook bring, is 't vreugde of verdriet:
Wie op die Heer vertrou, verlaat Hy ewig niet ......".

Die "Kruis" en die verlossing daarvan om te verhuis "na Vaders heerlik huis", kon net so wel afkomstig wees uit die werk van enig een van die predikante van Nederland se romantiese kuns in die jare Veertig. Bilderdyk en sy tydgenote was gedurig vol walging vir die lewe op hierdie "aardse kluit", maar tog het hulle terselfdertyd op hul temerige wyse die Godheid gedank dat hulle nog hul

„brood van smarte" op die „tranedal" kon geniet – en dat hulle dit wel geniet het was seker ! Presies dieselfde – 'n mens kan dit nie anders noem as huigelagtigheid nie – word by Hoogenhout aangetref.

Nog 'n geleentheidsgedig wat die digter se oppervlakkige lewensbeskouing weerspieël, veral as dit gesien word in die lig van latere werk wat dieselfde tema behandel, is die inseëning van Villiersdorp se predikant waar vir die gemeente voorgehou is:

„Hoor na Gods Woord, wat hy jul leer."

Die dominee is 'n „regte" leeraar en „Hy's Afrikaan in merg en bloed", daarom het „Die Heer" hom as „herder ower jul gesst", daar is dus net een keuse en dit is om die deur God aangestelde man te respekteer en hom te volg deur goed of kwaad, sodoende sal God se seën op almal neerdaal, want daar moet altyd in gedagte gehou word:

„Sy grote Naam alleen sy eer ! "

Hierdie soort rympies het byna geen perke geken nie, en selfs by die verskyning van Reitz se „Vyftig uitgesogte Afrikaanse Gedigte" laat hy sy stem hoor en volg sy gelukwensing in die gewone prekie:

En nou nog one wens met die taak wat u wag:
"Die Heer sy u lig, en u stem en u krag !
Hy maak u tot seën ! En sy eens u loon –
As alles verby is – die ewige kroon ."

Die digter het sy oog en hand gehad op die polsslag van elke aspek uit die volkslewe, en daarom dat hy so'n wye veld kon dek met sy geleentheidsgediggies; tog het almal altyd neergekom net op die een einddoel/naamlik, die verheerliking van die Afrikaanse taal wat met die hulp van God sou bloei tot 'n seën vir die ganse volk. Vir hom was die taal 'n instrument in die hande van God, en hy wat die taal nie geëer het nie moes noodwendig ook die Heer mishaag het, daarom het sy taalverheerliking altyd gepaard gegaan met 'n lofbetuiging teenoor die Allerhoogste.

Soos die predikante van Veertig in Nederland, se

was Hoogenhout ook die huislike digter wat hom besig gehou het met die dinge wat in verband gestaan het met huis en haard, en hoewel hy hom selde aan suiwer liefdesgedigte gewaag het, het sy ballades meestal 'n liefdesstrekking; en hier, soos in sy taal- en geleentheidsgediggies merk ons ook gedurigdeur die skadu van die Goddelike. „Tante Katie se dogtertjie" wat as een van sy beste pogings kan beskou word is hiervan 'n goeie voorbeeld. Die kindjie sê hy, is 'n gawe van die Heer", maar dit skyn of die digter nie heeltemal tevrede is met haar opvoeding nie, of tenminste hy vrees dat sy nie genoeg van die Heer te hore sal kom nie, en daarom sluit hy die versie af met die woorde:

O, mog tant Katie haar tog vroeg
"Tog vroeg van Jesus leer ! "

In „By 'n nessie" vertel die seuntjie aan die tingtinkie dat hy vroeër altyd met rekker, of klip of windbuks gereed was om die voëltjies die lewe te ontneem, maar nou doen hy dit nie meer nie, want op skool het hy geleer:

Dat onse liewe Heer
"ook oor die voëltjies waak."

Die doel is duidelik, die digter wat self onderwyser is weet goed hoe om dieremishandeling by seuns te voorkom, maar terselfdertyd illustreer dit ook weer sy eie godsdienstige gevoel waar hy was glo dat God ook die „voëltjies van die veld" onder sy beskerming het.

'n Ander voorbeeld van hierdie naïewe geloof is waar die vrou van 'n man wat meestal dronk is, en dan dreig om haar te laat staan, haar nood by haar moeder kla. Die moeder ken geen ander raad en troos as alleen om vir haar voor te hou:

Bid tot die Here,
"Klaag maar by Hom jou nood;
Hy kan hom kere
Sy liefde is al te groot."

Die dogter volg die raad en:

Op haar gebede
"Het die Heer" haar man gered;
Lief en tevrede
Leef hul dankbaar na Sy wet."

'n Mens kan nie help om 'n glimlag by die lees van hierdie rympie te onderdruk nie en te wonder of Hoogenhout self vir een oomblik geglo het wat hy daarin neergeskryf het !

In die bekende ballade „Helena en Eduard" roep die bruidegom sy bruid by sy vertrek toe:

Maar ek vertrou ons liewe Heer
"Bring ons weer by mekaar ! "

As die jare egter verbygaan en Eduard nie terugkeer nie, dan gee Helena byna moed op, dog na 'n lang gewag kom die held wel terug en sy eerste woorde is:

My Lenie ! God het ons behoed ! ",

en dan volg die gewone les van die digter dat die Heer almal beloon wat op Hom wag.

Na aanleiding van hoe „troue liefde beloon word" wat in „Eduard en Helena" uitgewerk is, het Hoogenhout in „Hendrik en Fidelia" vir ons 'n beter kykie in sy lewensinsig gegee wat hierdie saak betref. Fidelia se ouers was brawe mense wat hulle kinders altyd voorgehou het om „die Heer" te vrees, en daarom het hulle moontlik ook só'n flukse en gehoorsame dogter gehad. Hierdie gehoorsaamheid was vir die skrywer genoeg om hom self die vraag te stel:

En sou die Heer haar dan vergeet?
"Sou Hy haar nie beloon? "

Die beloning wat die Heer haar stuur kom nie baie duidelik in die teks uit nie, maar dit kan slegs een van twee wees, of moontlik beide, naamlik, 'n vryer, of die diamant wat talle vryers lok ! In elk geval, dit kom daarop neer dat God aan die goeie dogter altyd 'n man sal besorg, en hoe

belaglik dit ook mag skyn, dit laat geen twyfel dat dit die les is waarop Hoogenhout mik.

In „Hendrik en Lettie", 'n tema wat later ook deur ds. S.J. du Toit uitgewerk is en wat volgens die digter 'n waar verhaal uit die Transvaalse Vryheidsoorlog is, is die twee verliefdes se toekoms reeds „beslis" toe beide nog twee bog kinders was. Na veel wedervarings word hulle man en vrou:

Die huwliksdag breek eindlik aan.
"God loon hul' liefde en trou.
Die band word in Sy naam gelê,
En hul is man en vrou."

Skaars is hulle egter getroud of die oorlog breek uit en Hendrik besluit om te gaan veg;

„Vir God en Vaderland."

Die aand voor die slag van Skuinshoogte deel Hendrik vir sy swaer mee dat hy voel dat hy gaan sterf, dog: „'k weet dat God om Jesus wil, Sig myns ontferme sal -". In dieselfde asem versoek hierdie man oor wie se lippe die Goddelike naam so geredelik kom sy vriend egter om toe te sien dat sy seun wat „God" hom sal skenk, as volg moet opgevoed word:

Die kind moet sy van jongs af reeds
"'n Diepe afkeer geef
Van onse onderdrukkers - en
So opvoed - as hy leef."

Hendrik word natuurlik die volgende dag geskiet en op sy grafsteen laat sy vrou uitbeitel:

't Oog op God en 't swaard ter hand,
„Word die vryheidsvlag herplant;
Met Gods hulp en heldemoed
Maar het koste dierbaar bloed."

In hierdie ballade soos immers in al sy huislike versies, tref ons dieselfde oppervlakkige godsdienssin aan naamlik,

'n verhaaltjie met 'n sedeles daaraan verbonde waar die Heer se naam soms op die onmoontlikste plek ingesleep word, soos byvoorbeeld in die lawwe vrystorie "Oom Gert se towergoed" en die reeks "Lizzie Francis Mary & Co" met hulle "gordyntjie koppe" waarin die skrywer so'n hekel gehad het.

Een van Hoogenhout se swakste godsdienstige eienskappe is sekerlik sy propaganda wat soms sulke liederlike en beslis onchristelike afmetings aangeneem het en wat die naam van "die godsdienstigste van hulle almal" seker nie waardig was nie. Daar is reeds gesien hoe hy in "Die noientjies van die Onderveld" met minagting gepraat het van "meneer die Predikant" wat nie die Patriot wou ondersteun nie, maar dan op 'n ander geleentheid die Villiersdorpers met vuur aangespoor het om hulle domines by te staan omdat hy 'n "regte" leeraar was. Hoogenhout onderskei dus tussen twee soorte predikante naamlik, die "wares" of "regtes" wat ondersteuners van die G.R.A. is, en die "afgedwaaldes" wat die genootskap nie goedgesind was nie. Hierdie houding teenoor die predikante en die kerk word deurgaans in sy werk opgemerk, en in "Die Piekniek" kom dit sterk na vore waar hy die godsdiens uitbuit om daarmee sy politieke en taalgevoelens te propageer. Die hele buurt is feitlik by die piekniek teenwoordig waar ons ook Annie met haar "bo" wat vir predikant studeer opmerk. Ongelukkig is hierdie teologiese student nie een van die Patriot se ondersteuners nie en gevolglik vind die digter geen woorde sleg genoeg om die jong man te beskryf nie:

> Ek dog toe ek die vent hoor bluf,
> "Og, og, ons arme land ! "

en:

> Hoe kom daar van so'n bluffer ooit
> "'n Sieraad vir die kerk?
> Ek dink aan J... B... en veral
> Ook aan hul "fraaie" werk."

Dit is dus nie net die aspirant-dominee wat moet deurloop nie

maar sommer 'n reeks ander, want hy praat van die Transvaal waar 'n groot rol gespeel word

„Deur 'n predikante kliek",

en waarsku terselfdertyd die Vrystaat met die woorde:

Vertrou nie elke witte das,
„Of jul raak ook bedroë."

Die res van die gedig dien hoofsaaklik om die kêrel van Annie ćan in 'n belaglike lig te stel. Alhoewel die werkie van begin tot end 'n bitter smaak nalaat is dit grotendeels spottenderwys bedoel en kan dus wel verskoning verdien, maar in die bekende „Vooruitgang" slaan Hoogenhout 'n houding in wat in een woord gesê, afstootlik is. Dr. D.F. Malherbe skryf in die Gedenkboek oor hierdie gedig: „En wat 'n heftige aanklag het C.P. Hoogenhout geslinger teen die geestelike leidsliede wat maar tevrede toegesien het hoe die volksiel ondergaan, toe hy uitroep: „Engels ! Engels ! alles Engels ! Engels wat jy sien en hoor." 19) Maar uit godsdienstige oogpunt beskou is dit baie meer as „'n heftige aanklag", want die vir groot dele niks meer as vuil propaganda wat die een Christen gebruik om 'n andersdenkende met modder te bestook nie. Hoogenhout toon al te duidelik dat hy die godsdiens inspan as 'n wapen teen die predikante en daardie deel van sy eie kerk wat met hom verskil. Hy verdraai die godsdiens in presies daardie vorm wat dit hom sal pas, want die „verbastering" tussen Afrikaners en Engelse pak hy op die skouers van dié dominees wat Engels „uitgebrou" het in hulle kerke, en hulle dra ook die skuld van die gemeentes se sedelike agteruitgang:

„Kyk maar, hoe verdwyn die vroomheid en die ware godsdienssin!

Dog as die dogter haar vader op die sondigheid van „wyndrink"

wys, dan is dit volgens Hoogenhout die kind wat die afgedwaalde is en nie die vader nie, want: "as afstammelinge van die Franse Hugenote wat die wynstok in Suid-Afrika verbou het, was die Genootskap teen die afskaffings-beweging, en toe die teologiese professors te Stellenbosch afskaffing verkondig en Engels in Hollandse kerke nie teëwerk nie, word hulle - 'die getogade vaders' - nie gespaar nie."[20] Eie belange het dus die godsdienstige oorskadu, en as ons in aanmerking neem hoeveel wynboere as medeleds van Hoogenhout op die G.R.A. was, dan is dit heeltemaal verstaanbaar - ook wel verstaanbaar dat hy "Susan" as die afgedwaalde sal beskuldig ! Want die 'n groot sonde vir die digter dat "Susan" die hoop koester om preikantsvrou te word, veral van daardie soort predikante :

> Die syn arms kan bewege, sunnie nes 'n meulerad,
> "Stamps dat die preekstoel kraak en swete dat die droppels spat".

Natuurlik sou in hierdie preekmetode en in Susan se keuse geen sonde gewees het as die dominee net 'n ondersteuner van die Patriot was. Maar nou is die man volgens die digter nie 'n "ware leeraar" nie en sy preke gevolglik "sonder kop of stert."

In dieselfde gedig word ook nog te velde getrek teen die kerkblad "Christen" wat geweier het om kommentaar te lewer by die besoek van president Kruger en kommandant-generaal Joubert aan die Kaapse parlement:

> Maar die hooggeleerde CHRISTEN, blad vir kerk en maatskappy,
> "Had geen woordjie daarvoor ewer; die alleen het stil gebly.

Die doodsonde van die blad was dus die feit dat dit hom nie bemoei het met politieke sake nie en daarom meen Hoogenhout kan dit nooit vergewe word nie, en is sy slinkse raad aan die Patriot se lesers!

As jou predikant mog vrage : teken dan tog daarvoor in",
"Dink dan aan die Deputasie -"seker kry hy dan sy sin !

Hoogenhout se standpunt is baie duidelik, hy is naamlik verbitter teen die blad en sy redakteur ds. E.Z. de Beer omdat laasgenoemde in die sinode gestem het teen die voorstel om Hollands deur die parlement te laat erken [21], en daarom die aanval teen die "meneertjies" wat "die mooie blaadjie" uitgee. 'n Geval dus van Christen of nie, wie nie vir my is nie is teen my en moet gevolglik as vyand beskou w...d, afgesien van die leer van liefde wat ons beide aan gl... aan ander verkondig !

## SY NASIONALISTIESE VERSE.

"Calvinisme", so skryf Dr. P.J. Nienaber is 'n "strydgeloof", gebore "in 'n tyd van stryd en selfverdediging" en is "die uitdrukking van hierdie lewensbeskouing in die poësie altyd didakties of propagandisties." [22] Gesien in hierdie lig is dit byna moontlik om Hoogenhout as 'n suiwer calvinis te beskou, want in sy nasionalistiese gedigte is hy altyd die propagandis, die man wat die belange van die volk beskerm in naam van die Godheid. Die calvinistiese gedagte word dan ook reeds duidelik aangetref in die "Afrikaanse Volkslied" waaraan Hoogenhout by die opstel daarvan 'n groot deel bygedra het, [23] en waarvan Dr. Lydia van Niekerk sê: "geen brullende verheffing van eigen land, taal of zeden, alleen vreugde over 't bezit van de goede gaven, aan de Afrikaners als aan ieder ander volk door God geschonken, en 'n rechtmatige trots op alles waarin de Afrikaner zichzelf kan zyn. Nationaal is 't kalme, berustende Godsvertrouwen van de laatste kopletten." [24] Nasionaal en op God vertrouend, die duidelik, maar of dit wel berustend is, is nie so seker nie, want na daar gewys is dat elke volk se taal, land, reg en tyd deur God bepaal

word, kom die angel in die stert:

„Wie dit verag sal sy straf dra",

wyl die vierde vers lui:

„Daar is 'n Oog wat alles merk;
Hy sit die onreg paal en perk.
Hy kyk ook ons verdrukkers na
En waak ook vir Suid-Afrika."

Dis baie duidelik wat die doel met hierdie woorde is – die algemene calvinistiese opvatting dat God die eie sal seën en die vyand sal straf, m.a.w. vergelding en geen vergifnis nie!

Oor dieselfde gedig het Dr. G. Dekker ook as volg uitgewei: „Hierdie lied met sy ses strofes vertolk pragtig die ideale en strewe van hierdie manne, hulle godsdiensin: 'n Ieder nasie het sy Land, taal, sy Wet, sy Reg, sy Tyd, en dan te sindig met die ontroerende verse:

„Want al die nasies het een God.... ens."

Is dit nie opmerklik nie dat juis hierdie gedig, waarin die ideale en geloof uitgespreek word, behoort tot die min werklik ontroerde kuns wat die beweging opgelewer het?"[25]
Ons merk dadelik dat Dr. Dekker oordryf, want in die eerste plek mag dit tyd wel een van die weinige goeie werkies uit die tyd wees, maar van „werklik ontroerde kuns" is daar in verre nog geen sprake nie. Tweedens meen Dekker dat die „ontroering" juis as gevolg is van die idealisme en godsdienstigheid waarmee die opstellers besiel was, maar as dit die geval moes wees dan moet die hele Beweging se powere pogings beskou word as ontroerde kuns, want daar was nooit gebrek aan ideale en godsdienstigheid nie, veral nie aan laasgenoemde nie. Eerder moet die waarde van die werk daarin gesoek word dat dit die resultaat van 'n gesamentlike poging was deur die beste „digters" uit die tyd. Nie dat dit wil sê dat gemeenskaplike werk hoër kuns sal lewer as [illegible]

individuele ontboeseming nie, maar omdat daar van passie, individueelste emosies en uitdrukking by die Patriotters nooit sprake was nie, is die gemeenskaplike idee waarskynlik die naaste aan die waarheid. Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat daar ook in hierdie werk geen tekens van diep en suiwer godsdienstige emosies kan wees nie, en dat die lied uit religieuse oogpunt beskou net so oppervlakkig is as die res van die genootskap se werk.

"Ons Toekomstige Volkslied" bevat in 'n groot mate dieselfde gedagte as "Die Afrikaanse Volkslied", veral wat betref die godsdienssin en vertroue in die bybel:

> Die heilge Bybelboek word by ons hoog geëer;
> "Ons ag dit as die Woord van onse liewe Heer;
> Hy leer wat ons moet doen en dit is ons genoeg;
> Ons bring hom waar ons kom te same met die ploeg."

Die bybel in sy geheel was vir Hoogenhout dan ook die uitsluitlike rigting-gewende faktor in sy lewe gewees. Vir hom was God verder die Almagtige voor wie se genadetroon hy hom altyd as dienswillige neergebuig het, en die Paradys Jehovah het hy as calvinis terselfdertyd as liefdevolle Vader en verdoemende tiran aanskou, maar alleen tiran in so verre Hy Sy aardse skepsels deur straf wil lei tot die regte weg. Is dit nou so verkeerd?

Met die moeilikhede van Transvaal in 1877 en daarna, het Hoogenhout 'n hoogtepunt bereik met sy patriotiese gedigte. Die Eerste-Vryheidsoorlog het hom veral diep aangegryp en met elke oorwinning van die Boere het hy sy vreugde duidelik uitgejubel in sy verse. As tipiese verteenwoordiger van die G.R.A. was hy in hierdie nasionale gedigte niks minder gelowige as in die res van sy werk nie. Die dapperheid van die Transvalers word hoog geroem, maar bo die braafheid van die Boer stel die digter tog altyd die onsigbare hand van God wat leiding gee en wat persoonlike belang stel in die optrede van elke burger en offisier. Die president en kommandant-generaal staan volgens hom onder die Vaderlike

beskerming van die Heer, en daarom is dit buiten twyfel dat God aan elke burger reg sal laat wedervaar as die volk maar net daarvoor bid:

> Ja dit is ons gebed. Hy sal ons seker hoor.
> "Ons Regter is getrou en neig tot ons Sy oor,
> U Vader, vriendepaar, die u weer het bewaard
> Bedink dit, is die Heer van Hemel en van aard.
> En Hy sal op Sy tyd en na Sy welbehae
> Reg seker REG doen aan Sy kinders die nou klae.
> Tot Hom dan, wie kan bid, om van Hom reg te vrae?"

Van die verskillende leidende figure in die Republiek het Hoogenhout by verre weg die meeste van die president gehou, en selde het hy die kans laat verbygaan om sy held hulde te bring in die lied, maar net so selde of ooit het hy vergeet om die godsdiens daarbuite te laat. Toe Kruger in 1881 weer herkies is, was dit vir die digter 'n groot vreugde en hy het duidelik getoon dat daar geen beter persoon vir die werk kon gevind word nie, behalwe:

> Maar Een is daar, hooger,
> "Die Heer hou die wag;"

Dog dit sou geen afbreek in die prestige van Kruger bring nie, want:

> In Hom vind oom Paul
> "Sy steun en sy krag."

Die vryheid van die Transvaal het na-aan sy hart gelê en by die vertrek van die Republikeinse deputasie na Engeland smeek hy:

> O wees hul tot 'n wolkkolom,
> "En vuurkolom by nag,
> Ons oog is na die berge heen,
> Van waar ons hulp verwag."

Soos Totius later gedoen het, assosieer hy graag die Israelitiese geskiedenis met die van sy eie volk in die Noorde, en daarom vra hy die Heer om "die begeerte van ons hart" te vervul. Ewenwel herken hy dat die volk skuldig is en straf verdien, maar pleit nogtans om genade en smeek:

neem die ban tog weg." Afgesien van die digter se goeie bedoelings kan ons tog nie van die gedagte ontslae raak dat die hele gedig een lang jeremiade is, waarin Hoogenhout soos die Jode saam met hul leier Moses op die mees geslepe manier besig is om God te versoek nie. Die godsdienstige praal van die woorde vorm net 'n kors om die werklike doel— die propageer van 'n politieke idee — te verberg, suiwere godsdienstige oortuiging en diepe gevoel is buite sprake.

Wanneer die deputasie op niks uitloop nie en elkeen begin insien dat mooipraat en soebat nie sal help nie, dan vergeet Hoogenhout ook weldra dat hy tot onlangs nog gewillig was om te berus in die straf wat deur God sou opgelê gewees het, en in plaas van die volk te waarsku dat hulle teen die Heer se wense sal handel as hulle na die wapens gryp, is hy so opstandig as die res. Die godsdiens word eenvoudig nou omgedraai en waar God 'n tydjie gelede besig was om die volk te straf met die Transvaalse besetting het Hy nou van plan verander, en die Republiek onder Sy persoonlike beskerming geneem in hul stryd vir die vryheid. Hoogenhout help die vuur aanblaas met die woorde:

> Dink hoe die Heer in vroeër tyd
> "Sy volk op hul gebed,
> In doodsgevaar het bygestaan
> En uit die nood gered.
>
> Hiskia, David, Josafat,
> Dink aan die Makkabeën,
> Aan Gideons — aan ons eie volk ....
> En die nog vrees — gaan heen."

Die slag van Bronkhorsspruit loop vir die Engelse op 'n fiasko uit omdat die Tommies met te hoog opgeskuifde visiere ver oorheen skiet, maar vir Hoogenhout het dit glad 'n ander betekenis en hy stel die vraag:

> Wie sien hier nie Gods Vaderhand,
> "En Sy alwakend oog?"

Soos in alle oorloë kry die persoonlike haat by hom gou die

oorhand as word die vyand „vuige lasteraars" terwyl die burgers „dappere helde" is, besiel met „kalme erns". In teenstelling met die lawaaierige Britte is daar in die Boere geledere:

Geen vloek, geen spot, o nee !
"Die gryse vaders met hul kroos,
Bedaardig en bedaard;
Bid eers die grote Koning aan
Van Hemel en van aard."

Dit is dus te verstaan dat die Engelse in so'n geval nie die geringste hoop op oorwinning het nie, en Hoogenhout neem gevolglik sy kans waar deur te beklemtoon dat die vyandelike neerlae op die Transvaalse grens geheel-en-al aan Gods hulp te danke is. God het Engeland gestraf en verneder en:

Hy sal nog groter dade doen,
"Dat ons verbaas sal staan, -
En al die wêreld sal moet sê:-
DIE HEER HET DIT GEDAAN ! "

In al sy rympies oor die Transvaalse Vryheidsstryd tref ons dieselfde gedagte aan naamlik, dat God aan die kant van die Boere gestry het met die opsetlike doel om Engeland te straf en te verneder. In sy oorwinningsdrif is die digter dan ook grootmoedig genoeg om die eer te gee aan wie die ere toekom en daarom is sy waarskuwing aan hulle wat moontlik kan dink dat die oorwinning uit eie krag verkry : Roem g "Kêl, H

Roem geen mens - dit was Gods werk,
"Kêl, Heer sy d' eer -
'$ was God die vir die Boere stryd,
Hul vyand het verneer."

SAMEVATTING.

Niemand sal dit wil betwis dat C.P. Hoogenhout 'n godsdienstige mens was nie, maar die vraag is hier nie ter sprake hoe 'n voorbeeldige lewe die digter gelei het nie,

maar wel hoe diep en opreg sy godsdienstige gevoel in sy verse was. En wat dit betref stel hy ons diep teleur, want hoe graag 'n mens hom ook wil verdedig, tog skyn dit onmoontlik te wees sodra sy gedigte objektief gelees word, want wie dit doen/soek daarin tevergeefs na die selfbeheersende geloof, die geloof waarvoor Christus aan die kruis gesterf het – vergewensgesind, liefdevol, verdraagsaam en sonder selfverheerliking; wie na hierdie geloof in Hoogenhout se werk soek/sal dit daar nie vind nie, omdat sy gelowigheid net so oppervlakkig is, net so ondiep, so laf kan ons byna sê, as die letterkundige waarde van sy sogenaamde poësie. Maar Hoogenhout, hoe godsdienstig hy ook mag voorgestel word, se doel was sekerlik nie om sy innerlike godsdienstige gevoelslewe weer te gee nie, dog meer om die Patriot van rympies te voorsien en daardeur 'n liefde aan te kweek vir „ons taal, ons land en ons nasie". Hoofsaaklik het hy dus vir propagandistiese doeleindes geskryf, en soos dit vandag nog ongelukkig by so baie bekende Christene die geval is, het Hoogenhout sy propaganda hoër gestel as sy godsdienstige oortuiging en het hy deurgaans sy geloof in diens gestel van daardie faktore wat hy aangewend het ter verdediging van die taal, die Patriot en die nasionale vryheid. Oppervlakkig beskou lyk dit dikwels of die digter homself en die nasie te nietig ag om 'n enkele stap te doen sonder die hulp van God. Die Jobsidee van: God het gegee en God het geneem en wat God doen is goed kom herhaalde kere voor; maar tog is hierdie onderworpenheid van hom glad nie so vroom en onskuldig as wat dit lyk nie, want dikwels blyk dit dat hy God se heilige naam met opset insleep in vuil politieke getwis en enge vaderlandsliefde, sodat ons in sy eie woorde sy godsdienstigheid kan opsom:

„Mooie woorde, holle klanke, vrome praatjies geen gebrek !"

Ter verdediging kan mens wel aanvoer dat dit juis 'n bewys

is van sy groot liefde vir die volk en die taal en sy oortuiging vir die ideaal waarvoor hy gestry het. Graag word dit toegegee, want die diens wat Hoogenhout gelewer het aan die nasie en ons taal mag nooit vergeet word nie, maar dit alles het nog niks met sy godsdienstigheid te doen nie, en wil ons dit goedpraat dan kan maar net so goed die „vrome" biddae van ons teenwoordige tyd verdedig word, waarin die een groep God smeek om die „bloeddorstige" Duitsland te verdelg, terwyl 'n ander deel van die volk hul politieke opsweepery met gebed voorafgaan en daarin die Godheid herinner dat dit nou Sy kans is om wraak te neem op die inhalige Engeland. Tussen C.P. Hoogenhout en hierdie politieke godsdiensverkondigers van ons teenswoordige oorlog is daar nie die minste verskil nie – beide het van die leer van Christus 'n belaglike karikatuur gemaak, waar niemand meer kan in glo nie behalwe hulle wat met dieselfde metodes daeliks besig is om dieselfde paadjie te bewandel.

**S.J. DU TOIT.**

In vergelyking met C.P. Hoogenhout het daar uit die pen van die leier van die G.R.A. maar min gedigte verskyn, deg afgesien hiervan word sy godsdienstige oortuiging taamlik duidelik weerspieël in die wat daar is. Professor C.K. v.d. Heever sê dat die „Calvinistiese digters soos Bilderdyk en Da Costa 'n belangrike aandeel gehad (het) aan die vorming van die mens S.J. du Toit. Hy het na die groot Abraham Kuyper gekyk vir voorligting op teologiese gebied, dié het vir hom die rigting aangedui om regsinnig te bly in sy leer. Maar waar heen hy digterlike inspirasie wou put het hy opgekyk na die kolos Bilderdyk en boetprofeet Da Costa."[56]

In sy nasionalistiese gedigte toon hy geen verskil met Hoogenhout nie – die „Afrikaanse Volkslied" waaraan hy 'n

vernaamste aandeel gehad het en wat reeds bespreek is, getuig daarvan. „Transvaalse Vryheidslied", een van die weinige mooi werkies uit die periode is 'n lofsang op die Republikeinse Vlag:

> Die vierkleur van ons dierbaar land,
> „Die waai weer oor Transvaal,
> En wee die Godvergete hand,
> Wat dit weer neer wil haal !"

Wat 'n wrange humor spreek daar nie uit die laaste twee reëls van hierdie vers as ons dink aan die groot aandeel wat die digter twintig jaar later gehad het om die „dierbare" vlag te help neerhaal nie ! Maar in 1880 het S.J. du Toit die vrywording van Transvaal gesien plaasvind onder die beskermende hand van God – net soos hy in 1900 die verlies van die onafhanklikheid in presies dieselfde lig aanskou het – daarom kon hy in die eerste geval uitroep:

> En met Gods hulp het ons die juk
> „Van Eng'land afgegooi ....",

en sodoende het

> Die Heer ons weer verlos !
> „Ons gee Hom al die eer."

Deurgaans in sy werk beskou hy die Afrikaners as die uitverkorenes van die Heer, en soos die Israeliete van ouds so sien hy sy volk voortbeweeg onder die spesiale beskerming van God. In „Dit is Gods vinger" laat hy duidelik sy opvatting oor hierdie saak blyk wanneer hy skryf:

> Nooit was hier in ons land,
> „So sigbaar Godes Hand,
> As nou in die Transvaalse stryd.
> Dit word nou sigbaar wyd en syd
> Wie kan dit nog betwis,
> Dat hier Gods vinger is ?"

In elke slag wat gelewer word sien hy soos Hoogenhout, die bestierende Almag van God en selfs in die sekure vuur van

die burgers, wat hulle hele lewe lank op die velde deurgebring het en met 'n geweer meer vertroud is as 'n moeder met haar kind, word aan die wil van die Godheid toegeskryf wie se doel slegs die vernedering van Brittanje is. Met volle vertroue klink die digter se oortuiging dus:

Die Heer is aan die spits;
"Met donder en met blits
Stry Hy vir die Transvaalse Boer.
Waartoe meer legers aangevoer?
Nee, buig, buig Britse trots !
Erken die vinger Gods !"

Die geskiedenis van "Hendrik en Lettie" het hy ook verwerk soos Hoogenhout gedoen het en hulle huwelik wat gesluit het na baie beproewings skryf hy toe aan die feit dat hulle beide steeds op God vertrou het.

Want wie sy hulp van God verwag,
"Ontvang van Hom vir alles krag."

As Hendrik na die slagveld moet gaan dan Lettie se berusting alleen in God omdat sy weet:

Hy voer deur menig doornig pad
"My moeë voet;
Gaan Hy met my, elk tranedal
Is my dan soet."

"Liedjie van 'n Voortrekker" is in hierdie opsig baie mooier as die ballade van Hendrik en Lettie, grotendeels omdat ons hier alleen 'n geskiedkundige waarheid aantref ontbloot van alle bykomende gegool van "Godes hulp", wat op slot van sake niks anders as oppervlakkigheid aandui nie. Hier is slegs die eenvoudige kinderlike geloof van die Voortrekker, en daarom staan dit as weergawe van die digter se godsdienstige gevoel baie hoër as die ydele praal van sy ander werk. Suiwer en opreg klink die Trekker se woorde :

Ek sit my Bybel in die kis
"My roer hang aan die tent,"

die burgers, wat hulle hele lewe lank op die velde deurgebring het en met 'n geweer meer vertroud is as 'n moeder met haar kind, word aan die wil van die Godheid toegeskryf wie se doel slegs die vernedering van Brittanje is. Met volle vertroue klink die digter se oortuiging dus:

"Die Heer is aan die spits;
Met donder en met blits
Stry Hy vir die Transvaalse Boer.
Waartoe meer legers aangevoer?
Nee, buig, buig Britse trots !
Erken die vinger Gods !"

Die geskiedenis van "Hendrik en Lettie" het hy ook verwerk soos Hoogenhout gedoen het en hulle huwelik wat gevolg het na baie beproewings skryf hy toe aan die feit dat hulle beide steeds op God vertrou het.

"Want wie sy hulp van God verwag,
Ontvang van Hom vir alles krag."

As Hendrik na die slagveld moet gaan dan is Lettie se berusting alleen in God omdat sy weet:

"Hy voer deur menig doornig pad
My moeë voet;
Gaan Hy met my, elk tranedal
Is my dan soet."

"Liedjie van 'n Voortrekker" is in hierdie opsig baie mooier as die ballade van Hendrik en Lettie, grotendeels omdat ons hier alleen 'n geskiedkundige waarheid aantref ontbloot van alle bykomende gegool van "Godes hulp", wat op slot van sake niks anders as oppervlakkigheid aandui nie. Hier is slegs die eenvoudige kinderlike geloof van die Voortrekker, en daarom staan dit as weergawe van die digter se godsdienstige gevoel baie hoër as die ydele praal van sy ander werk. Suiwer en opreg klink die Trekker se woorde :

"Ek sit my Bybel in die kis
My roer hang aan die tent,"

en:

So ry ek voort oor berg en dal,
"Gelukkig in my lot;
My Vaderland is oweral,
En oweral my God;
Reis ek dus op my osswa,
Ek dank my God vir Sy gena."

Na die week se trek agter die rug is dan word Sondae onder die groot bome uitgespan wat terselfdertyd as kerk moet dien, die bybel word uit die wakie geneem en dan:

Ons sing en bid daar by my wa,
"Soos kinders by die kruis van Golgotha."

G'n ander gedig van ds. du Toit wat oor die Vryheidsoorlog handel kan met hierdie verse vergelyk word wat egtheid betref nie, maar ongelukkig kon die digter ook hier nie sy persoonlike politieke gevoel onderdruk nie, en so tref ons in die laaste twee strofes weer die propagandistiese aan wat kenmerkend was van die werk van die hele Beweging.

ANDER DIGTERS VERWANT AAN HOOGENHOUT EN DU TOIT.

Dis byna onmoontlik om elke digter uit die eerste periode afsonderlik te bespreek, maar dis ook heeltemal onnodig, want as Hoogenhout se werk nagegaan is sal dadelik gemerk word dat hy nie alleen die verteenwoordiger van sy tyd was nie maar dat hy net soos Bilderdyk in Nederland die voorbeeld gestel het en dat die res van die rymelaars hom byna slaafs nagevolg het. 27) In werklikheid bestaan daar dus geen verskil tussen Hoogenhout en du Toit se werk en dié van die minder bekendes s'n, beide wat betref vorm en inhoud nie.

"Lied van die Voortrekkers" wat vir groot dele feitlik woordeliks uit psalm 130 oorgeskryf is, bewys verder die onoorspronklikheid van hierdie eerste digters. Dit was geen diep-oortuigend godsdienstige gevoel wat die digter genoop het tot skrywe nie, maar slegs 'n kopiëerdery van werk

wat eeue gelede reeds deur Nederlandse sangers geuit is. Daar is dus geen sprake van geheiligde emosie nie, die een kon dit net so goed as die ander gedoen het, of hy nou al 'n gelowige of 'n totale skeptikus was. Dikwels is hierdie afskrywery dan nog uit verband getrek sodat dit kon inpas by die digter se politieke sienswyse. Luister maar na die volgende:

Hoop op die Heer jul vrome !
"Is Afrika in nood,
Daar sal verlossing kome;
Sy goedheid is seer groot.
Hy maak op ons gebede
Heel Afrika eens vry
Van hul, wat ons vertrede,
Dan leef ons vry en bly."

Dis duidelik dat die vers nie as 'n loflied bedoel is nie, maar eerder as 'n stukkie propaganda teen "hul, wat ons vertrede"! Dieselfde gedagte word in "Transvaalse lofpsalm" gevind, maar die doel is hier baie minder bedek en dis sommer reguit:

D' oog op God en d' swaard ter hand,
"Word die vryheidsvlag herplant,
Deur God's hulp en heldemoed; -
Maar dit kostte dierbaar bloed.
Laat die skone vierkleur wappre,
Trou bewaak deur d' Alsiend Oog;
Hys haar op, hoog, hoog, omhoog !
God sy d' eer, en dank die dappre !"

Volgens hierdie aanhalings is daar nog talle voorbeelde te vind wat direk afkomstig is uit die psalm- en gesangboek of die bybel en waar soms die vers en teks self aangegee word, alles egter met 'n duidelike kleur van propaganda wat gemik is teen politieke teenstanders.

Die Vryheidsoorlog het nie net vir Hoogenhout en ds. du Toit aangegryp nie, maar vir byna elke digter wat sy bydrae in die Patriot geplaas gekry het, en net soos die twee leiers opgetree het, so het ook die res gedoen; elke Boereoorwinning word uitgejubel en in elkeen daarvan word die hand van God gesien. By die anneksasie van die

Republiek voel die volk verslae, maar "'n Vriend van oom Jan" wys hul op die "Woord van God," en meen dat daar maar net een ding kan gedoen word naamlik om te wag "op die Heer". Republikein kan egter nie so geduldig wag nie en hy roep die onderdruktes toe met die woorde:

> Maar merk en let tog op Sy spraak,
> "Gedenk aan Isandhlawana's wraak.
> Ons wil weer vry,
> Daar bly ons by;
> En aan ons sy
> Sal God self stry."

Net soos elkeen van hierdie digters die vinger van God aan die trekker van die ou martini's gesien het, so sien hulle almal ook die pen in Sy hand waar hy besig is om te stry vir die behoud van die taal deurmiddel van die Patriot, en "Jonge du Preez" rym:

> O Patriot !
> "Belag d' spot
> Van d' ape-rot -
> Vertrou op God,
> Werk voort maar tot
> die mense heil, en eer van God."

Naas die Patriot het die Gedenkskool 'n vername rol gespeel en is dit aanskou as 'n instrument in die hande van die Heer waarmee Hy die taal help bevorder het. Die opening van die skool het P. laat skryf:

> Kom vriende, kom kinders, kom sing almal saam
> "Kom prys en kom lowe die Here se Naam,
> . . . . . . . . . . . .
> Gedenkskool geopen? Die werk van die Heer.
> Sy bystand was sigbaar,- wat wens julle meer?"

Die suiwer-godsdienstige versies van die tyd toon nie veel verskil wat betref hul religieuse waarde met die oor die taal en die nasionale saak nie, behalwe dat die propagandistiese daarin afwesig is. Die beste hieronder is beslis die van J.D. Cilliers en wel die bekende "Golgotha" en "Die Christense Roem". Eersgenoemde wat na aanleiding van Johannes 19 : 17 geskryf is vertel die lydensdrama van

Jesus en roep die mensdom tot aandag met die woorde:

Na Golgotha, na Golgotha !
"Waar die kruispaal staan geplant;
Waarheen ons alles roep en maan,
Di. lewenspad ons word gebaan,
Na d' hemels Vaderland."

Dit is nog tipiese Patriotwerk, maar tog word hierin reeds die eerste spore van besieling gevind, en wat meer is, die digter gee nie sy godsdienstige oortuiging weer met een of ander bybedoeling nie, maar probeer werklik om slegs die aangrypende kruisverhaal voor te stel as simbool van redding en uiteindelike vreugde. Daarom dat 'n vers soos die volgende ook onmiddellike inslag vind:

Juig o my siel ! Sy liefd' is groot
"Veel groter as jou skuld !
Sy liefde is oneindig groot,
Sy liefd' is sterker as die dood,
Wat d' hart met weemoed vult."

Uit hierdie oogpunt beskou is "Die Christen se Roem" as godsdienstige gedig minder geslaagd, want die grotendeels 'n koue beredenering wat min indruk maak en alleen 'n gevoel van onegtheid laat.

Dieselfde gedagte van 'n onegte geloof kom by ons op wanneer die gediggies van Jepete gelees word, die idee daarin vervat klink baie onoortuigend veral as hy voorgee dat lye en smart bestaan omdat dit God sou behaag en omdat Jesus ook moes ly. Die res van hierdie eerste digters se werk is oor die algemeen uiters swak en onbeholpe. Die niks anders as volkskuns in die suiwer betekenis van die woord nie en die religieuse waarde daarvan is alleen te vind in die reeks opmekaar-gestapelde rymwoorde soos goed en bloed, God en lot, sonde en wonde ensovoorts. Die mooiste van hierdie groep is sekerlik C.P. Hoogenhout se "Sondagmore lied" waarin die digter duidelik getoon het dat as hy sy siel suiwer wou verhef het tot sy Skepper, sonder bybedoelings en geklike propaganda, hy deeglik instaat was om werk te lewer

[illegible] kan dit nie so [illegible] word as d S. [illegible]

wat vor bokant dit gestaan het wat gewoonlik van hom afkomstig was. Luister maar na die twee slot strofes van genoemde gedig:

"En waaksaamheid,
Gee ons beleid
Leer ons op U vertroue
Ja leer ons, Heer !
Om meer en meer,
Ons hoop op U te boue.

Maak ons bereid
Vir d' ewigheid,
Bewaar ons hart en sinne,
Help ons in nood,
Bring by ons dood,
Ons in U Hemel binne.

**M.H. NESER.**

In sy inleiding by M.H. Neser se „Novelles, Verhale en Gedigte", skryf die samesteller dat Neser nie gedig het oor godsdiens, taal of nasionaliteit soos die Patriotters nie, en verder dat hy „wat sy godsdienstige beskouinge betref tot 'n mate 'n vrydenker kan genoem word".[26] Die vir 'n groot mate waar, want by die lees van sy gedigte vind ons selde daardie byna banale godsdienstigheid van sy voorgangers, en waar hy wel gebruik maak van die begrip „God" of „Heer" is dit meer om die volkstaal te versterk as juis 'n weergawe van sy persoonlike gevoel. En tog tref sy vrydenkersidee die objektiewe leser soms dieper, want dit is of hy daarin nader aan die mistieke waarheid kom as meeste van die „gelowiges" in hulle oordrewe godsdienstige gesanik. 'n Gedig soos „Die Reënboog" waarin hy die sinnebeeld van die bestier van God sien is vir my mooier as enig iets wat Hoogenhout ooit geskryf het:

Aanskou die fraaie reënboog,
"So trots daar aan die hemel hoog
Tot verlustiging vir ons oog.
Die pronkstuk van Gods skoon natuur,
'n Sinnebeeld van Sy bestuur,
Wat pryk in aand - en more-uur.

Hy staan as teken van Gods mag
Met sy veelkleur'ge skitterprag
Sowel by dag as ook by nag.

Jy sien hom soms by maneskyn,
Verrukkend skoon vir groot en klein,
Wanneer 'n reënstorm verdwyn."

Behalwe die laaste vers wat minder geslaagd is, is hierdie gediggie vir die jaar 1896 nie alleen van hoë kunswaarde nie, maar die gedagte daarin gebesig is verrassend en 'n mens wil dit byna nie waag om te beweer dat Neser die Gods figuur ook beskou het as: "So trots daar aan die hemel hoog", wat vir meeste gelowiges tog alleen daar is as 'n "verlustiging" vir die gees nie ! Maar afgesien hiervan het die gediggie 'n dieper agtergrond as wat met die eerste oogopslag merkbaar is en die vrydenkersgedagte is duidelik merkbaar.

In "'n lente aandmymering" waar natuurbeskrywing weer die hoofdoel is - iets wat selde of ooit by sy tydgenote aangetref is - gee Neser 'n baie mooi weergawe van die Boeredorpie met sy klokkegelui:

Uit die dorpie in die dal
"Kom d' trillende stem van 'n klok.
'n Teken dat daar al
Die siele word na kerk gelok."

Hier is niks bewus-godsdienstig in nie en tog merk ons die hoëre gedagtegang van die digter dadelik. Die volgende vers is 'n beter bewys daarvan:

In 'n vloed van goue lig
"Swem d' wolkies aan die weste kant.
O, wat 'n groots gesig !
'n Hemels pragstuk van Gods hand !"

Is hierin nie iets aangrypender as die skale godsdienstigheid van die Hoogenhout-groep nie? Neser sien die Goddelike nie soos die ander in die politiek en die taalstryd nie, maar wel in die kleure van die reënboog of in ons Suid-Afrikaanse sonsondergang, en hy hoor die stem van God in die suiwere klanke van die kerkklok - voorwaar, hier het ons die eerste tekens van die panteïsme wat vandag reeds goed op pad is om die calvinisme te verdring.

F.W. Reitz.

As president Reitz by Neser vergelyk word, veral in sy oorlogsgedigte, dan gaan ons weer 'n groot stap terug na die Patriotters, want ook hy het dikwels sy politieke teenstanders deur 'n propagandistiese godsdiensbril beskou en tussen hierdie verse van hom en die wat twintig jaar vroeër oor die Vryheidsoorlog verskyn het is daar geen verskil nie. Die moeders in die konsentrasiekampe word geroem omdat hulle die mans te velde gedurig aangespoor het om:

„God te vertrou - en vas te staan !"

Sy profesie is gevolglik:

Vroeër of later kom die dag
"Waarna ons Volk so vurig smag
God sal die dwingland self verslaan,
Vertrou op Hom en bly vas staan !"

Dis presies dieselfde gedagte as wat ons by die Patriotters in 1880 gevind het, en net soos hulle geglo het dat die Transvaal die oorwinning met die hulp van God sou verkry, so glo die ou president ook dat die Boere weer sal seëvier omdat hulle onder die beskerming van die Godheid veg.

Die kommando's se swerwerslewe op hulle daelikse rantsoen van 'n potjie karige kaboemielies, het so'n indruk op die digter gemaak dat hy nie anders kon as om in hierdie nietige voedselsoort ook Gods seënende hand te merk nie, daarom hef hy 'n loflied aan oor „Die mieliepit".

Die mielieplant,
'Is deur Gods hand
Aan ons Transvaal gegewe."

Mielies, sê hy, gee aan elkeen „drank en voedsel", maar let op, in teenstelling met Hoogenhout wat die druiwesap nie genoeg kon aanprys nie - in matige hoeveelhede natuurlik - skryf Reitz:

Gode sy dank
"Nie die soort drank
Wat deur ou Marks gestook is."

Die mielie is daarom een van die faktore in die Stryd:

"Waarvoor ons God moet lowe."

Na aanleiding van die dood van kommandant Spruyt skryf Reitz sy "In memoriam" wat met tipiese bybeltaal begin:

Die Engel des doods is weder gekomen
"In ons midden ....".

Die gesneuwelde offisier het op Saterdagaand geval om: "die ewige Sabbat" te "geniet by sy God". Dit was die "Alwyse" se begeerte dat die kommandant moes sterf en daarom het sy burgers ook nie getreur nie:

Want hy wat volhard tot die eind van sy lewe,
"Het die Here God self 'n belofte gegewe."

By die oorsteek van die spoorweg deur die burgers onder baie moeilike omstandighede en terwyl die kakies "uit forte en slote" skiet, verloor die kommando tog feitlik niemand nie. Hierdie insident is vir die digter 'n vingerwysing en die volgende môre is sy eerste gedagte om God daarvoor te dank:

Hou stil, die son is gerese,
"Ons doen nou 'n dankgebed,
Gods Heilige Naam sy geprese,
Hy het ons alweder gered.

Ja, Hy, die heer der Heirskare,
Ons Vader, so mild en so teer,
Hy red ons uit alle gevare,
En verlos ons ook keer op keer !"

Al is Reitz heftig gekant teen die "Handsupper" en beskou hy dat die galg 'n te maklike dood vir hierdie "Kains" is, dan verloor hy darem nie moed nie en spoor hy die volk aan om hul man te staan, want soos die profeet van ouds meen hy ook:

Is daar duisende nog, die nimmer aan Baal
"Die knieë sal buig; maar wat dit ook kos
Getrou sal staan, totdat God ons verlos."

Dog as dit blyk dat al die swaarkry verniet was en dat die vierkleur saam met die dappere „vedwenen (is) in een eervol graf", dan kan die president met al sy Gods vertroue tog nie daarin die wil van die Allerhoogste sien nie, want in teenstelling met sy voorgangers 'n kwart-eeu gelede, soek ons na daardie versekering tevergeefs in sy oorlogsgedigte.

ALGEMENE OORSIG EN SAMEVATTING.

Die kritiek wat vir G.P. Hoogenhout se godsdiensgekleurde verse geld, moet ook van toepassing wees op die werk van die hele tydperk van 1870 tot omstreeks 1905. Dit mag wel onnodig hard klink, veral vir 'n Afrikaner met sy sensitiewe gevoel vir die godsdiens en sy liefde vir die volksverlede, maar hoe graag die saak ook in 'n ander lig wil beskou word, is daar tog, indien ons objektief beoordeel, niks aan te verander nie. Dis nou eenvoudig waar, die godsdienstige poësie, afgesien van die letterkundige waarde daarvan, het geen gevoelsdiepte geopenbaar nie. Daar mag beweer word, soos die geval vandag ook algemeen is, dat die werk uit hierdie tydperk alleen uit 'n volkskundige oogpunt moet beskou word, naamlik dat dit suiwer volkskuns is waarop kritiek van die kultuurkuns geensins van toepassing is nie, want net so min as wat ons die werk van die Patriotters in die algemeen sal beoordeel volgens ons teenwoordige kritiese maatstawwe, net so min durf ons hul godsdienstige opvatting daarin kritiseer met die moderne ontleedmes. Maar dit is hier ook nie gedoen nie, want nêrens is probeer bewys dat een of ander godsdienstige uiting kuns van 'n hoë of swak gehalte is nie, daar is slegs gepoog om te bewys dat die godsdienstige gevoel oneg is. Die gedig is dus nie beoordeel nie, maar wel

die godsdienstige oortuiging daarvan. En hierdie oortui-
ging van die digters soos in hul werk geopenbaar is, sou
bes moontlik niks anders gewees het as wat dit was nie, al
was die Patriotters deeglik geskoolde kunstenaars met ge-
slagte van godsdienstige digters voor hulle. Die Neder-
landse digkuns het dit reeds bewys, want hoe was dit ge-
steld met die predikantdigters van Veertig? Hulle het eeue
van kultuur gehad om op te steun en tog skryf Kloos in sy
beroemde opstel „Over Kritiek" oor die dominees : „O, de
naam Gods is, zoowel in eentonige verzen, als in weinig-
zeggende proza, gedurende een groot deel der negentiende
eeuw, op een zeker niet gewilde, maar daarom toch niet
betreurenswaardige wyze, door tal van ordentelyk-godsdien-
stige schryvers schromelyk misbruikt. Terwyl men dien
naam toch alleen-maar dan behoorde te noemen dien naam voor
velen het Allerhoogste en Diepste wat bestaat, indien hy,
hetzy kon klinken als een donderslag van overweldigend ge-
voel, hetzy kon ruischen als een verrukkende zefier vol
zoete geuren, maar die nooit in rhetorische of saaie rymen,
of lang-uitgetrokken proza, dienen mag als relief voor
ongevoelde, honderdmaal reeds herhaalde praatjies, waar men
zyn oogen by uit te vryven zit."[29] En waarom het
Bilderdyk en sy reeks van volgelinge sulke powere figure
geslaan? Alleen omdat hul godsdienssin oneg was. Uit
gewoonte het hulle na die kerk gegaan, (of omdat dit hulle
broodverdiening was) uit gewoonte die naam van God aange-
roep en ook uit gewoonte hierdie naam in hulle verse aange-
haal tot vervelens toe, en sodoende 'n misbruik daarvan
gemaak. Diepte en innerlike ontroering, opregte en sui-
were gevoel het hulle ontbreek, want hulle geloof was 'n
lippe-godsdiens en het nooit gevloei uit die diepste roer-
sele van die siel nie.

By ons eie digters van die Eerste Taalbeweging is
ongeveer dieselfde verskynsel aangetref. Hulle rympies

het gewemel van die woorde God, Heer, Christus, Sonde belydenis en sulks meer, maar wie in daardie gestemelde misbruikmaking van Gods naam die ware Christelike opregtheid meen te sien moet dit alleen uit 'n politieke oogpunt beskou, want as dít kan aangeneem word as geloof en Afrikaanse godsdienstigheid, dan moet ons ook gereed en gewillig wees om die propagandistiese krete en slagspreuke wat vandag oor die hele wêreld in die naam van die gekruisigde Christus uitbasuin word, aanneem as egte en suiwere gelowigheid, want net soos hierdie skynheilige kerkvaders probeer om met hulle „godsdiens" hulle land en volk te probeer dien, net so het die Genootskappers van die einde van die vorige eeu hulle eie doel probeer bevorder deur die naam van God in te sleep tot selfs in die nietigste kleinlikhede, en daardeur het hulle in plaas van vals godsdienstigheid te toon, die godsdiens goedkoop en bespotlik voorgestel.

Byna elke skrywer en kritikus oor hierdie tydperk lê klem op die godsdienstige lewe wat die lede van die G.R.A. gelei het, en dit is dus maklik om tot die gevolgtrekking te kom dat hul oppervlakkige politieke calvinisme nie in hulle persoonlike lewenswyse moet gesoek word nie. Maar hét hierdie manne so'n godsdienstige lewe gelei? Was dit nie dikwels juis die teenoorgestelde nie, en moet ons nie hierin die mislukking van hul godsdienstige verskuns soek nie? Die Tagtigers het duidelik die stelling van die aller-individueelste ekspressie van die allerindividueelste emosie vasgelê, maar as die emosie dan nie suiwer en eg en heilig is nie, hoe sal die uitdrukking dan suiwer en opreg wees? Laat ons die feite uit historiese oogpunt beskou sonder om deur sentiment op 'n dwaalweg gelei te word; dan sal gevind word dat die godsdienstige lewe wat ons eerste skrywers gelei het glad nie meer so religieus is as wat graag aangeneem word nie. Totius

skryf : „Die ware aanleiding tot die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners en die ontstaan van die hele Afrikaanse Taalbeweging was die begeerte om die Bybel in ons volkstaal te kry."[30] 'n Pragtige ideaal en 'n grootse poging. Maar hoeveel getwis het hierdie poging nie veroorsaak nie? Watter heftige aanvalle is daar nie deur die sinode teen ds. du Toit gedoen nie, en hoe het laasgenoemde nie terug geslaan en selfs sy eie kerk wat hom nie wou steun aangeval nie ! 'n Huis wat onder hom self verdeel is kan nie bestaan nie, dit kan ook nie 'n godsdienstige huis wees nie, allermins 'n Christelike huis. Maar die onenigheid het nie net bestaan tussen twee Christelike opposisie groepe nie, dit het dieper geetrek en die twee leiers, die manne wat die groot werk moes aanpak het so getwis dat Pannevis sy bedanking ingedien het terwyl ander predikante gepraat het van „godslastering" en „heiligskennis."[31]

Ds. S.J. du Toit se persoonlike en publieke lewe getuig dikwels ook van alles, behalwe van 'n voorbeeldige godsdienstige gedrag, en dit is byna skandalig om hom op alle moontlike geleenthede voor te hou as 'n soort van semi-god, die „siel" van die hele Beweging. Wie „Weg en Werk" van Totius lees en nie met blindheid geslaan is nie, sal moet saamstem dat hierdie man nie altyd normaal was nie; sy vroegste jeug soos deur sy seun later beskryf het alreeds die eerste simptome van afwyking getoon en sy latere godsdienstige oortuiging, veral wat betref die predestinasieleer was byna belaglik.[32] Want hoewel hy geglo en daelike gebid het dat hy 'n uitverkorene moes wees het hy tog soos 'n Ismael geleef wie se hand teen almal gekeer was. Na sy Transvaalse avonture het hy werklik probeer om so haatlik as moontlik op te tree, en sy openlike ondersteuning van Rhodes en die feit dat hy Engeland opgesteek het om oorlog teen die Republieke te verklaar[33], is nie

volkerepolitiek afkeurenswaardig nie, maar die uit Christelike oogpunt beskou die werk van 'n Judas wat sy weldoener, meer nog, sy eie bloed, verraai het met 'n kus.

Dit sou nog moontlik wees om die dominee na alles wel te vergewe, maar dat hy sy optrede uit die bybel probeer verdedig is te verregaande ! „Transvaal", se skryf hy, „heeft ongerechtigheden die hersteld moeten worden; dit is wat Engeland eist; weigert Transvaal dit volhardend, en komt het tot oorlog, dan stryd zy niet voor recht, maar voor onrecht, en kan dus op Gods hulp niet rekenen, en dan vrezen wy de ergste gevolgen; daarom roepen wy haar toe om toe te geven aan Engelands rechtvaardige eisen en niet ten stryde te trekken. En met deze verklaring zyn wy bereid het Godsoordeel af te wachten......."[34] Watter uiterste fariseïsme is dit nie ! God sal die „regverdige" Brittanje tot hulp kom net soos Hy natuurlik in 1880 die Boere tot hulp gewees het. Ons verstaan nou beter waarom E.C. Pienaar geskryf het: „selfs met die kerk waarin hy as predikant georden gewees het, het hy dwarsgetrek,"[35] en waarom Onse Jan hom vergelyk het met 'n bok, want „alles waaraan hy kom vrek."[36]

Uit hierdie gesigspunt beskou skyn dit of Dr. Dekker die bal effens misgeslaan het as hy beweer dat ds. du Toit „'n onvermoeide vegter (is) vir die heilige regte van sy taal omdat hy Calvinis is, omdat hy die taal beskou as 'n van God gegewe kleinnood, omdat hy dit as die plig van iedere Christen beskou om daaraan saam te werk dat hierdie taal die rol sal speel wat God dit in sy ewige raadsbesluit toegeken het."[37] Dis hier 'n duidelike bewys van hoe sommige van ons kritici die waarheid verdraai, want beskou ons Dr. Dekker se stelling in die lig van du Toit se latere optrede dan sien ons die belaglikheid daarvan, 'n taal moet tog uit die volk kom, maar as die volk vernietig word sal daar as vanselfsprekend geen taal wees nie, al is

dit ook „'n van God gegewe kleinood." Maar wat meer is, waarom het die beroemde taalvegter wat al sy optredes altyd wou sien in Gods lig dan nie die taal as 'n instrument van God beskou toe hy „Het Dagblad" begin uitgee het nie? Was Afrikaans in 1880 deur God geïnspireer om gebruik te word deur alle Christene, maar skaars 'n twintig jaar later nie goed genoeg vir sy nuwe blad nie? Dit lyk in elk geval nie na 'n „ewige raadsbesluit" van God nie.

Daar is baie meer aantygings teen ds. S.J. du Toit in te bring,[38] maar die bogenoemde is reeds genoeg om aan te toon dat hy geensins so'n opregte Christen was as wat graag wil voorgegee word nie. En hoe sou dit vir hierdie man moontlik wees om suiwer-godsdienstige verse te lewer - hoe kon hy dit doen met 'n hart wat opgevreet was deur giftige venyn ! Daarom ook dat sy godsdienstige werk net soos die van Hoogenhout niks anders is as ydele en betekenlose woordspelery nie - 'n misbruikmaking van Gods naam.

Die beskuldiging teen ds. du Toit kan gelukkig nie op al die lede van die G.R.A. toegepas word nie, maar tog is die algemene optrede van die Genootskap ook nie heeltemal vry te spreek nie, want daar was baie dinge wat nie juis as 'n Christelike lewensbeginsel kon beskou word nie. So is selfs hulle strenge geheimhouding af te keur - as hulle voorgegee het sulke gelowige Christene te wees dan was dit sekerlik nie nodig nie, Christus het nooit Sy leer agter geslote deure verkondig nie en die teenstand wat Hy moes ondervind was sekerlik oneindig groter as die van die Genootskap. Baie ander dinge het ook plaasgevind wat nie te vereenselwig was met die Christelike beginsels nie, want: „nie alleen was die verengelste Hollandse Afrikaners belaglik voorgestel nie, of die hoogmoedige behandeling deur die siviele diens gehekel nie, of die ondoeltreffende skoolstelsel aangeval nie, maar ook die predikante van die Hollandse kerk met hulle Engelse huistaal en Engelse preke

dit ook „'n van God gegewe kleinood." Maar wat meer is, waarom het die beroemde taalvegter wat al sy optredes altyd wou sien in Gods lig dan nie die taal as 'n instrument van God beskou toe hy „Het Dagblad" begin uitgee het nie? Was Afrikaans in 1880 deur God geïnspireer om gebruik te word deur alle Christene, maar skaars 'n twintig jaar later nie goed genoeg vir sy nuwe blad nie? Dit lyk in elk geval nie na 'n „ewige raadsbesluit" van God nie.

Daar is baie meer aantygings teen ds. S.J. du Toit in te bring,[38] maar die bogenoemde is reeds genoeg om aan te toon dat hy geensins so'n opregte Christen was as wat graag wil voorgegee word nie. En hoe sou dit vir hierdie man moontlik wees om suiwer-godsdienstige verse te lewer - hoe kon hy dit doen met 'n hart wat opgevreet was deur giftige venyn ! Daarom ook dat sy godsdienstige werk net soos die van Hoogenhout niks anders is as ydele en betekenlose woordspelery nie - 'n misbruikmaking van Gods naam.

Die beskuldiging teen ds. du Toit kan gelukkig nie op al die lede van die G.R.A. toegepas word nie, maar tog is die algemene optrede van die Genootskap ook nie heeltemal vry te spreek nie, want daar was baie dinge wat nie juis as 'n Christelike lewensbeginsel kon beskou word nie. So is selfs hulle strenge geheimhouding af te keur - as hulle voorgegee het sulke gelowige Christene te wees dan was dit sekerlik nie nodig nie, Christus het nooit Sy leer agter geslote deure verkondig nie en die teenstand wat Hy moes ondervind was sekerlik oneindig groter as die van die Genootskap. Baie ander dinge het ook plaasgevind wat nie te vereenselwig was met die Christelike beginsels nie, want „nie alleen was die verengelste Hollandse Afrikaners belaglik voorgestel nie, of die hoogmoedige behandeling deur die siviele diens gehekel nie, of die ondoeltreffende skoolstelsel aangeval nie, maar ook die predikante van die Hollandse kerk met hulle Engelse huistaal en Engelse preke

in Hollandse kerke moes dit deeglik vergeld," [39] en verder: "(Die Patriot) het die wat hom vertrap het getakel en die kop gewas. Op die gebied van taal, kultuur en politiek het sy teenstanders hom nie gespaar nie, en hy hulle ook nie," [40] tot die kerk naderhand verplig was om die blad te wys op sy ongodsdienstige pogings "om agterdocht tegen en minachting voor de leeraren onzer kerk en hun werk.... te verwekken." [41] Hierdie houding van die Patriot en sy redaksie kan sekerlik nie gekritiseer word uit taalkundige of politieke oogpunt nie, maar volgens die suiwer Christelike leer van liefde en verdraagsaamheid is daar wel veel teen in te bring. Hulle persoonlike getwis was verder, in een woord gesê skandalig, want nie alleen is verwyte, afguns en haat op buitestaanders gehoop nie, maar onder hulle self en uit hulle werk is "stryery gebore, woordetwis het gevolg, tot uitskel was toevlug geneem met die slotsom dat ou bekendes as kwasivriende uitmekaar gegaan het." [42] Opregte Christene sou so iets nie doen nie, tensy hulle alleen hul Christelikheid gebruik het, soos wel blyk die geval te gewees het, om hulle propagandistiese doeleindes te probeer verberg.

Dit alles in aanmerking geneem merk ons die waarheid in die woorde van Prof. C.M. v.d. Heever waar hy [illegible] "treffend is die ooreenkoms tussen die Genoo[illegible] en die rymwerk van die Eerste Taalbeweging. Alb[illegible] dinge getuig van een soort lewensbeskouing, dieselfde strydlustigheid, dieselfde ootmoed teenoor God." [43] Dog klink dit nie te veel na die Joodse filosofie van die ou testament nie – die uitroeiing van stede met man en muis, alles in die naam en volgens bevel van God ! Hoe kan ons strydlustigheid en ootmoed teenoor dieselfde God vereenselwig as daarvan 'n gewoonte gemaak word? Is dit moontlik ook die rede waarom S.J. du Toit – die Ismael – vandag reeds 'n erenaam geword het ! Dr. Nienaber noem hierdie optrede van haat

en bespotting om daarna in „ootmoed te buig voor God" 44) dan ook 'n „Calvinistiese lewensoortuiging;" dit mag 'n calvinistiese kenmerk wees, maar sekerlik is dit geen suiwere en geheiligde Christelikheid nie, net so min as wat die verskuns van die Patriotters kan aanspraak maak op gelouterde en emosionele godsdienstigheid.

---

Die godsdienstigheid v. d. P. R. A. [illegible] [illegible] ontroering, maar daarmee is [illegible] godsdiens nie [illegible] nie ([illegible]). Daar is niks om te bewys dat dit [illegible] was dat d. P. R. A. [illegible] [illegible] in alles [illegible] [illegible] bekend. [illegible] [illegible] d. [illegible] [illegible] [illegible] word daardeur nie alleen [illegible] [illegible] [illegible] maar ook baie [illegible] [illegible]. Hy maak baie [illegible] [illegible] godsdiens v. [illegible] & S. J. [illegible] godsdiens [illegible] baie beter [illegible] [illegible] maar daar is [illegible] & [illegible] wat [illegible] d. [illegible] [illegible] [illegible] in die [illegible]?

Die P. R. A. [illegible] d. [illegible] [illegible] [illegible] nie, maar daarom was hulle godsdiens nie vals nie

AANTEKENINGE - HOOFSTUK III.

1. Prof. v.d. Heever skryf dat calvinisme saam na Suid-Afrika gekom het vanaf Nederland waar dit 'n groot houvas op die volk gehad het, soveel dat van Vloten kon sê: "Wat het licht voor onze oogen, de lucht voor onze longen is, is het calvinisme geweest voor de wording van onze Staatkundige en burgerlyke vryheden." (Die digter Totius, pg. 17.)
1a. Hatting en Rautenbach, Volkskuns uit die Eerste Tydperk, pg. XXXI.
2. F.E.J. Malherbe, Humor, pg. 158.
3. C.M. v.d. Heever, Die digter Totius, pg. 21.
4. S.P.E. Boshoff, Beskouinge en Feite, pg. 138.
5. Sien inleiding van Dr. P.J. Nienaber by Gedigte van C.P. Hoogenhout. In die inhoudsopgawe van hierdie werkie word onder afdeling IV - Godsdiens, dan ook slegs een gediggie geplaas nl. Zondagmorgelied. Merk ook wat Dr. Nienaber sê i.v.m. Hoogenhout se godsdienstige gedigte : "As hy sy God wou verheerlik het hy hom in Nederlands aangespreek." (Inleiding, pg. VIII.)
6. Totius, Weg en Werk, pg. 82.
7. Von Wielligh, Eerste Skrywers, pg. 83.
8. Totius, t.a.p. pg. 404.
9. Dr. P.J. Nienaber, Inleiding by Gedigte van C.P. Hoogenhout.
10. Von Wielligh, t.a.p. pg. 83.
11. Dr. P.J. Nienaber, Inleiding by Ds. P.D. Rossouw en Eerw. J.W. v.d. Ryst se Evangeli in di Volkstaal.
12. Von Wielligh, Baanbrekers, pg. 17.
13. von Wielligh, Eerste Skrywers, pg. 44.

14. Gedenkboek ter ere v.d. Genootskap van Regte Afrikaners, pg. 113; Sien ook Dr. Schonees, Prosa v.d. Tweede Afr. Bew. pg. 10, en P.J. Nienaber in "Die Afr. Roman-tematologie, pg. 57 - 58.

15. Dit word ook genoem deur D.F. Malherbe in die Gedenkboek sowel as deur Nienaber in S.J. du Toit - die Eensame Ismael.

16. Dr. Scholtz, Die Afrikaner en sy taal, pg. 220.

17. Gedenkboek, pg. 100.

18. Dr. P.J. Nienaber, Inleiding by Gedigte van C.P. Hoogenhout.

19. Gedenkboek pg. 115.

20. von Wielligh, Baanbrekers, pg. 20 - 21.

21. Dr. P.J. Nienaber, Inleiding by Gedigte van C.P. Hoogenhout.

22. ibid.

23. ibid en ook Dr. Lydia van Niekerk in haar proefskrif.

24. Dr. Lydia van Niekerk, t.a.p. pg. 43.

25. Dr. G. Dekker, Afr. Litt..Gesk., pg. 15.

26. C.M. v.d. Heever, Die digter Totius, pg. 77.

27. Dr. P.J. Nienaber sê dat hy soms van sy eie gedigte in 'n omgewerkte vorm terug ontvang het vir hersiening voor dit na die Patriot gestuur word. (Inleiding by C.P. Hoogenhout se gedigte.)

28. Dr. P.J. Nienaber, inleiding - Novelles, Verhale en Gedigte van M.H. Neser.

29. Willem Kloos, Veertien jaar Litt. Gesch. I. Over kritiek.

30. Gedenkboek, pg. 141.

31. von Wielligh, Baanbrekers, pg. 12.

32. Sien Weg en Werk, maar veral pg. 406.

33. J.H. de Waal skryf hy het "taamlik onbewimpel vir Groot-Brittanje aangesê tot oorlog met die S.A. Republiek". (Herinneringe aan ons Taalstryd, pg.58.)

34. Totius, Weg en Werk, pg. 331.

35. E.C. Pienaar, Taal en Poësie, pg. 19.

36. J.H. de Waal, t.a.p. pg. 66

37. Dr. G. Dekkar - Gedenkboek, pg. 75.

38. Vergelyk sy optrede in die Transvaalse goudbedryf en die insleping van Gods naam daarin. de Waal noem in sy Herinneringe ook 'n reeks van feite wat sekerlik nie by 'n Christen moet gesoek word nie.

39. von Wielligh, Baanbrekers, pg. 20.

40. ibid pg. 22.

41. de Waal, t.a.p. pg. 18.

42. von Wielligh, Baanbrekers pg. 22.

43. C.M. v.d. Heever, Die digter Totius, pg. 32.

44. P.J. Nienaber, Inleiding by C.P. Hoogenhout se Gedigte.

## HOOFSTUK IV.

## CALVINISME BEREIK 'N HOOGTEPUNT IN DIE WERK VAN TOTIUS.

Tussen die poësie van die Eerste- en Tweede Taalbeweging word so'n groot verskil aangetref dat 'n vergelyking byna onmoontlik is. Die oorlog met sy smart van konsentrasiekampe, die verwoesting van huis en hoewe en die ellendige kommandolewe op die Afrikaanse velde met dikwels net 'n bietjie aangebrande pap wat moes dien om siel en liggaam aanmekaar te hou, was grotendeels hiervoor verantwoordelik. Hierdie grootskaalse droefheid het dus wel sy voordeel gehad, veral omdat dit gedien het as 'n louteringsproses vir die toekomstige sangers; dit het hulle gesuiwer van alle oppervlakkigheid en hul 'n dieper insae in die lewenswaarheid gegee. Totius, Celliers en Leipoldt, almal kinders van die oorlog, was nie alleen toeskouers van die smartvolle stryd nie, maar het dit self deurworstel, met die gevolg dat hulle poësie baie meer opreg kon wees as die vorige geslag s'n, wat te dikwels nog alleen uit ydele woordespel bestaan het sonder die minste gevoel en intense deurlewing van die gedagte.

Van die na-oorlogse trio staan Totius, beide wat betref sy lewensopvatting sowel as sy werk, nader aan die Patriotters as Leipoldt of Celliers. Die rede is natuurlik voor die handliggend, want as „seun van die geniale leier van die Eerste Afrikaanse Beweging groei hy op in die Christelik-Nasionale sfeer van die Genootskappers",[1] en sodoende is dit nie alleen sy vader wat sy invloed laat geld op die jeugdige en ontvanklike siel van die jong digter nie, maar ook die hele tydsgees met sy „voorvaderlike godsdiens, eg-afrikaanse taal en onvervalste Afrikaanse nasionaliteit."[2]

Hy staan dus reeds van sy vroeë jeug „onder die bestraling van hoog-gespanne, wydsewewende, kragdadige Christelik-Nasionale en Christelik-Internasionale Idealisme",[3] en ons tref gevolglik al hierdie idees aan in sy heel eerste pogings waarin ook al die gebreke van die tyd gevind word. Want net soos die vader so het ook die seun sy inspirasie nie by die rebelerende Tagtigers gaan soek nie, maar wel by die neerbuigende, dog ongelukkig ook oppervlakkige predikante van die Jare Veertig in Nederland. Daarom dat Totius net soos Bilderdyk en Da Costa, altyd probeer het om die oorweldigende golf van die eeu te probeer stuit en om die volk terug te hou van die wêreldgesindheid van sy tyd.[4] Net soos vir die Nederlandse Romantici het dit ook vir hom geskyn asof die volk vinnig op die afdraand is, die afdraandpad wat sou lei tot algemene ondergang. Hierin het die konsoliasie politiek van Botha en Smuts hom gesterk, maar anders as sy vader 'n jaar of tien vroeër, het hy hom gelukkig van direkte inmenging daarin onthou en het hy sy smartgedagtes alleen uitgestort in die klaaglied van sy verse.

<u>BY DIE MONUMENT.</u>

Omdat Totius meestal as simbolis opgetree het is dit soms, - al word daar gewoonlik die teenoorgestelde beweer - heel moeilik om presies vas te stel wat die digter nou werklik bedoel het. Bewys hiervoor vind ons reeds in die eerste gedig van hierdie bundeltjie naamlik, „Daar kom hul". Die kindertjies is bevrees vir die aanstormende vyand, maar die moeder troos hulle met die woorde:

My kindertjies, kom binne
"en wees nie meer bang:
die Vader daarbowe
bestuur hulle gang."

In die eerste plek kan hier die direkte betekenis aanvaar word, dit is dat die Heer die wêreld van die mens en dat ons dus nie hoef te vrees nie want Hy sal sorg dat daar selfs

Hy staan dus reeds van sy vroeë jeug „onder die bestraling van hoog-gespanne, wydswewende, kragdadige Christelik-Nasionale en Christelik-Internasionale Idealisme", [3] en ons tref gevolglik al hierdie ideës aan in sy heel eerste pogings waarin ook al die gebreke van die tyd gevind word. Want net soos die vader so het ook die seun sy inspirasie nie by die rebelerende Tagtigers gaan soek nie, maar wel by die neerbuigende, dog ongelukkig ook oppervlakkige predikante van die jare Veertig in Nederland. Daarom dat Totius net soos Bilderdyk en Da Costa, altyd probeer het om die oorweldigende golf van die eeu te probeer stuit en om die volk terug te hou van die wêreldgesindheid van sy tyd. [4] Net soos vir die Nederlandse Romantici het dit : vir hom geskyn asof die volk vinnig op die afdraand is, die afdraandpad wat sou lei tot algemene ondergang. Hierin het die konsoliasie politiek van Botha en Smuts hom gesterk, maar andere as sy vader 'n jaar of tien vroeër, het hy hom gelukkig van direkte inmenging daarin onthou en het hy sy smartgedagtes alleen uitgestort in die klaaglied van sy verse.

**BY DIE MONUMENT.**

Omdat Totius meestal as simbolis opgetree het is dit soms, - al word daar gewoonlik die teenoorgestelde beweer - heel moeilik om presies vas te stel wat die digter nou werklik bedoel het. Bewys hiervoor vind ons reeds in die eerste gedig van hierdie bundeltjie naamlik, „Daar kom hul". Die kindertjies is bevrees vir die aanstormende vyand, maar die moeder troos hulle met die woorde:

> My kindertjies, kom binne<br>
> "en wees nie meer bang:<br>
> die Vader daarbowe<br>
> bestuur hulle gang."

In die eerste plek kan hier die direkte betekenis aanvaar word, dit is dat die Heer die weë reël van die mense en dat ons dus nie hoef te vrees nie want Hy sal sorg dat daar selfs

nie 'n haar van ons hoof beskadig word sonder Sy wil nie. Tweedens, en aansluitend by die eerste opvatting, mag die digter bedoel het dat God werklik die verloop van die oorlog bestier en gevolglik ook die optrede van die Engelse goedkeur, of minstens toelaat. En dan, hoe ons dit ook al wil verdoesel, was Totius feitlik sy lewe deur opstandig teen die Goddelike gesag. Immers, as dit God se wens en besluit was dat die land moes verwoes word, dan betaam dit ons nie om teen Sy besluite in opstand te kom nie. Opstand is in so'n geval dan nie alleen onbetaamlik nie maar ook onchristelik, en niemand het gevolglik die reg om te weier om te vergeet of te vergewe nie, want dan toon ons dat ons nie saamstem met die alwyse raadsbesluit van die Heer nie. Dis juis hierin waar die oppervlakkigheid van die Christelike leer in die algemeen en die calvinistiese in die besonder, so merkbaar is; want waar dit duidelik neergelê is dat God 'n wêreldplan het om te vervul en dat dit die plig is van elke gelowige om daarin te glo, al skyn Sy weë ookal hoe duister te wees, blyk dit tog vandag dat weiniges hulle nog hieraan steur en is dit duidelik dat elkeen sy persoonlike opvatting oor die saak het en besig is om, hoe indirek ook al, kritiek uit te oefen op die planne van die Skepper. As Totius dus geglo het dat God Sy wil laat geld het in die oorlog, dan het hy ook nie die minste reg gehad om nie te wou vergeet nie, of anders durf hy nie voorgehou word as daardie goeie en voorbeeldige Christen-calvinis waarop sy naam algemeen aanspraak maak nie.

Laat ons egter nie kritiek uitspreek oor die digter se werk behandel is nie! Wat ook nie die doel hier was nie, maar wel 'n aanduiding van die moontlikhede wat kan spruit uit die simboliese van sy werk; want die juis die simboliek in die poësie van Totius wat gewoonlik aanleiding gee tot die uiteenlopendste opvattings. So skryf Prof. v.d. Heever byvoorbeeld oor „Die Eed van die Ossewa": „Dis die Calvinis

wat hier besield praat, iemand vir wie die godsdienstig-nasionale geskiedenis van sy volk 'n deel is van sy beste self." [5] Maar by die deurlees van genoemde gedig sal min mense seker enige besielde calvinisme daarin kan vind, 'n bewys dat in die simboliek die ware betekenis selde duidelik is en dat elkeen dit maar probeer verklaar na sie opvatting van individuele gevoel of oortuiging.

„By die Monument" is myns insiens dan ook nie 'n uiting van Totius se calvinistiese lewensopvatting nie, maar alleen van sy nasionale gevoel, en iemand wat vir die eerste keer die werkie lees en die digter glad nie ken nie, sal selde daarvan kan aflei dat die digter 'n groot godsdienstige is, want behalwe sy bybelse aanhalings en 'n paar gedigte soos „Mag en Reg" waar die tortelduif antwoord:

Kan ek anders? Hy daarbo,
"Hy formeer my
en Hy leer my
om hierbowe rond te gaan
en my tentjie op te slaan,"

toon Totius juis sy godsdienstige oortuiging nie. Dit blyk ook duidelik in „Vergewe en Vergeet", want as Prof. du Toit wil uitgaan van die standpunt: „Dat gy niet vergeet de dingen die uwe ogen gezien hebben", dan leef hy sekerlik nie die leer van Christus uit nie, Christus wat selfs aan die kruis nog sy bespotters en vyande vergifnis kon skenk. Daarom klink 'n bewierroking soos die volgende, waar beweer word dat die simboliess in hierdie gedig klaar en duidelik is, ook uiters oneg: „Hier praat die Calvinis wat met sy puriteinstrenge lewensopvatting nie so maklik kan vergeet nie al vergewe hy ook, want sy gemoedsgrond is te diep." [6] Die hier weer 'n geval van waar die calvinisme, ja selfs die hele Christelike wêreld net kan doen wat dit wil, en dan hul huigelagtige optrede mit die bybel verklaar en goedpraat. Maar wie kan vandag nie deur hierdie verdraaiinge die werklikheid sien nie? Ons glo nie meer dat haat en verdoeming

kan geskied as gevolg van 'n te „diepe gemoedsgrond" nie, want 'n God wat nie kan vergewe nie is geen God nie en 'n mens wat nie kan of wil vergeet nie kan geen godsdienstige wees nie.

Om te herhaal, „By die Monument" is nie 'n uiting van Totius se religieuse sielelewe nie, want dit is byna deurgaans verbitterde herinneringe, opgeroep uit 'n smartvolle volksverlede. Die digter was nog liggaamlik en geestelik deurdrenk met die wrange van daardie verlede, en van 'n siel wat nog nie vergewe het nie kan ons nie suiwer-geuiterde godsdienstige gevoelens verwag nie - dit sou eers veel later kom.

VERSE VAN POTGIETER'S TREK.

Alhoewel Totius se hoofdoel in hierdie werkie nog maar die verheerliking is van die volksverlede, tref ons hier reeds 'n duideliker godsdienstige rigting aan en is die calvinistiese lewenshouding al sterk te bespeur. Soos by Hoogenhout en sy volgelinge van die vorige geslag, maar soos dan ook van die suiwer calvinis verwag word, glo hy dat elke indiwidu en elke nasie se gang bestier word deur die Allerhoogste. Die Voortrekkers met hulle ideale, in besonder „Potgieter se Trek (wat) die Dopper-tiepe verteenwoordig het",[7] sien hy in die lig van die Joodse uittog uit Egipte waar God hulle dag en nag voorgegaan het op hulle weg na die beloofde land. Albert Verwey skryf ook in verband met hierdie optrede van die digter: „Er was bovendien meer dan Bybelvastheid, namelyk gemeenschap met het Joden-volk, in het gevoel van door te zyn uitverkorenen......"[8] Totius glo dat God die Trekkers, die „vryheidsoekers" en „volkverwekkers" ook sal lei:

Gelyk 'n ander Israel,
„ Vyand-omsingeld, veld-verlore,
Maar ver 'n Kanan uitverkore,
Voortwandelend op Gods bestel."

God sal selfs Sy goedheid uitstort oor die trekdiere van die ou pioniers en hy moedig die os aan met dié woorde:

> Stap, stap dan rustig aan
> "en deel die trekkerslot;
> die skaarste en oorvloed,
> daar in die land, waar God
> ook is vir osse goed."

Onder sulke omstandighede is dit te verstaan dat ons voorouers se hoop altyd gevestig sou wees op die Heer, en dat hulle onder die dreiging van gevaar dadelik met „gebed en gesang" hulle toevlug na Hom sou neem. Dit volg dan ook na die neerlaag van Kalipi by Vegkop spontaan:

> God het geseën man en geweer!
> "Sink dan terneer!
> Hom sy die eer!"

Dit blyk dat hy in hierdie volksgedigte van hom byna sonder uitsondering, die voortsetter is van die godsdienstige gedagte van die Genootskappers en dat hy deurgaans hulle lewensoortuiging deel. Want soos hulle het hy geglo dat God die Alvader van sy volk, en hul persoonlike vriend, helper en leidsman is. Daarom wil hy niks uit sy eie doen nie, en as hy sukses in die lewe behaal dan volg dit eenvoudig:

> „Hom sy die eer!"

Behalwe hierdie verse waarin Totius sy erkentlikheid betoon teenoor die goedheid van die Allerhoogste en waarin hy herhaalde kere wys dat hy nie uit die begenadigde skaduwee van God wil tree nie, tref ons ook die gedagte aan wat later die grondtoon word van al sy godsdienstige verse naamlik : „hier benede is het niet." So is „Trekkerslied nie alleen die lewensfilosofie van die Voortrekkers nie, maar dit word in werklikheid deel van die digter se eie opvatting:

God sal selfs sy goedheid uitstort oor die trekdiere van die ou pioniers en hy moedig die os aan met dié woorde:

> Stap, stap dan rustig aan
> "en deel die trekkerslot;
> die skaarste en owervloed,
> daar in die land, waar God
> ook is vir osse goed."

Onder sulke omstandighede is dit te verstaan dat ons voorouers se hoop altyd gevestig sou wees op die Heer, en dat hulle onder die dreiging van gevaar dadelik met „gebed en gesang" hulle toevlug na Hom sou neem. Dit volg dan ook na die neerlaag van Kalipi by Vegkop spontaan:

> God het geseën man en geweer!
> "Sink dan terneer!
> Hom sy die eer!"

Dit blyk dat hy [illegible] hierdie volksgedigte van hom byna sonder uitsondering, [illegible] voortsetter is van die godsdienstige gedagte van die Genootskappers en dat hy deurgaans hulle lewensoortuiging deel. Want soos hulle het hy geglo dat God die Alvader van sy volk, en hul persoonlike vriend, helper en leidsman is. Daarom wil hy niks uit sy eie doen nie, en as hy sukses in die lewe behaal dan volg dit eenvoudig:

> „Hom sy die eer!"

Behalwe hierdie verse waarin Totius sy erkentlikheid betoon teenoor die goedheid van die Allerhoogste en waarin hy herhaalde kere wys dat hy nie uit die begenadigde skaduwee van God wil tree nie, tref ons ook die gedagte aan wat later die grondtoon word van al sy godsdienstige verse naamlik : „hier benede is het niet." So is „Trekkerslied nie alleen die lewensfilosofie van die Voortrekkers nie, maar dit word in werklikheid deel van die digter se eie opvatting:

Die duur van ons lewe
"op aard is 'n trek
van wa'ens oor vlaktes
voortsuk'lend gestrek.

Daar egter vervaal
die swerwers begin;
daar voor vak die wêreld
die eindloos in."

Die eerste vere toon duidelik die calvinistiese opvatting wat veral by die Veertigers in Nederland te bespeur was; maar behalwe hierdie algemeenheid, is daar 'n nuwe gedagte wat nie juis 'n plek vind in die calvinisme nie, maar wat tog dikwels by Totius sal gemerk word, dit is die huiweringsgedagte van die onsekerheid ae hy self moet erken:

daar voor vak die wêreld
"die eindloos in."

Totius se geloofsvertroue is hier aan die wankel, want hy is nou glad nie meer oortuig wat vir hom in die toekoms wag nie, en die glans wat daar altyd vir hom vanaf die horison gelok het beskou hy nou as slegs 'n lugspieëling - „'n soete bedrog". Maar soos later weer altyd die geval sal wees, laat die digter nie toe dat hierdie skeptisisme hom in sy mag vasgryp nie en is sy vertroue instaat om triomfantlik te seëvier oor die vertwyfeling:

Maar eindelik kom tog
"die salige end
as die moeilike reis
word na bo gewend !"

WILGERBOOMBOGIES.

In vergelyking met die vorige twee bundeltjies is „Wilgerboombogies" 'n hoogtepunt, nie alleen omdat Totius hierin 'n helderder weergawe van sy godsdienstige oortuiging gee nie, maar omdat dit vir 'n groot mate 'n weerspieëling is van sy „treurwilg" lewensopvatting" soos ons hom van nou af sal aantref in sy werk. Hier kan ook vir die eerste keer gepraat word van die digter se suiwer calvinisme, en

blyk dit duidelik dat hy nou rigting begin kry, 'n rigting wat hy voortaan koersvas sal volg en selde sal van afdwaal.

Soos die tenger takke van die wilg neerdruip na die aarde, so gaan Totius gebuk onder die besef van 'n sondige wêreld, en alhoewel Prof. v.d. Heever in verband met hierdie herinneringsgedigte sê: „so bloei uit die aarde tenslotte 'n nuwe blom op ! Altyd by Totius die gedagte aan lewe uit dood, aan bloeiende blomme in woestyndorheid, aan uiteindelike lewe!"[9]), dan moet ons nog in gedagte hou dat dit alleen betrekking het op die lewe na die dood, maar dat die werklike lewe aan hierdie kant van die graf, vir hom niks meer beteken nie as slegs lyding! Want soos die Wilger wat sy takkies treurend na omlaag laat hang as:

„'n teken mos van hartewee,"

so gaan Totius deur die lewe, en al laat hy sy „lintjies swaai" in die lente, dan bly daar tog nog altyd die vraag:

„Waarom ek tog my takkies draag
so treurig en so al omlaag,
en in die blye bloeiseisoen
so anders en so treurig doen?"

Die digter besef verder dat hierdie lewensmoegheid van hom 'n dieper verlede het, want langs die „waterkant" en „barse kluit":

„Daar het my moederstam uit smart
en altyd kaue grond haar smart
vandaan ........"

Dis duidelik dat hier geen sprake is van die mooi Christelike slagspreuk : Lewensblye Christen nie. Totius is nie alleen in sy poësie die neerbuigende teenoor die Ewige nie, maar sy hele bestaan word volgens asketiese sienswyse ingerig:

„Die daarom dat 'k my takkies draag
so slank en slap al na omlaag;
dis om my diepe droefenis -
wat o so diep gewortel is -
dat ek ook in die bloeiseisoen
so anders en so treurig doen!"

In die "Oue Wilg" met sy knoetsige stam en uitgedorde takke sien hy gevolglik ook sy ewebeeld:

O Wilgerboom,
"beeld van my skuld!
So naak en uitgetoë
is ook my siel,
verarmoed en
so diep terneergeboë!"

Hier is Totius die opregte calvinis, want al is die lewe vir hom 'n 'tranedal' wat met smart en ellende moet deurwerstel word, is sy hoop nogtans gevestig op die ewige Hiernamaals waar hy seker is van 'n herontwaking: "Hier het ons die skuldbewuste Calvinis, wat tot in die stof buig voor sy God ...... maar hoe vol sonde en skuld ook - daar is die ewige geloofshoop .... Totius se hele lewensbeskouing is nêrens so glashelder uitgedruk nie. Ook hier weer die boodskap dat die boom, wat nou so diep grondtoe buig, sal herontwaak".[10] En met dié gedagte dat die dood nie die einde beteken nie, vind ons dan ook so af en toe 'n flikkering van lewensblyheid soos byvoorbeeld in "Verheug - Bedroef".

'K sien jou stroompie
" dart'lend,
spart'lend -
druppels sprink'lend
langs jou baan -
vrolik klink'lend
verder gaan.
En waar gaan die reis dan heen?"

Maar ook hier in sy skynbare vreugde, voel hy hom ontuis, want die antwoord op die laaste reël is duidelik:

Om te swerwe,
"om te sterwe,
te verteer
daal ons neer!"

Hier dus, in afwyking van "Die oue Wilg", is geen sprake van 'geloofshoop' nie, en dis duidelik dat Totius se geloof nie altyd so rotsvas is as wat graag wil voorgegee word nie. Ook by hom, soos reeds in Potgieter's Trek voorgekom het, ontstaan daar die twyfel en is hy soos 'Die Pelgrim' soekende, hy fluister net sy boodskap en gaan dan verder.

> Oor die eensame velde
> "Onverpoos en alleen."

Dieselfde gedagte kom ook in „Repos Ailleurs" voor - die rus moet elders wees - maar waar? Die dieselfde twyfel wat ons so dikwels by Jan Celliers, Leipoldt en meeste van die jongeres gaan aantref, die vertwyfeling oor wat nou waarheid en wat skyn is. As calvinis glo hy egter aan die opstandingdie „verrysingsmore bly", maar die onsekerheid van wat op die dood sal volg is tog altyd by hom teenwoordig en hy hoop maar net dat God:

> Sal open die geheime is
> "van wat die ware grafkuil is."

Soos egter vroeër reeds aangemerk is, bly die twyfel gedagtes nie lank by hom nie en in „Alle vlees is gras," een van sy aangrypendste gedigte, is daar weer die rustige geloof merkbaar. Hy weerspreek nog nie die onrus nie, want dit is asof hy in die woorde: „diep geswyg luister asemloos stil" sy vereensaamde siel wat nog nie goed verstaan wat dit alles beteken nie, wil weergee, maar tog blyk dit dat hy hier weer die gelowige calvinis is wat glo in die opstanding, en daarmee die oplossing van alle wêrelse moeilikhede. In hierdie gedig sê Prof. v.d. Heever: „het tot sinneryke ontplooiing gekom sy innige Godsvertroue, sy verinnerlikte lewensaanskouing: al wat hy aan suggererende vermoë besit, is hier verenig : langsaam en breed ontvou die gedig hom in 'n reeks tonele en telkens glans die hoop op soos 'n enkel strook sonlig oor 'n aanrollende brander, tot aan die einde die groot verheldering kom: vergifnis ! Gedagtes losgewortel uit 'n stryd met, 'n oordenking van die lewe vind hier ligtende gestalte: dit beweeg in die dunne sluiers 'n fyne simboliese siening. Hierin is volledig uitgedruk Totius se hele Calvinistiese lewensopvatting: na stryd en donkerte kom die bekroning; eenmaal daag 'n nuwe more glansend oor 'n nuwe wêreld waarin geen winter meer heers nie, geen winde die gras meer sal laat buig nie, maar daar net rustige onverstoorbare harmonie sal wees, gegrond

op God se wil: Alle vlees is gras, maar die siel is ewig".[11]

RAGEL.

Verwey het reeds meer as 'n kwart-eeu gelede geskryf dat Ragel tot „een voor ons voorbygegane tyd behoort," want soos hy beweer, het die Hollanders hulle ook eens op 'n keer die uitverkorene volk van die Heer geag,en: „ons prototype gezien in Israel"; daarom beskou hy hierdie werk van Totius, veral die weekheid daarvan, as swak.[12] Hierteenoor sê C.M. v.d. Heever: „.... in Rachel het ons sy diepste geloofsbelydenis : die gedagte dat die graankorrel moet sterwe om te lewe, dat die offer 'n noodwendige lewensvoorwaarde is, dat in die segenende van die moederliefde, wat sy oorsprong in God erken, die redding nie alleen van sy volk maar van die van die wêreld lê."[13] Prof. v.d. Heever meen ook dat Albert Verwey 'n fout begaan het as hy Totius as „'n digter van die verlede bestempel",[14] want as dit die waarheid moet wees dan is die beste wat daar in die Afrikaner skuil ook iets van die verlede. Maar dis duidelik dat Verwey dit nie so bedoel het soos v.d. Heever hier voorgee nie, en in sy kritiek alleen gelink het aan die predikantdigters van Veertig, manne wat wel duidelik hulle eie gelowigheid in hul werk uitbasuin het, maar uiters oppervlakkig of selde daarvolgens geleef het. Daardie soort godsdienskuns is verouderd - die oppervlakkigheid en skynheiligheid daarvan is deur die Tagtigers aan die kaak gestel, en waar Ragel duidelike invloed van die predikante, veral van Da Costa vertoon, is dit heeltemal verstaanbaar waarom die Nederlandse kritikus van „verouderd" gepraat het. Dit moet egter duidelik wees dat met hierdie oorsig geen insinuasie op die digter se lewenswyse gewerp word nie - en dit het Verwey ook nie gedoen nie - maar waar wel die huigelagtigheid in voorkom is dat selfs die rasegste Christen hom nie vandag graag wil vergelyk met die Jodedom nie, terwyl hulle nogtans 'n persoon aanbid wat 'n volbloed Israelist was, en 'n werk aanhang wat van begin tot end deur

kan hom agter [illegible] politieke [illegible] meer [illegible], maar waar hy vergelykend [illegible] optree teenoor [illegible] teenstellende tipes, skep hy [illegible] 'n [illegible] kontras [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] bly [illegible] [illegible] wonderlik o.a. Reitz,

Hy was d. [illegible] [illegible] om [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] [illegible] te [illegible]

Hand kan egte, groot poësie gee
ondersteun, maar wanneer hy vergelykend met
optree t.o.v. verskillende tydperke, stuur hy
bykans aan perspektief, maatstaf, goed
waar ligt uit by opsie, ... 
... voordeel van Taalsl.
Hy moet d. weg v.d. beoordeling om
... wandel voordeel
bygee in te trekke.

Jode saamgestel is en 'n Joodse filosofie verkondig. As Totius egter die Ragel-geskiedenis van die bybel met sy eie volk wil vergelyk, dan toon hy daardeur dat hy 'n beter Christen is as diegenes wat die Christelike leer wel aanhang, maar die Jode haat, want dan wil hy alleen die voortbestaan van sy eie volk graag sien op die weg wat sy Meester gevolg het en die nasie waaruit Hy gebore is.

Dog om terug te keer tot die bundel self. Ragel werp nie veel nuwe lig op Totius se godsdienstige opvatting nie, want vroeëre idees word hierin slegs breër uitgewerk en se kom die vertwyfelingsgedagte sterk te voorskyn soos blyk uit „Die Weg."

O slingerende Weg
"wat ek wyders sien wend!
Simbool van die lewe
aan almal bekend.

Jou begin, ongekend,
is aan myne gelyk,
Jou end net soos myne
in verborgenheid wyk."

Die feitlik dieselfde standpunt wat ons later baie sterk by Celliers sal aantref naamlik, waarvandaan, en waarheen? Hy praat hier ook van die „diepdonker raaisels-nag" waarin ons op ons geweeklaag geen antwoord vind nie en wat vir hom laat vra: „waarom so?" Hierdie onsekerheid bring hom noodwendig op die gedagte van die dood, die dood wat vir hom een van die groot lewensgeheime vorm wat nog steeds op 'n oplossing wag en waarvan hy se graag iets meer sou wou weet; want net soos die woestynson deur die witgekalkte mure van Ragel se graf dring:

So wil ek ook na binne dring
"en grafgeheim geheel deurvors:
langs weg van sterke 'erinnering
inbeur in stroewe aardekors."

Die weemoedigheid en byna wanhopige eensaamheidsgevoel van Totius wat van die begin af sterk bespeurbaar was in sy werk, kom in Ragel ook sterk uit, waar:

Deur die gemoed, groot-oop,
"die wind van weemoed waai!",

Jode saamgestel is en 'n Joodse filosofie verkondig. As Totius egter die Ragel-geskiedenis van die bybel met sy eie volk wil vergelyk, dan toon hy daardeur dat hy 'n beter Christen is as diegenes wat die Christelike leer wel aanhang, maar die Jode haat, want dan wil hy alleen die voortbestaan van sy eie volk graag sien op die weg wat sy Meester gevolg het en die nasie waaruit Hy gebore is.

Dog om terug te keer tot die bundel self. Ragel werp nie veel nuwe lig op Totius se godsdienstige opvatting nie, want vroeëre idees word hierin slegs breër uitgewerk en so kom die vertwyfelingsgedagte sterk te voorskyn soos blyk uit "Die Weg."

"O slingrende Weg
wat ek wyders sien wend!
Simbool van die lewe
aan almal bekend.

Jou begin, ongekend,
is aan myne gelyk,
Jou end net soos myne
in verborgenheid wyk."

Die feitlik dieselfde standpunt wat ons later baie sterk by Celliers sal aantref naamlik, waarvandaan, en waarheen? Hy praat hier ook van die "diepdonker raaisels-nag" waarin ons op ons geweeklaag geen antwoord vind nie en wat vir hom laat vra: "waarom so?" Hierdie onsekerheid bring hom noodwendig op die gedagte van die dood, die dood wat vir hom een van die groot lewensgeheime vorm wat nog steeds op 'n oplossing wag en waarvan hy so graag iets meer sou wou weet; want net soos die woestynson deur die witgekalkte mure van Ragel se graf dring:

"So wil ek ook na binne dring
en grafgeheim geheel deurvore!
langs weg van sterke 'erinnering
inbeur in stroewe aardekors."

Die weemoedigheid en byna wanhopige eensaamheidsgevoel van Totius wat van die begin af sterk bespeurbaar was in sy werk, kom in Ragel ook sterk uit, waar:

"Deur die gemoed, groot-oop,
die wind van weemoed waai",

Wat 'n strek ook weer hier! Kand. merk —
as mens sy metode volg, moet ook sê „gee
voor" — dat hy 'n hoofs grondslag lê

en waar in sy innerlikste sieleleve sooo in die vue put altyd „disponder tap ... 'n watertraan." Hierdie smartrykheid is nie net 'n weerspieëling van sie geestastoestand nie, maar die digter beskou dit – die weltschmerz – as 'n voorwaarde van die hele lewensbestaan, want alleen uit smart en die totnietgaan van alle dinge, kan 'n nuwe lewe gebore word. Uit swaarkry en ellende, uit die skynbare ewige dood na die tydelike word dus weer gebore 'n ander en beter lewe- „die glans van 'n nuwe dag!"

TREKKERSWEE.

Totius se swakheid as godsdienstige vertolker van die volksiel lê daarin dat hy nie kon vergeet nie, al het hy ook voorgegee dat hy vergewe het. Die brandyster van die verlede het so'n diep merk in sy siel gemaak dat die littekens feitlik onuitwisbaar is. Uit nasionalistiese oogpunt beskou is dit heeltemal verstaanbaar, en elkeen vir wie die volk nog die hoogste begrip is kan daardie mooi vers waarmee Ragel afgesluit word verstaan en waardeer:

> Sal ons vergeet 'n treur-verlee?....
> "oor so'n volk, so laf-ontrou,
> roep al die heuwels, smadend! Wee !
> Maar troue skaar roep! Nimmer ! Nee !
> Ons sal onthou !"

So sal elke Afrikanersiel wat nog nie by die skaar van Celliers se papbroeklanders aangesluit het, aan die gees wat uit hierdie oproep spreek gehoor gee en moed daaruit put om die onopgeloste stryd nog verder voort te sit. Maar dis nou eenmaal onweerlegbaar dat nasionale en patriotiese gevoel nie durf skuilgaan agter 'n mens se Christelike oortuiging nie, want daar het die Meester self 'n duidelike voorbeeld gestel toe hy altyd gewillig was om selfs sy grootste vyande te vergewe en met nadruk verklaar het dat die dinge van die Keiser aan die Keiser behoort en van God alleen aan Hom. As dit dan wil voorgegee word dat ons Sy leer van liefde en verdraagsaamheid moet navolg, dan kan

daar onmoontlik met 'n wrok in die hart rondgeloop word, al probeer ons ook hoe om agter die calvinisme, wat sulke dinge glo toelaat, te skerm.

In Trekkerswee word hierdie gedagte van: „ons sal onthou", byna deurgaans aangetref, en oor dié tyd waarvan een van ons groot kultuurleiers onlangs nog kon getuig: „Dit was betekenisvolle jare wat onmiddellik op die totstandkoming van die Unie gevolg het, en dit was 'n voorreg om in daardie tyd van groot gebeurtenisse as denkende mens te lewe", 15) daarin sien Totius niks goed nie en roep hy verwytend uit:

(Ek) hoor die tred van die oorlogswees,
"Sy voete gedril vir die Unie-fees !
(Ek) hoor 'n gesang van sy lippe weerklink
As hy bly en verruk uit die feesbeker drink."

Ook die „Môre-godsdiens" is vir hom niks meer as 'n verbitterde vloek nie, en spottend klink dit:

Vroom geklank!
"Mense dank,
almal mede,
vir die vrede
'n Opperwese.
Want genees 's
en verbonde
al die wonde;
Passevete
's al vergeet
Met vereënde klank
rys die vreugdedank!"

Met hierdie woorde het Totius self die groot verskil aangetoon wat daar bestaan tussen hom, Leipoldt en Celliers, en in die opsig is beide laasgenoemdes sonder twyfel beter godsdienstiges as hy. Om die rede klink die woorde van L.J. du Plessis nie alleen onnasionaal nie, maar ook onregverdig en ongodsdienstig as hy skryf dat Totius in sy teenkanting teen die Unie „na die wortel van die kwaad" gaan, „nl. die politieke verlating van God en die minagting van wat Hy ons gegee het in ons nasionale eie-aard. Trekkerswee is 'n aanklag teen die God-lose politiek van die Unie en 'n aanwysing van die regte weg." 16) Hoe hierdie woorde van du Plessis ook al mag beskou word, dit bly alleen 'n aanklag teen hoe ver die godsdiensopvatting van party mense reeds

gedaal het - die politieke verlating van God - God in die politiek ! Die opening en sluiting van politieke vergaderings met gebed, die aanroep van die Allerhoogste se naam by die twiste waarin nie alleen Boer en Brit dit teenmekaar het nie, maar eie bloedbroers, lede van dieselfde huisgesin, man en vrou - godsdiens in die politiek! Met die gevolg dat die tafelpoot te dikwels die staf word en die koppe van mede-afrikaners die rots waaruit sentiment vir die volk moet geslaan word. As Totius dus hierdie „politieke verlating" in Trekkerswee aangeval het, dan was sy optrede nie die van 'n gelowige Christen nie, of anders, slegs die van 'n skynheilige, soos daar vandag nie alleen in ons eie land by die duisende gevind word nie, maar wel oor die lengte en breedte van die hele Christelike wêreld. Daar is reeds baie oor die digter se puriteinse calvinisme gesê, suiwerheid van godsdiens en dus meer,[17)] maar in hierdie politieke inmenging van hom is daar geen godsdienstigheid te vind nie, alleen verbittering wat gebaseer is op enge insig en wat sterk herinner aan sy vader se houding en optrede gedurende die laaste kwart van die vorige eeu, en wat sekerlik die naam van Totius as Christen nie waardig is nie.

Moontlik is daar te veel aandag aan hierdie aspek van die saak gegee, veral omdat die gedigte wat hierop betrekking het slegs 'n klein gedeelte van die bundel beslaan en gevolglik 'n verkeerde lig op die digter kan werp, die doel is egter alleen om ook die anderkant van die saak te beskou, en wel dat Totius byna net kan skryf wat hy wil en tog nog bewierook word as suiwer-godsdienstig en eg-calvinisties. Ons moet insien, en groot genoeg wees om te erken dat dit nie altyd die geval is nie!

Behalwe die simboliese in die werk wat goed bekend is naamlik, die stryd tussen die ouere en jongere lewensopvatting en waar Totius as calvinis natuurlik die ouere opvatting sal steun, tref ons dikwels klein insidentjies aan waar die digter ons 'n mooi blik in sy religieuse uitkyk gee. Luister

Is alle politiek dan ileg, of / ontbreek dit d. chr. gasdom aan logika, sodat logiese politiek vir chr. gasdom uiteraard moet bots?

Hy begryp nie dat d. gasdom in lig is wat vir verskillende volke as fakel kan dien, maar gekleur deur hulle menslike omstandighede, [illegible] van hulle tydelike kan afleonvol.

Is gasdom dan nie iets reëels nie? Waarom leef in d. lewe? Waarom [illegible] die [illegible] dit do?

na die beskrywing van die laer op Paardekraal:

Regbo die vuurtjies van die laer
"Styg stil omhoog die ligblou walm,
en nou die son weer op wil gaan,
styg uit 'n tent nog hier en daar
'n laaste Psalm."

Die toespraak wat deur oom Gert gelewer word is 'n goeie voorbeeld van die volksgevoel, maar dit moet ook as Totius se persoonlike oortuiging beskou word.

En later toe die Engelsman,
"ons weer gedreig het en gedruk,
het ons die steenhoop daar vergader.
Hier van Transvaal se hoogaltaar
het ons ons harte opgehef
tot God Almagtig onse Vader."

Laat hierdie vers ons nie dink aan September 1939 toe ons by Monumentkoppie ook „ons harte opgehef" het tot God en 'n ander kliphoop gepak het onder die dure eed om nie weer mekaar se hande te laat los nie – en wat was die gevolge? Kort daarna het dieselfde persone, weer met die inroep van Gods hulp, mekaar toegetakel asof elke aparte groep die grootste vyand was! Die nog 'n bewys dat die politiek en die godsdiens nie kan saamgaan nie, en dat Totius nie durf verwag dat God moet help wanneer ons onwillig is om onsself te help nie. As hy daarom historiese feite wil sien in die lig van die godsdiens, dan volg hy die weg van die Patriotters en maak van die geloof 'n banaliteit.

Jul weet hoe God gered het. Dink
"aan Lang Nek, aan Ingogo en
aan Amajuba's hoë kranse.
Wee ons as ons weer God vergeet,
Soos Israel by Sinaï,
met wilde afgodsdanse!

Dan sal die steenhoop ons verkla.
Ek roep tot my getuie aan
die hemel en die heuwelrande!"

Die steenhope en heuwelrande staan daar vandag orals as getuie – getuie van skandelike broedertwis en godsdiensinslepery by vuile politieke geding. Maar dit staan ook

daar as 'n waarskuwing vir die digter om die godsdiens nie te vereenselwig met staatsake nie.

KINDERVERSE.

Mooi laat Totius in hierdie bundeltjie sy kinderlike wense en begeertes uitkom wanneer hy byvoorbeeld die " Oudjie"in sy kommerlose en speelse lewe beny:

O Heerlike bedrywigheid,
"en arbeid waar geen sorg aan kleef !
wat al maar net wil besig wees
en net maar bly maak om te leef."

In hierdie kommerloosheid van sy kind sien hy homself en sy eie lewe weerspieël in die skadu van God.

Ek staan by sy bed
"en spreek fluisterend tot
my siel: só rus ek,
as ek rus in my God."

As die oudjie ongesteld voel dan dryf dit die ouerpaar tot die uiterste onrus, maar die kranke self is stil en rustig, en dit gryp sy Vader so aan dat hy byna smekend wens:

Kon 'k maar in lyde net so wees;
"so stil-vertrouend wag;
van buite net so stil soos hy,
van binne - net so sag !"

Godsdienstigheid vra nie na die waarom en hoe van dinge nie, dit glo alleen met 'n kinderlike opregtheid. In die gehoorsaamheid van sy eie kind dus, wanneer hy hom vra om "ogies toe" te hou, sien ons in werklikheid die verstandhouding van die digter teenoor sy Hemelse Vader:

Hy kan ook nog nie bid.
"Maar as ek roep! Hou ogies toe'
dan vra hy nie waárop en hoe,
maar maak of hy dit lankal weet."

DONKER AFRIKA.

Omdat "Donker Afrika" grotendeels 'n weergawe van historiese feite is, word daar baie min van Totius se ver-

houding tot die godsdiens in agtergekom. Mooi egter is die houding wat die digter hierin openbaar teenoor die katolisisme; 'n ander bewys dat die „groot calvinis" soms erg kon wegdwaal van die enge pad van calvinisme. Hy toon hier immers duidelik dat hy teenoor andersdenkers net so ruimhartig kan wees as wat ons in werklikheid dan ook van die opregte gelowige verwag. So is die ou katolieke seevaarder vir hom net so eg in sy geloof as die suiwerste protestant, (al was daar teen die einde van die vyftiende eeu nog nie sprake van protestantisme nie) en daarom laat hy Dias die duiwel tart met die woorde:

Raas uit, demon,
"my skip sal hou,
Raas uit, want ek
op God vertrou."

Totius besef hier maar alte goed dat dieselfde God wat die protestante in hulle nood bygestaan het, ook gewillig is om katolieke te help as hulle hulp van hom verwag. Hierdie God is orals, en so sien die digter Hom selfs in die wilde woestyny onder die donker bygelowe van die barbare, want ook by hulle is daar 'n gevoel van die Goddelike te bespeur:

En hoër brand 'n ander vuur
"ook onverganklik in sy duur,
opgloeiend in die donker uur
teen die gewelf en sigbaar tot
die end van kus se wêreldgrot.
Dit straal die boodskap: Daar's 'n God !"

PASSIEBLOMME.

„Der menschen hoogste smart is wonderbaar !" het Willem Kloos uitgeroep toe hy in die gestig aan sy ellendige lewensbestaan gedink het. Geen twee mense in die wêreld wat seker meer van mekaar kon verskil as juis hierdie Nederlandse agnostikus en ons Afrikaanse calvinis nie, en tog, wie Passieblomme gelees het, kan nie anders as aan die woorde van Kloos dink nie - die mens se hoogste smart is wonderbaar. Totius het nie probeer om die smart te verheerlik nie, maar

houding tot die godsdiens in agtergekom. Wat egter is die houding wat die digter hierin openbaar teenoor die katolisisme; 'n ander bewys dat die „groot calvinis" soms erg kon wegdwaal van die enge pad van calvinisme. Hy toon hier immers duidelik dat hy teenoor andersdenkers net so ruimhartig kan wees as wat ons in werklikheid dan ook van die opregte gelowige verwag. So is die ou katolieke seevaarder vir hom net so eg in sy geloof as die suiwerste protestant, (al was daar teen die einde van die vyftiende eeu nog nie sprake van protestantisme nie) en daarom laat hy Dias die duiwel tart met die woorde:

> Raas uit, demon,
> "my skip sal hou,
> Raas uit, want ek
> op God vertrou."

Totius besef hier maar alte goed dat dieselfde God wat die protestante in hulle nood bygestaan het, ook gewillig is om katolieke te help as hulle hulp van hom verwag. Hierdie God is orals, en so sien die digter Hom selfs in die wilde woesterny onder die donker bygelowe van die barbare, want ook by hulle is daar 'n gevoel van die Goddelike te bespeur:

> En hoër brand 'n ander vuur
> "ook onverganklik in sy duur,
> opgloeiend in die donker uur
> teen die gewelf en sigbaar tot
> die end van kus se wêreldgrot.
> Dit straal die boodskap: Daar's 'n God !"

<u>PASSIEBLOMME</u>.

„Der menschen hoogste smart is wonderbaar !" het Willem Kloos uitgeroep toe hy in die gestig aan sy ellendige lewensbestaan gedink het. Geen twee mense in die wêreld wat seker meer van mekaar kon verskil as juis hierdie Nederlandse agnostikus en ons Afrikaanse calvinis nie, en tog, wie Passieblomme gelees het, kan nie anders as aan die woorde van Kloos dink nie - die mens se hoogste smart is wonderbaar. Totius het nie probeer om die smart te verheerlik nie, maar

hy self moes persoonlik die hoogste smart ondergaan sodat sy siel dit kon weergee in sulke, byna Goddelike verse. Omdat ons hier te doen het met die intenste sielepyn, rou krete wat uit die diepste van sy menslike gevoel gekom het, daarom vergelyk die res van sy werk, uitgesonder Wilgerboombogies en nog 'n paar ander gedigte, by Passieblomme soos die snik-geluidjies van 'n kind wat dikwels nie weet waarom hy huil nie; daarom klink ook sy volksmart en sy liefde en haat wat ons soms mooi in sy vorige werk gevind het, maar bra oppervlakkig as dit langs sulke suiwere gedigte soos "O die pyn-gedagte," "Die Aand-ster" en "Die Godsbesluit" geplaas word. In Passieblomme vind ons die mens in sy hoogste smart – hierin word smart skoonheid, die reinste skoonheid, omdat dit die angskrete is wat snerpend 'n verskeurde siel ontsnap – en hierin vind ons Totius dan ook op sy suiwerste as Christen, Christen omdat hy, in 'n groot mate altans, dieselfde drinkbeker moes drink as Christus in Getsémané en minstens dieselfde smart en wanhoop moes deurworstel as die Nasarener aan die kruis.

Totius het die ondiepte van sy vorige werk self maar te goed besef, daarom dat hy praat van: "Hoeveel sange is my verlore", saadkorrels wat graag wou ontkiem en tot rypheid groei maar wat slegs in droë klipgrond beland het:

"'K sien wel die ontkiemingswonder,
maar daar is geen diepte onder,
en my korinkies vergaan."

Hierteenoor is Passieblomme die graan wat diep uit sy vrugbare sielsaarde spruit, wat benat is deur sy gedistilleerde smart-trane, en wat gebloei het as wonderlike halms van rypste skoonheid. Passieblomme sal nooit vergaan nie.

'n Mens voel byna huiwerig om sulke persoonlike leed, sulke snerpende en roue angskrete wat uit die diepste self ontstaan het te ontleed. Ons het hier te doen met liriek wat onder die skoonste in ons letterkunde kan gereken word, eenvoudig omdat dit ten volle voldoen aan die eis wat deur Tagtig gestel is: die aller-individueelste ekspressie van die

aller-indiwidueelste emosie. Want meeste van die gedigte in hierdie werk is so persoonlik dat die digter sommige daarvan vir meer as twaalf jaar in sy skryftafellaai weggesluit het, omdat hy gereken het dat sulke intens-deurleefde smart" nie publiek kon gemaak word nie. 18) Gelukkig dat Totius hiervan afgesien het, anders sou hy heelwaarskynlik soos Verwey reeds in 1914 beweer het, gou behoort het aan die verlede; maar Passieblomme sal die naam van die digter laat voortleef lank na die meeste van sy ander werk reeds vergete is.

In hierdie bundel lewer Totius nie alleen 'n pragvoorbeeld van sy kuns oor die algemeen nie, maar dit laat hom tevoorskyn tree as die suiwerste godsdienstige lirikus in ons literatuur. Waar hy in al sy vorige werk nog te dikwels herinner aan die Patriotters by wie die religieuse slegs in naam bestaan het, sonder die dieper gevoel en heilige oortuiging, tref ons in Passieblomme byne die volmaakte Christen aan - die gelowige sagmoedige wat verskeur is deur die felste smart, wat in wanhoop soos sy Meester soms geneig voel om dit uit te skree: My God, my God, waarom het U my verlaat!, dog om dan weer tot besinning te kom en soos Christus self in volle berusting te fluister : Dit is volbreng.

Persoonlik betwyfel ek dit of ons iets sublieme in die Afrikaanse poësie het as byvoorbeeld: "O die pyn-gedagte".

O die pyn-gedagte; My kind is dood!.....
"dit brand soos 'n pyl in my.
Die mense sien daar niks nie van,
en die Here alleen die weet wat ek ly".

Rou is sy hartseer as hy by die awendmaal die twee lieflinggesigte mis:

Trane en brood.
"'n Diepe geswyg.
En twee wat makeer.
'n Gebed en 'n sug.
En elkeen wyk stil
in die eensaamheid weer."

Soos so dikwels reeds gesien, is Totius die persoon wat sy smart in swye gedra het om dit dan in die eensaamheid te fluister waar hy geweet het dat alleen sy God hom sou hoor!

Nee, 'k sal nie waag om 't uit te sê.
"Nee, 'k gaan tot God wat weet, en lê
vas op my hart my regterhand
en snik: O God, dit brand !"

"O God, dit brand! - die reinste, maar terselfdertyd ook die smartvolste gebed wat ooit die lippe van 'n mens ontval het, in Afrikaans slegs geëwenaar deur Celliers se Martjie met haar gesmoorde gil: God 't het lief! Hier is 'n smart waarvoor nie woorde nodig is om te openbaar nie, die te diep, te vreeslik om lank by stil te staan, daarom kom dit ook slegs as 'n snik, maar 'n snik wat verder dra as selfs die hartverskeurendste noodkreet.

Uit menslik oogpunt is die dood van Totius se twee kinders vir hom 'n onverklaarbare raaisel en daarom vra hy homself af waarom juis al die smart, waarom die "doringnes" wat steek en verskeur - waarom so'n byna roekelose Godsbesluit!

Bo al U donker bome, o Heer,
"groei my 'n enk'le reusboom uit:
dit is die wag-'n-bietjiebos
van U besluit.
Van ver, so skoon, so groen, so blink......
maar hoe verward
wanneer ek dieper kyk en dink
as wat 'n sondaar pas.
En steek ek dan my hande uit
na U besluit,
dan gryp ek in die dorings vas."

Dit skyn asof die digter totaal oorbluf is deur die planlose en onwillekeurige in God se besluite. Hy kan dit met die beste wil van die wêreld nie verstaan nie, omdat dit vir hom slegs 'n sadistiese daad skyn te wees waarin hy hom onmoontlik kan berus.

Tog 't jy my amper saamgetrek,
"Want 'k wou jou nie laat gaan nie;
ek het geduisel op die grens
waar mensevoet nie meer kan staan nie."

So spreek hy die koue lyk van sy seuntjie aan wat hom na lange lyding ontneem is. En as hy dink aan die kille graf waar hierdie lieflingskind van hom omsluit is deur klewerige klei en greinhout plank, waar g'n enkele ligstraaltjie of vriendelike sonskyn kan deurdring nie, dan is dit met 'n byna

kranksinnige wanhoop dat hy uitroep:

> Gooi oop die vensters alkant dan
> "en laat dit stroom uit sonnebron,
> want in one donker grafhuis is
> geen skreef, geen vensters en geen son."

Maar hierdie wanhoop wat hom soms omhul soos 'n sluier van 'n digte mis is tog nie van blywende aard nie, want al weet hy dat sy gepeins tog geen oplossing sal bring nie, wil hy nogtans glo in die voorsienigheid van die Heer en bly sy geloof aldus sy yster pantser teen die vertwyfeling:

> Dus, hou maa[illegible] op met grawe,
> "berusting is so soet;
> net een di[illegible]s gelowe
> en dit is: [illegible] is goed!"

Onder al sy lyding, in al sy ellende en smart bly hy dus nog die gelowige en in al die donkerte is sy geloof vir hom 'n brandende lig, die enigste faktor wat hom van totale ondergang red:

> Ek gaan na bed, moeg van die soek
> "en moeg van peine, met net die lamp
> van my gelofie in my hart."

Wat die "geloof" is en waarom hy daaraan vashou as laaste redmiddel is vir hom van minder belang, want hy weet dat as hy na "bewyse" begin soek hy net verder verstrik sal raak; hy glo dus dat die raaisel wel eendag vir hom opgelos sal word. Naas hierdie een troostende gedagte glo hy ook verder aan die opstanding, 'n herlewing in 'n veel beter oord as die aardse, en wat gevolglik baie bygedra het in die verdere vermindering van sy s[illegible];

> Maar nee, daar is 'n Christenhoop
> "wat heetste smart nie kan verskroei,
> wat uit die barste bodem bloei.
> Ek het gesien: uit hardste kors
> van Afrika se droë akker,
> waar veldgras wegsterf van die dors
> daar word die teerste veldblom wakker!"

Die wat dus glo in Christus sal leef al het hulle ook gesterf – die grootste hoop wat die ware Christen tog het – en hierdie hoop laat Totius dan ook berus in sy groot leed sodat hy

uiteindelik self beweer dat daar in werklikheid geen dood meer is nie:

> Daar is geen dood.
> Wat lewe heet, is net die op en neer
> as ons klein skuitjie al maar daal en klim;
> en wat ons sterwe noem, is niks nie meer
> as ons verdwyning op die gindse kim."

Sy twee kindertjies het gevolglik ook nie gesterf nie, hulle het maar alleen oor die horison verdwyn om daaragter 'n beter en gelukkiger lewe voort te sit; daar sal die ouers hulle weer terugvind en nou is die enigste waaraan hy nog dink hoe die herontmoeting sal plaasvind:

> Hoe sal dit wees, dán wees
> "as hoë hemelfees
> sal opglans oor ons ook?
> Wanneer ons binnetree
> die sfeer waar hulle twee
> al lankal op ons wag?"

Hierdie Hemelse gedagtes verdryf al sy pyn en verlig sy siel sodat hy self erken:

"Wat in my eng was word nou wyd." En met sy oë gevestig op die Ewigheid, met 'n geloof dat Christus hom al bystaan en dat sy kindertjies tog nog leef, is hy weer die blymoedige gelowige en baie meer hoopvol as wat ons hom ooit van te vore geken het:

> Die reën is verby,
> "verby is die nag.
> Die son is uit
> in fonkelprag;
> aan gras en kruid,
> met doulaag oorsprei
> hang druppels wat lag."

Hy lag nog met trane in sy oë, maar sy siel het nie te min tot inkeer gekom, sy gemoed is tevrede en sy geloof gelouter en daar is nou volkome berusting, want hoe pynigend sy ondervindinge ook was, weet hy as Christen dat sy Heer se lot oneindig droewer was, juis om vir hom as mens die weg voor te berei vir 'n ewige Hiernamaals, en as hy daarom terug kyk oor sy swartgebrande lewe dan sien hy tog dat dit in sy swartheid nog kleur vertoon in vergelyking met die lewe van Jesus,

uiteindelik self beweer dat daar in werklikheid geen dood meer is nie:

Daar is geen dood.
Wat lewe heet, is net die op en neer
as ons klein skuitjie al maar daal en klim;
en wat ons sterwe noem, is niks nie meer
as ons verdwyning op die gindse kim."

Sy twee kindertjies het gevolglik ook nie gesterf nie, hulle het maar alleen oor die horison verdwyn en daaragter 'n beter en gelukkiger lewe voort te sit; daar sal die ouers hulle weer terugvind en nou is die enigste waaraan hy nog dink hoe die herontmoeting sal plaasvind:

Hoe sal dit wees, dan wees
"as hoë hemelfees
sal opglans oor ons ook?
Wanneer ons binnetree
die sfeer waar hulle twee
al lankal op ons wag?"

Hierdie Hemelse gedagtes verdryf al sy pyn en verlig sy siel sodat hy self erken:
"Wat in my eng was word nou wyd." En met sy oë gevestig op die Ewigheid, met 'n geloof dat Christus hom sal bystaan en dat sy kindertjies tog nog leef, is hy weer die blymoedige gelowige en baie meer hoopvol as wat ons hom ooit van te vore geken het:

Die reën is verby,
"verby is die nag.
Die son is uit
in fonkelprag;
aan gras en kruid,
met doulaag oorsprei
hang druppels wat lag."

Hy lag nog met trane in sy oë, maar sy siel het nie te min tot inkeer gekom, sy gemoed is tevrede en sy geloof gelouter en daar is nou volkome berusting, want hoe pynigend sy ondervindinge ook was, weet hy as Christen dat sy Meer se lot oneindig droewer was, juis om vir hom as mens die weg voor te berei vir 'n ewige Hiernamaals, en as hy daarom terug kyk oor sy swartgebrande lewe dan sien hy tog dat dit in sy swartheid nog kleur vertoon in vergelyking met die lewe van Jesus,

want:

> Waar is 'n lot
> "wat soos Sy lot so hard is?
> Waar is 'n mens
> met smart wat soos Sy smart is?
> Waar is 'n nag
> wat soos Sy nag so swart is?"

Die gedagte aan die veel groter lyding van sy Meester bring hom tot volkome berusting, veral as hy dink dat Christus oneindig meer deurly het terwille van die mensheid en terwille van hom.

Totius het deur diep waters gegaan maar alleen sy felle persoonlike droefheid kon hom louter van alle skyn en onegtheid, alleen sy indiwidueelste smart het hom gemaak die getroue volgeling van Christus – die man van smarte – en alleen hierdie smart het hom verhef tot die suiwerste Christengelowige in ons poësie.

SAMEVATTING.

Daar sal algemeen saamgestem word dat Totius ons godsdienstigste en mees calvinistiese digter is in so verre dat hy die godsdiens en veral die eng godsdienstige of calvinistiese, deurgaans as agtergrond vir sy poësie gebruik. Dat hy egter in alle opsigte 'n voorbeeldige Christen is en in woord en daad volgens die stellings van sy groot Leermeester optree, val erg te betwyfel, en is dit ook duidelik dat sy geloof en calvinisme deur die meeste van ons kritici oordryf word.

As seun van ds. S.J. du Toit uit die Eerste Taalbeweging is dit goed te verstaan waarom Totius 'n voorstander is van die eng calvinistiese of dopperse godsdiensoortuiging wat ons deurgaans in sy werk aantref. Sy hele lewensuitsig is gegrond en vasgewortel in hierdie sienswyse waarin nie alleen sy vader, maar sy hele omgewing en die tydsgees hom die voorbeeld gestel het. Uit hierdie gesigspunt beskou is dit dus feitlik onmoontlik vir Totius om 'n ander lewenshouding te aanvaar. Voeg hierby nog sy ampsposisie as predikant en

later as hoogleeraar in 'n gereformeerde omgewing vir teologiese kwekelinge, dan word dit nog duideliker dat die digter deur lewensomstandighede gedurig gedwing is tot so'n sienswyse. En tog sal dit 'n groot fout wees as ons alles wil toeskryf aan hierdie uiterlike faktore, want in werklikheid is dit Totius se innerlike geesteshouding wat duidelik laat blyk dat hy nêrens gelukkiger sou wees as juis in daardie atmosfeer nie; daarom dan ook dat hy die bybelvertaling 'n lewenstaak gemaak het, sowel as al sy aandag gewy het aan die beryming van die psalms in Afrikaans: „Die werk in opdrag van sy kerk, maar werk waartoe die behoefte van sy hart hom seker ook aangedryf het: die Psalms tog is die Troosboek by uitnemendheid."[19] Verder kan die invloed van die bybel op sy digkuns duidelik gemerk word, vergelyk maar „By die Monument" waarvan Prof. v.d. Heever sê: „By elke gedig het ons 'n Bybelteks wat 'n intieme verband het met wat die digter behandel. As ons so die hele bundel deurlees en sorgvuldig die verband sien wat die Bybeltekste nie alleen met elke afsonderlinge gedig het nie, maar met die gees van die hele werk, dan doen die geheel byna as 'n preek in digvorm aan...."[20]

Naas sy liefde vir die „Woord" kan ook genoem word sy tipies calvinistiese opvatting van: „deur smart tot oorwinning." Hy glo naamlik dat alleen deur lyding en vernietiging van die liggaam die grootser lewe wat die aardse volg, kan beërf word: „Die lyding is 'n noodsaaklike lewensvoorwaarde, onafskeidbaar verbonde aan al wat hierdie aardse verganklikheid deel; die lewe van die mens is 'n bewuswording, wanneer die liggaam waarin die siel was, weer deel word van die voortbrengende aarde, terwyl die siel teruggaan na die Ewige Oorsprong wat God is."[21] Hiermee toon hy dan terselfdertyd sy rotsvaste geloof in die opstanding en die herlewing van die gees. Opmerklik is dit dat dit juis hierdie aspek in die Christelike leer is wat Totius beklemtoon vanaf sy eerste bundeltjie tot by Passieblomme. Die siel wat moet ly saam met die liggaam, dan deur die dood van laasgenoemde geskei word, en daarna

weer voort te leef in ewige geluksaligheid saam met sy Skepper.

So is Totius in breë trekke as Christen dan geskets, en het hy homself getoon die draer en openbaarder te wees van die calvinistiese lewensgedagte .[22] Maar het hy hierdie houding van hom deurgaans in sy werk gehandhaaf? Die 'n vraag wat ons kortliks hier wil beantwoord en op wil wys dat daar talle gevalle is wat van die teenoorgestelde getuig, en dat Totius se calvinisme soos reeds gesê deur ons kritici gevolglik oordryf word.

In die eerste plek moet daar op gewys word dat as hierdie stelling ongegrond is, ons moet aanneem dat die calvinisme hom die reg aanmatig om te doen net wat dit wil en terselfdertyd nog wil beskou word as op die regte weg, meer nog, die enigste regte weg te wees wat vir hom deur Christus aangewys is. Moontlik sit hierin juis 'n groter waarheid as wat graag deur die kerk en die calvinistiese protestante wil erken word, want vandag is dit duideliker as ooit, veral omdat ons deur hierdie huigelagtighede omring word en dit van aangesig tot aangesig kan aanskou. So was dit agter deur die eeue heen en so het die calvinisme wat maar net 'n bekrompener spruit van die Christendom is, hom nog altyd geuiter, natuurlik terwyl dit geskuil het agter die mooi maar helklinkende wekroep: vir die behoud van die leer van Christus! Durf ons ons oë sluit vir hierdie duiwelse lês? En as ons dit as regverdige beoordelaars afkeur in die optrede van die buitewêreld, dan moet ons ook gewillig wees om dit af te keur by ons eie, en as ons dit verag en verwerp wanneer die Vreemde dit doen, dan moet ons dit ook teengaan as dit deur ons eie digters - al is dit die calvinis Totius - begaan word.

Wat hierdie dinge dan betref is ds. J.D. du Toit glad nie vry te spreek nie en kan sy optrede nooit goed gepraat word nie. Eerstens moet hier dan genoem word sy politieke inmenging, waarin hy natuurlik die tipiese seun van sy vader is, met alleen die verskil dat sy vader in 1896 die "verkeerde"

politiek gevolg het, die „god-lose" soos du Plessis dit uitgedruk het,[23] terwyl Totius die „regte" groep ondersteun; verkeerd en reg soos deur elke party natuurlik gesien word. Hierin word hy gewoonlik deur ons kritici gesterk, want Dr. Dekker skryf oor sy oorlogsverse reeds, dat hy alleen uiting daarin gegee het „aan die verbysterde smart van sy volk en agter daardie lyding die Raadsplan van God" gesien het. En verder: „van die begin af word sy poësie gekenmerk deur die calvinisties-visionêre siening...."[24] 'n Mens moet jou natuurlik self afvra of dit ook in God se Raadsplan gelê het dat Totius geweier het om hierdie oorlogsdade te vergeet - want soos reeds aangestip kan niemand 'n digter kwalik neem as hy die lydinge- of heldedade van sy volk wil besing nie, selfs nie eers as hy soos van Wyk Louw dit in sy wraak uitskree:

> en as my hande wurge, o God,
> "rondom 'n heel een dag,
> Wees U die bloed, wees U die spier,
> wees U my greep se krag."

Want Louw wil geen Christen wees nie - vir hom alleen die wraak, maar wanneer 'n godsdienstige digter en veral die godsdienstigste van 'n volk, sy nasie se leed wil inslaap by sy godsdiens, dan kan hy nie langer as 'n Christen bestempel word nie. Christus self het geleef in 'n tydperk van Joodse onderdrukking, maar nooit het hy verset of wraak of die oproep om te onthou, verkondig nie. Hy het geheel en al buite die politiek gestaan en Hom alleen bepaal by Sy godsdienstige leer. Totius, so skyn dit, kan hom onmoontlik onthou van inmenging, daarom ook sy vyandige houding in 1910 toe hy ons versienste staatsmanbeleid spottend toegesnou het:

> Laat nou vaar jul ideale!
> "Unie-son skiet Unie-strale
> oor die donker volke heen-
> Boer en Brit is eind'lik een."[25]

Alhoewel sy politieke inmenging Totius se grootste afwyking in die ware Christelike leer is, en ons dit gevolg-

lik ook ten sterkste moet afkeur, is dit nie die enigste nie en blyk dit dat die digter onder al die lofuitinge van die kritiek tog nie so'n vaste geloof het as graag wil voorgegee word nie, want ook hy die twyfel dikwels en kan hom nie berus in die Skeppingsplan van die Heer nie, sodat hy soms verbysterd staan en moet vra waarheen nou, en waarom so? Hierdeur vergeet hy dan dat as opregte gelowige hy nie daar is om vrae te stel aan die Goddelike nie, maar alleen moet glo. En hoe verstaan ons hom in sy jongste bundel? Waar is sy Christelike berusting in die optrede van sy God hier? Waarom so'n felle opstand teen die Almag as dit juis dit raak wat hom persoonlik die naaste aan die hart lê, en waarom het sy volksmart waar 'n hele nasie gely en gesterf het hom nooit tot sulke uiterste wanhoop gedryf nie? „Hier het die onwrikbare geloofvertroue van die Calvinis seker 'n geweldige skok gekry, hier voor die afgronde van die ewigheid, waar die opperste verfyning en toespitsing van ons sintuiglike lewe ons nie help om die groot geheim van die Dood te deurgrond nie. Hierdie verse getuig van waarheid uit die siel gegryp. Iemand wat nie tot hierdie diepte van smart afgedaal het nie, sou wellig uit geloofsoorweging 'n hoopvolle, Godvertrouende slot bygevoeg het, maar in hierdie gedigte is dit duidelik dat die digter voorlopig van alle stutkrag berowe is...."[26] So skryf Dr. v.d. Heever nadat hy 'n insae in hierdie verse gehad het, 'n lang tyd voor dit gebundel is, m.a.w. toe Totius die calvinis nog nie deur calvinistiese geloofsopinie gedryf is om sy smartwonde te heel in berusting nie. Gedurende hierdie tyd het die digter nog nakend gestaan voor sy eie eerlikheid en kon hy nie sy gewete sus met 'n slotgedeelte wat sy aanhangers wel verwag het nie en waarvan Dr. E.C.Pienaar gevolglik ook entoesiasties getuig: „Wat 'n heerlike oorwinning vir die geloof om só uit die beproewingsnag die lig te sien daag van die ewige dag."[27]

Maar in die lig van die woorde van Prof. v.d. Heever

is Passieblomme geen oorwinning vir die geloof nie, of anders is dit 'n onnatuurlike oorwinning deur die digter behaal twaalf jaar na hy sy smart - wat deurgaans hoër as sy geloof was en wat ons hom ook nooit voor mag kwalik neem nie - onderdruk het.

Dit alles in oënskou geneem kan ons maar slegs tot twee konklusies kom naamlik, dat die calvinisme baie ver afgewyk het van die oorspronklike leer van Christus, en dat Totius gevolglik ook geen goeie Christen kan wees nie, veral as ons die hoofleerstellinge van die Nasarener opsom in die woorde: Het jou vyande lief; Gee aan die Keiser wat die Keiser toekom; en berus jou in die optrede van jou God, al doen Hy jou persoonlik die grootste smart aan. As Totius werklik hieraan voldoen het in sy poësie sal ons moet saamstem dat ons groot „Calvinistiese Sanger" die naam verdien wat aan hom so graag toegedig word!

---

Berus dit nie op uitsonderinge uit 'n „Passieblomme" nie?

Die kr. skrywer [illegible] [illegible] die Calvinisme i.p.v. die godsdienstige in die Afr.-poësie te behandel. Ook was hy self 'n baie bespreek[illegible] [illegible] meer by teenoor het. ~~[illegible]~~

## AANTEKENINGE - HOOFSTUK IV.

1. Dr. G. Dekker, Afrikaanse Psalmberyming, pg. 12.
2. L.J. du Plessis, Totius in sy Verse, pg. 4.
3. ibid, pg. 10.
4. C.M. v.d.Heever, Die Digter Totius, pg. 208.
5. ibid, pg. 60.
6. ibid, pg. 68.
7. L.J. du Plessis, t.a.p. pg. 26.
8. Albert Verwey, Proza II, pg. 95.
9. C.M. v.d. Heever, t.a.p. pg. 109.
10. ibid.
11. ibid, pg. 115.
12. Albert Verwey, t.a.p. pg. 97.
13. C.M. v.d. Heever, t.a.p. pg. 145.
14. ibid, pg. 240.
15. Prof. M.C. Botha in „Die Brandwag" 22 Sept. 1944.
16. L.J. du Plessis, t.a.p. pg. 30.
17. Vergelyk Prof. C.M. v.d. Heever in „Die digter Totius", en du Plessis in „Totius in sy verse."
18. Totius in sy voorwoord by Passieblomme.
19. L.J. du Plessis, t.a.p. pg. 36.
20. C.M. v.d. Heever, t.a.p. pg. 54.
21. ibid, pg. 187 - 188.
22. ibid, pg. 11 - 12.
23. L.J. du Plessis, t.a.p. pg. 30.
24. Dr. G. Dekker, t.a.p. pg. 13.
25. Opgeneem in „Totius in sy Verse" pg. 69.
26. C.M. v.d. Heever, t.a.p. pg. 185.
27. Dr. E.C. Pienaar, Werde, pg. 164.

## HOOFSTUK V.

## CALVINISME IN NAVOLGING VAN TOTIUS WORD VOORTGESIT. DIE VERTWYFELING WORD STERKER.

Dis duidelik dat Totius se godsdienstige opvatting soos geopenbaar in sy poësie reeds ver afgewyk het van die oorspronklike leer wat Christus op die aarde verkondig het. In die vorige hoofstuk is op hierdie afwykings gewys en het dit geblyk dat die calvinisme wat Totius verteenwoordig in verre nie meer is wat die grondlêer van die leer daarmee bedoel het nie, m.a.w. calvinisme is vandag nie veel meer as 'n verwronge tak van 'n eens suiwer en opregte geloof nie, en die aanhangers daarvan is nog steeds besig om dit meer te verdraai en te vermink. Totius self het nooit geslaag om 'n getroue weergawe daarvan te gee nie, want hy het altyd geaanker tussen die twee gedagtes van suiwer Christelikheid soos deur die Meester verkondig en die enge calvinisme wat in sy kort bestaan te veel van 'n party-godsdiens met 'n politieke kleur aangeneem het.

As Dr. du Toit dan, wat in alle opsigte moet beskou word as ons godsdienstigste digter, geen groot sukses gehad het met sy religieuse poësie nie, dan moet ons verwag dat die ander digters wat selde op die naam „godsdienstig" kan aanspraak maak, nog verder sal afdwaal en dat Totius se afwykings by hulle moontlik in groter mate sal aangetref word. Dis wat ook in werklikheid gebeur het, want al Totius se foute soos byvoorbeeld sy verwarring van die godsdiens met die politiek, die as waarheid aangenome stelling dat die Afrikaner in God se spesiale guns verkeer, die twyfel, onsekerheid en pessimisme wat dikwels by hom tevoorskyn gekom het, word alles by sy volgelinge in veel sterker mate aangetref, sodat ons verplig is om tot die gevolgtrekking te kom dat daar in ons poësie

geen werklike suiwer-Christelike of godsdienstige digter te vind is nie.

## C.J. LANGENHOVEN.

Naas Prof. du Toit moet ons Langenhoven sekerlik beskou as een van die grootste gelowiges en moontlik ook een van die grootste calviniste in ons poësie. In baie opsigte stem hulle ooreen en die enigste grondverskil tussen die twee se godsdienstige opvattings is die feit dat Totius nooit doelbewus moraliserend opgetree het nie, terwyl Langenhoven se uitstaande kenmerk juis daarin lê dat hy altyd besig was om te leer: „Hy behoort nie in die eerste plek tot die soekers na woordskoonheid nie, maar tot die soekers na lewenswysheid. Hy is die verkondiger van die wellewenskuns en wil sy leser dien as gids op sy weg deur die wêreld."[1] En: „ook in sy poësie is Langenhoven die volkskrywer, die didaktikus en digter van „wyse lering'..... 'n enkele keer mymer hy oor die raaisels van die lewe of gee hy sy godsdienstige belewinge weer."[2] Maar al was Langenhoven die leermeester van die „Woord" is „hy ver van dogmaties. Sy godsdiens is prakties en op die daaglikse lewe gerig, persoonlik en warm, soos ook sy naasteliefde. God is vir hom 'n liefdevolle Vader wie jy op duisend weë kon nader."[3] Hierdie paar gedagtes gee ons 'n goeie weergawe van Langenhoven die godsdienstige, en alhoewel hy in sy prosa oneindig meer van sy sienswyse weergegee het, is daar tog genoeg in sy poësie om hierdie opmerkinge te staaf.

Dat Langenhoven in sy geloof nooit oppervlakkig was nie staan sonder twyfel vas, maar hierteenoor is dit ook baie seker dat hy nêrens 'n teken van bekrompenheid vertoon nie, want net soos die vertalings van die psalms hom 'n groot genoeë verskaf het, net so het die verse van Omar Khayyam hom aangegryp: „Dis 'n geweldige sprong van die Gesange na die Rubaiyat, van 'n geloofsleer in 'n ewige hiernamaals na „'n lewensleer van ongeloof aan enige toekoms oorkant die graf',

van 'n verhewe Christelik-etiese moraal na 'n „soetvloeiend leer van wanhoops-wellus', van 'n kruisiging van vleeslike begeertes na 'n verafgoding van wyn en sinnelikheid."[4] Maar dit bewys juis sy onsydigheid, sy breë lewensopvatting, en soos Prof. Malherbe sê: „sy godsdiens verbind hy steeds met die realiteit, en alle misplaatste godsdienstigheid moet dit ontgeld."[5] Sy belangstelling in die Rubaiyat was dus sekerlik nie omdat hy 'n aanhanger van die „soetvloeiende wanhoopswellus" was nie, want in verband hiermee skryf hy-self: „Nee, die Heelal het 'n ander doel:- Die Rubaiyat moet al baie godloënaars en wellustelinge tot nadenking gebring het. En daarin die regverdiging van hierdie ponginkie om hom 'n Afrikaanse kleed aan te trek."[6] Tipies van Langenhoven met sy algehele neutrale standpunt waar hy ook in hierdie „duiwelse leer" die goeie kan insien en waardeer. Tog mag ons nie as gevolg van hierdie houding van hom aanneem dat hy 'n agnostiese standpunt teenoor die godsdiens ingeneem het nie, want na alles was hy 'n groot godsdienstige met 'n kinderlike geloof, alleen wou hy nie die wanbegrip aanvaar dat sy sienswyse die enigste en ware godsdiens behels nie. Maar in sy persoonlike oortuiging staan hy tog, soos reeds gesê baie naby aan Totius, waar hy soms die calvinisme openlik adverteer het soos in die bekende vers „Lied van die Calvinis:"

> „Onder voorspoed, onder rampe,
> Hoe die sonskyn my bestraal of hoe die storms
> oor my slaan;
> Kry ek liefde, kry ek stampe,
> Bloei daar lelies op my pad of groei daar distels
> waar ek gaan -
> Onder alles kalm tevrede,
> Voel my hart en weet my rede,
> Daar's 'n sterrehemel oor my en 'n rots waarop
> ek staan"

Wanneer ons deur Langenhoven se gediggies lees dan is daar veral een groot en uitstaande eienskap wat ons herhaalde kere tref en wat mens in werklikheid as die kerngedagte van sy poësie kan aanneem, dit is die groot liefde wat daar straal

uit sy werk, liefde vir sy volk, sy medemens en selfs vir die stomme dier, maar bo alles is dit sy kinderlike liefde vir sy God en Vader. Telkens laat hy ons dink aan Coleridge se mooi vers:

He prayeth best, who loveth best
"All things both great and small;
For the dear God who loveth us,
He made and loveth all."

Hierin het hy dan ook duidelik vervul wat Christus verkondig het van: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand..... en jy moet jou naaste liefhê soos jouself." 71) Dis due duidelik dat hy die wyses uit die Ooste wat gevra het waar Jesus se Ryk, en leërs en gesag is, nie andere kon antwoord as:

Hoor, wyse manne, hoor! die naam
"Van sy gesag is LIEFDE. God is liefde;
Liefde is Almagtig."

In hierdie enkele woord sien hy die openbaring van die groot Geheim, die sleutel tot die hele Skepping. Want al sluit die Lewensplan sulke dinge in soos die dood en vernietiging, soos haat en nyd, dan sien hy oor alles heen die een ewige glanspunt - Liefde!

Oorał oor die ganse aarde, deur die wêreld wyd en syd,
"Sien ek een ding maar bestendig - ek sien liefde al die tyd,
Sterf, o dood, en leef, o lewe! want die Al-Voorsienigheid
Heers met liefde oor die lewe deur die tyd en ewigheid."

Omdat hy liefde as die hoogste ideaal gestel het, het hy ook geweier om met ander wapens behalwe die liefde op te tree, sy raad aan die volk is gevolglik ook om weg te doen met geweld en i.p.v. haat en nyd die vyand te beveg met die hoogste troefkaart - liefde; want:

Teen hierdie troef bestaan geen vyands mag;
"Geen dwingeland kan hom aan ons ontneem.
Die troef is liefde, en elkeen van ons
Sal liefde kry omdat hy liefde gee
Van broer aan broer, seuns van Suid-Afrika."

Hieraan het P. nie altyd ... [illegible]

Eienaardig genoeg is die enigste persoon wat vandag in hierdie

wêreldwoeling gebruik maak van Langenhoven se troefkaart nie 'n Christen nie, maar die Hindoe Ghandie. Waar Christene besig is om mekaar uit te delg en waar afguns en dierlike wreedheid oor die wêreld heers moet dit juis 'n Oosterling wees wat met dié groot wet van Christus sy Christelike vyande beveg!

DIE PAD VAN SUID-AFRIKA.

Omdat dit Langenhoven se beste en in werklikheid enigste digbundel is, sal dit seker nie so onvanpas wees om hier afsonderlike aandag aan te gee nie. Grotendeels stem dit ooreen met Totius se Ragel en Celliers se Unie Kantate, daar dit slegs historiese feite weergee, en waar ons by genoemde digters dit herhaalde kere aangetref het dat sodra hul op die gebied van die volksgeskiedenis kom, hulle politiek en godsdiens meng en die een by die ander insleep, met die gevolg dat die suiwer godsdienstige moet ly onder die patriotiese en nasionale gevoel, is dit met 'n mate van huiwering as ons Die pad van Suid-Afrika met die oog hierop nagaan. Maar hoewel Langenhoven sekere eienaardige calvinistiese stellings huldig, moet ons tog aan die einde van die werk erken dat die teenstrydighede in die godsdienstige wat so dikwels by eersgenoemde twee te bespeur was, maar selde deur Langenhoven gebruik van gemaak word om sy nasionale gevoel mee te benadruk.

Langenhoven sien die pad van Suid-Afrika uit die "agtervelde" kom wat vir almal duister is behalwe vir God "en vir die Ewige Hede van God," die pad lei ook na die onbekende en is alleen bekend aan "Ene wat weet en regeer." Ons as volk beweeg voort op hierdie weg, maar elke gebeure, of dit smart of vreugde is, is só deur die Goddelike bepaal en vasgelê in die wêreldplan van God - elke voorval, hoe ondeurgrondelik dit vir ons skyn te wees, het dus sy doel en het alleen gebeur op die spesiale wens van God:

Kom daar teëspoed, siekte of dood, daar's 'n Vader daarbo
"Wat liefhet en weet. Dreig daar gevaar, ons verag elke
mag op aarde.
Die Almag wat gans die Heelal in die holt'
hou van Sy hand
En sonnestelsels oor peillose afgronde slinger,
het elke stap
Van die grootste en kleinste van ons van Ewigheid
voor alle Ewigheid vasbepaal."

Hierin is Langenhoven die suiwer calvinis met presies dieselfde teorie as wat ds. S.J. du Toit aangehang het naamlik, die predestinasieleer. Hoe die volk dus ook wik en weeg en wat daar ook mag gebeur, niks sal afwyk van die ewige planne van God nie. Wat 'n onmoontlike lewensopvatting ! Want as God dan die weë van een volk bepaal dan moet aangeneem word dat hy ook die paaie van ander nasies sal reël. En hoe verklaar ons dan die omstandighede wat daar vandag heers in die allergrootste uitdelgingslag van alle eeue? Dan moet ons alleen aanneem dat die liefdevolle God van die Christen nog net so'n ongemotiveerde houding aanvaar as die Joodse Jehovah wat groot stede laat uitdelg het tot op hul fondamente - met slegs die een doel, om sy uitverkorenes te help! Maar vandag beskou elke nasie, soos Langenhoven met sy eie volk ook gedoen het, dat hulle die uitverkorenes van die Heer is en die vyand altyd ook die vyand van God is. Langenhoven doen presies dieselfde, want in die Voortrekkers sien hy die groep wat deur die Almag gelei word en in die naturelle die vyand van beide Boer en God. Alle handelswyse en optrede van die Trekkers teenoor die vyand word dus geonderneem in Sy lig, want:

"Ons ken geen vrees as die vrees van God."

Dis 'n standpunt wat so oud as die berge is, naamlik om alle misdade, of liewers "liefdesdade" uit die oog van 'n Magspolitiek gesien, altyd te laat uitvoer in die naam van God. Almal doen dit vandag en almal het dit gedoen tot in die verste verlede!

Eienaardig genoeg is dat Langenhoven hierdie huigelagtige teenstrydighede self insien en dan vir 'n oomblik in

"~~Verduistering uit~~

> Julle wat nouelike tyd het om te tuimel
> "uit die wieg in die graf –
> Julle bid tot die Ongenaakbare, Ewige Onbekende?"

Maar dan blyk dit direk daarna dat dit alleen tydelike gedagtes van ongeloof is wat by hom opdoem, en dat hy dit gou verdryf met die glorievolle versekering:

> Ons aanbid onse God wat regeer met 'n Majesteit so eneindig
> "Dat Hy ied're atoom in iedere sel van die laagste wurm bestier."

Hierdie God van Langenhoven is in werklikheid 'n God tot in die fynste betekenis van die woord – die die waaragtige calvinistiese God:

> Hy waak deur ons nag en Hy lei op
> "ons weg en Hy woon in ons hart;
> Al wat meer is is minder as niks – ons
> weet ons Verlosser leef."

Hiermee het Langenhoven baie duidelik neergelê dat hy die pligsgetroue calvinis is. Want hoe onverstaanbaar God se weë is, selfs so dat Sy eie Seun moes uitroep:

> "Eloï, Eloï, Lamma Sabachtani!",

nogtans vertrou Langenhoven dat hierdie God hom en sy volk nooit sal verlaat nie en al moet beide verneder word tot in die stof, of al moet selfs die grootste gedeelte van die volk op die bloeddorstigste wyse sterf, dan val dit alles nog in die Alwyse Raadsplanne van God en moet elke indiwidu altyd dit in gedagte hou:

> Die skepsel sy eén vir eén, die Skepper met almal saam:
> "Op Golgota hang 'n God aan die kruis,
> en Hy hang in die mensheid se naam."

Selfs Totius het nooit so'n onwrikbare vertroue geopenbaar nie, veral as ons aan sy jongste werk dink. Langenhoven daarenteen betoon deurgaans dat hy die calvinis in hart en siel is en dat hy die hand van sy God oor alles gestrek sien,

daarom ook dat hy die pad van Suid-Afrika sien verdwyn onder 'n ereboog waarop in skitterende kleure staan:

> Op U almag vas vertrouend het ons vadere gebou:
> "Skenk ook ons die krag, o Here, om te handhaaf en te hou
> Dat die erwe van ons Vaad're vir ons kinders erwe bly:
> Knegte van die Allerhoogste, teen die hele wêreld vry.
> Soos ons vadere vertrou het, leer ook ons vertrou, o Heer:
> Met ons land en met ons nasie sal dit wel wees, God regeer."

In hierdie slotstrofe van die volkslied vind ons feitlik die hele godsdiensfilosofie van Langenhoven saamgesnoer: die Almag van God waaraan ons vadere geglo het en wat hy verlang dat die volk ook moet aan glo - en die tipies calvinisties-nasionalistiese standpunt dat ons absoluut vry staan teenoor die wêreld en alleen kniel voor die almag van God.

Behalwe hierdie calvinistiese optrede van Langenhoven wat bewys lewer dat hy nooit ver verskil van Totius en selfs nie met die Patriotters nie, tref ons nog faktore soos die volgende aan wat sy godsdienstigheid sterker laat uitkom: Sy liefde vir die bybel soos weerspieël in „Skaduwees van Nasareth", „Die Mantel van Elia", „Die Letterkundige skoonheid van die Bybel", sowel as talle ander sketse, verhale en gedigte waar die stof uit die bybel ontleen is, en ook die beryming van die „Gesange in Afrikaans" is hiervan 'n sprekende bewys. In al sy gediggies word verder die volgende calvinistiese eienskappe aangetref: Die duisterheid van die Skeppingsplanne, maar die verpligting wat daar op die mens rus om dit te gehoorsaam sonder enige verset, want God weet wat die beste vir elkeen is en Hy sal 'n ieder onder Sy beskerming neem sodat daar nie 'n haar van sy hoof verlore gaan nie; God is die ewige Almagtige, Hy ken Sy tyd, Hy is die liefdevolle Vader en die Algoedheid wat die wentelgang van Hemel en aarde bestier, deur Sy ewige planne. Die enigste waarin hy werklik met die calvinisme verskil het is dat hy nooit eng in sy godsdienstige opvatting was nie en dat hy nie sy eie oortuigings beskou het as die enigste weg tot die Saligheid nie, daarom het hy steeds van die standpunt uitge-

gaan: "Moenie met 'n ander se godsdiens spot nie, as jou eie soveel beter is, het jy al jou tyd nodig om dit te waardeer en te beoefen."

D.F. MALHERBE.

Die vroomheid wat daar spreek uit Malherbe se poësie moet vir 'n groot mate toegeskryf word aan die oorerwingsfaktor, nie alleen van sy eie voorgeslag nie, maar ook as 'n direkte gevolg van die godsdienstige agtergrond van die nasie. So word Malherbe dan in werklikheid een van die digters in wie die godsdienstigheid van die volk die sterkste weerspieël word. Die volk, maar veral die vryheid van die volk het baie naby aan sy hart gelê en kom in elke werk van hom tot uiting, totdat dit met sy jongste "Brood op die Water", 'n hoë klimaks bereik. Hierdie vryheidsgedagte wat so nou saamgeweef is met sy godsdienstige oortuiging sodat die een dikwels verward raak met die ander, stem in 'n groot mate ooreen met Totius se "By die Monument", "Ragel" en "Donker Afrika", met Celliers se "Jopie Fourie" en met "Die Pad van Suid-Afrika" van Langenhoven.

Vanaf sy eerste werk word hierdie houvas wat die Voorvaderlike godsdiens op Malherbe gehad het gemerk en toon hy duidelik sy algehele tevredenheid en berusting in die planne van God, wat selfs vir die kleinste aardse wese sorg soos byvoorbeeld vir die voëltjies daarbuite, want:

Voedsel strooi die Wyse Skepper
"ook hier met sy milde hand."

As gevolg hiervan is dit te verstaan dat Malherbe feitlik automaties in die bres sal tree en as kampvegter sal optree vir die volksverlede. Hy sien die nasie as uitverkorene van God in Wie se hande hulle lotgevalle berus, sodat hulle selfs in staat is om Hom in 'n danklied te huldig tegelyktydig met hul aardse plesier.

Maar hoor! ver bokant die walslied uit
"Klink statige tone van stemmegeluid -
'n dankgesang
van vrome siele vir 'n ander dag,
'n aandgebed
om troue Vaderhoede deur die nag."

Waar die Trekkers gegaan het en in watter omstandighede ook al, „Sy boodskap" uit „oue Bybelwoord" was altyd daar om te troos en aan te moedig, want hul het vas geglo dat God hulle deur die eeue gelei het en nog sal lei met 'n vaste doel. Sodoende het hul „'n volk tot Godes eer" geword, „gehoorsaam aan

Sy wil en wet".

So het die voorgeslag geglo en vertrou en so glo Malherbe ook aan die God van die Vaders - want as die Heer dan self vir die nietigste diertjies sorg dan sal Hy tog ook dink aan die doen en late van die mens wat na Sy beeld geskape is, en is dit op sy beurt weer die plig van elke lewende wese om Hom te dank vir die gawes en sorg wat uit Sy milde Vaderhand ontvang word. Hierdie calvinistiese gedagte van God as oorskaduende Grootheid wat niks verkeerd sal doen nie, en die mens as nietige niks wat alleen moet aanbid, word deur die digter tot 'n bytende humor gevoer as hy na die bloedige moorde by Bloukrans oor die paar ontvlugtes skryf:

O daar het menige dankgebed
"geklim tot God wat bo verstand
en bo begrip gelei het en gered."

'n Mens voel geneig om met 'n mate van spot te vra: vir wie gelei en wat gered? Die paar ontsnaptes - om die honderde in 'n afgryslike bloedbad te laat sterf? En dit noem Malherbe 'n boverstandelike reddingswonder! Nee, selfs die ortodokse calvinis behoort by so'n „boverstandelike"geloof alleen te kan glimlag. Dog dit dien alleen as verdere bewys hoe nou Malherbe verbonde is aan die geloof van die voorgeslag; hulle het geglo dat God 'n wonder verrig het en die vir hom genoeg, want soos die jong loot van die oemkokotane die moederstam omrank tot dit volwassenheid bereik het om dan

verder selfstandig te kan voortbestaan, so glo die digter dat ons eie geloof moet saamvloei en vashou aan die vaderlike sedes en gewoontes totdat dit in persoonlike selfstandigheid geheel kan gewy word aan Sy diens:

> Seilwit-glansend rys sy stam na bowe,
> "sy jonge stam gewentel om vaderkrag,
> om vaste steun van vaderlike sedes,
> tot swaar sy takke hang van lowerdrag."

Malherbe glo dus maar net aan een God naamlik die God wat die vaders gelei het deur die eeue heen, en soos hulle Hom geprys het so wy die digter ook sy „Lofsang" aan Hom.

> U onbegrepe Wêreldbouer,
> "standvaste Wil en Onderhouer,
> dank al wat adem.
> U waak oor al u wêreldwerke,
> brei uit u arms om werelddwerke
> en gans omvaden.
>
> U roem ruis met die sterre mede
> en duisend sonne in ewighede,
> so hoog en luide,
> want alles wat u goedheid wewe
> is roembeduide
>
> Is 't awend - of is 't noenestond,
> U wêreldhuis, die ruim deursonde,
> leen van u luister,
> en alomheen uit eensaamhede
> styg stille en soet van diepste vrede
> 'n dankgefluister.
>
> Bo eindes-einde blink U werke,
> U roem is hoog, Gedugte, Sterke,
> en ongemete,
> U roem ruis met die sterre mede
> en duisend sonne in ewighede,
> bo aardse wete."

Veral in die laaste vers het ons 'n voorbeeld van die hartstogtelike bewierooking van die calvinis, die mens wat hom klein en nietig gevoel teenoor die „Gedugte, Sterke." En tog vind ons, afgesien van al hierdie beulblasery, dat Malherbe geensins so'n getroue en rotsvaste gelowige-calvinis is as wat dit dikwels skyn te wees nie, want ook by hom, net soos by sy voorgangers, tref ons die vertwyfelingsgedagte aan en as hy luister na die gesuis van die wind dan voel hy 'n heimwee oor hom kom en is dit asof die ondeurgrondelikheid van die lewe hom omknel sodat sy siel half bevrees fluister:

O nagwind, ek hoor maar deurgrond nie
"Jou klaende, suisende sang -
My harte klop sneller en sneller,
My kinderlike harte word bang!"

Soos met Celliers die geval was, is dit juis die natuur wat Malherbe ook na hierdie gedagtes voer, en as hy op die strand staan en oor die ewige kom en gaan van die branders staar wat skynbaar doelloos hulle ritmiese beweginge herhaal, dan ontstaan die vraag spontaan:

Seg, het jy 'n doel
" Watervleg,
Skuim-gespoel?
Of is jou kome en gaan
maar bedrog,
skynbestaan.....?"

Hierdie vertwyfelingsgedagte tref ons veral sterk aan in Malherbe se eerste werkie, maar ook later duik dit telkens weer op en in „Die Timmerman" smag hy net soos Totius om agter die geheim van die dood te kom, al is dit dan net om 'n blik te kry van wat ná die lewe sal plaasvind.

O lig die sluier effens op
"Om net 'n skaduskimp te kry...."

'n skimp in daardie sfeer waar die „geueraaisels" verklaar word. Want nie alleen staan hy verslae teenoor die dood nie maar ook die lewe is vir hom onbegryplik, en hy kan nie soos sy mede-Christens maar net eenvoudig aanneem en die onverklaarbaarhede toeskryf aan die wil van God nie. Bitter is gevolglik die woorde wat hy in die mond van Gouws lê:

Is 'n aardse vader ooit so wreed?
"Is dit die liefde van sy God."

En as al die pyn en ellende, al die nuttelose lewensbedrog wel deur die toedoen van God geskied, dan verkies hy liefs vervloeking as genade van so'n onregverdige Vader! Want dan is die afgesaagde ou refrein van:

„Terug weer na die oue paaie....."

van nul en gener waarde en is die hele lewe slegs „pöel" en "selfbedrog."

Die vertwyfeling van Malherbe wat in „Die Timmerman" oorgegaan het tot verbittering, groei in „Somerdae", al is dit dan slegs in 'n enkele geval, tot die koudste sinisme as hy die rooivlerkspreeu „so somber-swart" as simbool van sy eie lewe stel. Die spreeu se lied is vir hom een van „warm verdriet" wat deur die „winterkou" en onder die somber stormweerswolke doodgesmoor word. En soos die spreeu se smekende stemgeluid word ook sy smart 'n honderdmaal herhaal:

O rooivlerkspreeu,
„So somber-swart,
So noodverward,
ek hoor jou in die noordewind.
O bedelaar-kind,
verstom, verkluim
in raaisel-dom
van koue, wrede
wêreldruim!"

Die skreiende teenstelling van hierdie vers, met sy groot geloofsvertroue wat ons aan die begin gemerk het, is onverklaarbaar. Maar dan moet ons in herinnering hou dat hierdie skeptisisme maar slegs af en toe sy verskyning gemaak het en dat die digter byna onmiddellik na sulke wanhoopsgedagtes weer tot inkeer kom om soos Celliers in „Eensaamheid" te erken:

Here, wonderlik verborge
„lewe en sterwe weef U hand,
deur die sluiers van ons sorge
soek ons oog U Vaderhand."

En soos Gouws in „Die Timmerman" na hy sy langverlore dogtertjie weer gevind het, saam met die gelowige gemeente kon neurie:

„Voed het oud vertrouwen weder,"

so kan Malherbe ook baken as hy sy eie lewe in oënskou neem en luister na die „Voetstap" van die Heer:

dan weet ek, Heer, van roesbrand vry,
„uit oes van ongenoegsaamhede,
sal ryp 'n graanvrug met U skreue,
'n brokkie Sabbatsbrood vir my."

In die begin is reeds aangetoon dat Malherbe vir 'n groot mate sy geloofsopvatting ingerig het volgens die geloof

van die vadere, en omdat ons voorgeslag geneig was om in alles die hand van God te sien, sal ons van die digter wel verwag dat hy soos die Eerste Beweging ook die leidende hand van die Heer in alle volksake sal bespeur. Hierin word ons egter verras want dit is eers in sy jongste bundel waar hy die neiging toon om agter die wel en wee van die volk die hand van God te sien. Ons mag nie hierdeur mislei word en meen dat Malherbe aan die begin minder godsdienstig gesind was nie, inteendeel, dit is feitlik presies die teenoorgestelde, want aan die begin het die digter geweier om God se naam te koppel aan elke gebeurtenis wat daar op die volksweg voorgeval het, maar later, soos veral duidelik blyk in „Brood op die Water", het hy net soos sy voorgangers, nie geskroom om sy politieke oortuiginge te verwar met sy godsdiens nie, met die gevolg dat daar feitlik geen enkele vers in hierdie bundel voorkom waar 'n mens nie die woorde van die derde gebod kan toepas nl. „Jy mag die naam van die Here jou God nie ydelik gebruik nie ...."

Aan die begin staan Malherbe in sy volksverse dan ook veel suiwerder teenoor die godsdiens as later, en goed kom dit uit in sy eerste werkie „Karroo Blommetjies", waar „Die Berg" afgesluit word met die mooi bede:

> O leer aan ons volk
> "Wat nog wankelend gaan
> om trou deur die nag
> van storms te gaan."

Dis duidelik dat „Die Berg" hier simbool van die lewe is en nie van God nie, net soos Leipoldt in „Die Bergtragedie" die gees toelaat om die „Moederstad" aan te spreek in plaas van God, so doen Malherbe hier ook, en al voel ons dat die lewe vir hom wel deur God bestier word, dan is alleen die gedagte dat God se naam nie ingesleep word nie 'n bewys dat hy sy wense en begeerte wat op politieke grondslag berus, nie met God se naam wil verbind nie.

Ook in die ander van sy vroeëre werke soos in

"Klokgrassies", "Vir Vryheid", "Rivier en Veld" en "Somerdae," wat almal voor 1930 verskyn het, word hierdie houding geopenbaar en alhoewel hy meestal die leiding van die volk in die Heer se hande plaas soos so duidelik spreek uit die volgende:

> Op die skrikpad van gevare
> "rustig, veilig lei ons God;
> met die klimming van ons jare
> Skoner straal ons lewenslot.
>
> Vrug op arbeid van ons hande,
> dankbaar op Gods goedheid bou,
> nuwe land en eenheidsbande,
> vryheid, blyheid, vrede en trou,"

merk ons hierin tog geen persoonlike bybedoelings nie - dis meer die godsdienstige Malherb wat in sy bede die volk toevertrou aan Hoër Hand. In "Siel van Suid-Afrika" word verlaas nog duidelik aangetoon dat hy verwag dat die volk ook af en toe sonder die hulp van God moet probeer klaarkom en hulle plig selfstandig moet vervul; dis asof die digter self moeg is van die ewige geesnik om hulp van Bo sonder om self skouer aan die wiel te sit en op te staan uit die as en sakke, gevolglik laat hy die verenigde koor uitroep:

> Staan op, my volk, uit duisterhede
> "van kerkekuil en dorre waan,
> rys met die gloed van sielegebede
> en diep-verbete loutertraan."

Self doen of self probeer, met ander woorde WERK ! is dan ook die oorheersende gedagte van hierdie werkie. Werk vir die toekoms, werk vir die vryheid en werk vir sie sielealigheid en dan eers kan ons seën verwag:

> Waar een vir almal,
> "elk vir ander,
> en almal werkend
> vir mekander,
> die groot gebod
> van volk-wees eer
> en opsien tot
> die Hemelheer ..."

Hierin vind ons dan ook die groot verskil tussen die eerste godsdienstige vaderlandsverse van Malherbe en die van die calvinistiese volksgedigte in die algemeen. Malherbe het die

volk se wel en wee oorgelaat aan die bestier van die Allerhoogste, maar hy het as eerste vereiste gestel selfwerksaamheid, want alleen diegene wat gewillig was om met eie hulp die hande uit die moue te steek was geregtig om bystand van God te verwag.

In sy jongste werk het Dr. Malherbe hierdie mooi etiese gedagte egter laat vaar en openbaar hy 'n totaal ander gees. Dis asof hy lam geslaan is deur die politieke omwentelinge en uit menslike oogpunt beskou nêrens meer lig kan sien nie. Hy vestig nou nie alleen al sy hoop slegs op die Heer nie, maar dit skyn asof hy God en Sy straf aan die volk wil voorhou vir hulle politieke afdwaling. God word dus sonder skroom in eie politieke oortuiging ingesleep, en sodoende betree die digter presies dieselfde weg wat die Patriotters en later Totius gevolg het. In plaas van langer die suiwere Christen te bly, verander Malherbe hier tot die gewone propagandis wat nie vir 'n oomblik skroom om sy kinderlike geloof van vroeër in te span voor die politieke strydwa nie. Poësie is vir hom ook nou nie meer 'n passie nie, maar word gebruik vir 'n spesifieke doel:

> Digterswerk is volg op wenke
> "deur gewyde hartebrande,
> is gebed in soet gedenke
> aan vereonke liefdelande."

So daal Malherbe dan van sy hoë posisie wat hy in ons godsdienstige poësie beklee het tot presies dieselfde modderpoel waarin die Christene van vandag hulle bevind. Nie langer is hy meer die verteenwoordigende sanger van die religieuse volksgevoel nie, maar word hy die godsdienstige propagandis van slegs een politieke aksie. Dr. D.F. Malherbe het hiermee bewys gelewer dat hy soos die Patriotters, Totius en soms ook Celliers en Langenhoven ver weggedwaal het van die pad wat deur die groot Meester bewandel is, veral in hierdie een spreuk dat aan die Keiser moet gegee word wat syne is en aan God wat aan Hom behoort. Maar juis hierdeur het die digter getoon

hoe nou hy verbonde is aan die moderne godsdienstige rigting, omdat die Calvinisme sowel as die hele Christendom vandag, soos maar ook in die verlede, hul nasionale en politieke gevoel verdedig agter die wapenrusting van die Christelike geloof.

Tog wil ons Malherbe nie te hard veroordeel nie, veral as in gedagte gehou word dat sy groot afwyking alleen plaasgevind het onder nog groter abnormale toestande en dat die digter behalwe in hierdie laaste werk van hom tog deurgaans die indruk laat dat hy, afgesien van sy menslike tekortkominge, nogtans begerig is om wanneer sy laaste rus aangebreek het sy hoof in kinderlike vertroue neer te lê aan die boesem van sy Vader en sy God.

> Sluit so my oë God, wanneer vir my
> "U Engel wenk ter laaste, lange rus
> en ek van wilde woeling hier moet skei;
> dat my dan soete drome huistoe sus
> en sterke Hand deur duisternisse lei,
> Sluit so my oë, God, as ek gaan rus."

## DR. J.R.L. VAN BRUGGEN.

Dit gaan moeilik om Kleinjan onder die calvinistiese digters te plaas, want meer as die res van h[illegible]die groep het hy afgewyk van die eng-calvinistiese [illegible] s[illegible] vertwyfeling en panteïstiese neigings regverdig dit [illegible]volglik dat hy eerder onder die aanhangers van Jan Celliers, of selfs Leipoldt, kan gereken word. En tog, 'n mens voel byna dat van Bruggen self sal verkies om in sy godsdienstige opvatting geskaar te word in die geselskap van Totius en die se volgelinge. Sy jongste bundel lewer dan ook duidelike bewys dat die Potchefstroomse calvinisme 'n diep merk in sy siel gebrand het waarvan hy nie maklik weer sal bevry word nie. Sy poësie toon duidelik die sirkelgang, calvinisme - panteïsme - en weer terug na die calvinisme aan.

Eerstens merk ons in sy paar oorlogsverse volkome ooreenstemming met die werk en gedagte wat daar geuiter is in die

hoe nou hy verbonde is aan die moderne godsdienstige rigting, omdat die Calvinisme sowel as die hele Christendom vandag, soos maar ook in die verlede, hul nasionale en politieke gevoel verdedig agter die wapenrusting van die Christelike geloof.

Tog wil ons Malherbe nie te hard veroordeel nie, veral as in gedagte gehou word dat sy groot afwyking alleen plaasgevind het onder nog groter abnormale toestande en dat die digter behalwe in hierdie laaste werk van hom tog deurgaans die indruk laat dat hy, afgesien van sy menslike tekortkominge, nogtans begerig is om wanneer sy laaste rus aangebreek het sy hoof in kinderlike vertroue neer te lê aan die boesem van sy Vader en sy God.

> Sluit so my oë God, wanneer vir my
> "U Engel wenk ter laaste, lange rus
> en ek van wilde woeling hier moet skei;
> dat my dan soete drome huistoe sus
> en sterke Hand deur duisternisse lei.
> Sluit so my oë, God, as ek gaan rus."

DR. J.R.L. VAN BRUGGEN.

Dit gaan moeilik om Kleinjan onder die calvinistiese digters te plaas, want meer as die res van hierdie groep het hy afgewyk van die eng-calvinistiese weg. Sy vertwyfeling en panteïstiese neiginge regverdig dit gevolglik dat hy eerder onder die aanhangers van Jan Celliers, of selfs Leipoldt, kan gereken word. En tog, 'n mens voel byna dat van Bruggen self sal verkies om in sy godsdienstige opvatting geskaar te word in die geselskap van Totius en die se volgelinge. Sy jongste bundel lewer dan ook duidelike bewys dat die Potchefstroomse calvinisme 'n diep merk in sy siel gebrand het waarvan hy nie maklik weer sal bevry word nie. Sy poësie toon duidelik die sirkelgang, calvinisme - panteïsme - en weer terug na die calvinisme aan.

Eerstens merk ons in sy paar oorlogsverse volkome ooreenstemming met die werk en gedagte wat daar geuiter is in die

Patriotiese gedigte van die Eerste Beweging en die van Totius, Langenhoven en Malherbe. Die volk staan volgens hom onder die leiding van God, wat dikwels straf en pyn veroorsaak met 'n spesiale doel. Gevolglik is dit die plig van die nasie om te berus in hierdie Hoër Wil, maar volgens hom behou hulle dan darem die reg om hul vyande te haat en nie te vergeet die smaad wat hul deur hierdie vyande aangedoen is nie!

As calvinis is Kleinjan verrassend-bly in sy wete en geloof dat hy die „Waarheid" ken.

Nou ek die skone waarheid weet,
"Daar is 'n God – en Hy is Goed!"

Sy God is 'n „God van Liefde" en:

Hy voer my sag
"Langs stille watere, en in die dal
Van dood en skaduwee ken ek geen vrees
Want Gode is my herder."

Wanneer sielewroeging hom omknel en helgedagtes hom terneerdruk, dan rig hy sy skrede na God en smeek:

......omvou my met Jou vrome
"Mag, O, God! – En as die duister sak,
Staal al my senings en maak rein my drome,
Sodat ek sterk kan voel as sonde bo my pak!"

Hierdie is almal gedagtes wat ons dikwels by Totius aangetref het, en wanneer hy in die natuur die wese van sy God merk wat

„Met eie hand ..... die skoonheid so geverwe,"

het, en in die aand

„'n glimlag van die Heer" sien, dan merk ons ook die invloed van Celliers. Dog soos in die begin reeds gesê is die houvas van Leipoldt baie sterk, want teenoor sy gemaklike berusting in die bybelse God vind ons by hom soms 'n groot mate van verbittering, veral teen die onderduimsheid van daardie Jeiers wat hart en siel aan die aandeelmark gebind is en slegs kan dink aan „ponde ... in die kas," maar dan vir oëskyn bid „vir weduwee en wese," terwyl hul egter al die tyd

besig is met hul duiwelswerk en hul ewenaaste met die hulp van "Mammon" en "Mars" uitroei tot op die laaste man toe, wyl:

"Die vrede-God staan hunk'rend op die drempel."

Hierdie skynheiligheid van die sogenaamde Christenvolke maak die digter skaam en byna wanhopig roep hy uit:

"O God gee lig! -"

Was dit moontlik om hierdie redes dat hy soms geneig was om die ortodokse God en godsdienstige opvatting wat al sulke huigelagtighede toegelaat het te verwerp en rondult te verklaar dat die mens nie moet vra na oorsprong of na wat die doel van die lewe is nie, maar alleen moet glo en besef dat:

Die God van al die gode hier op aarde
"Kan jy alleen begryp met jou gevoel!"

Gevolglik ook sy lang lofsang aan die panteïstiese God:

O Pan ek voel jou asem in die sonnegoud,
"En passievol is jou omarming" -

of:

"O Pan, jy hang 'n krans van skoonheid om die
slape van die Skepping,
jy is die wet wat wortel in natuur."

Teenoor hierdie vreugdevolle God bejammer hy homself dat hy 'n Christen moet wees, maar doen nogtans die belofte dat hy Pan sal dien tot met sy laaste snik:

En ek, al is ek 'n arm Christen
"Wy aan jou nog my sterwensuur."

Dis te verstaan dat hy gevolglik diep ongelukkig is, want as Christen vind hy juis in die panteïsme dit wat hy tevergeefs nog deur die jare gesoek het in Jehovah en Christus.

"O Passiegod en godheid van misterie!
Jou asem is as sonnegoud
Jou liefdeskus lê warmer op die wêreld
As sinnesoen op lippe koud.
Jy drink die dou van somervelde,
In blommekelkies kom jy woon.
En in die siel van heel die wêreld
Lag jy onsigbaar - en lag skoon!"

Hierdie panteïsme, die liefde vir die passievolle en vir die skoonheid van die natuur laat ons verras opkyk, want die iets wat totaal vreemd is in ons poësie en wat slegs naastenby kan vergelyk word met Leipoldt se natuuraanbidding. Dis daarom so jammer dat Kleinjan sy „vreemde liefde" nie verder aangedurf het nie en dat 'n dopperomgewing hom moes laat terugdeins na hierdie enkele verrassende uitbarsting,en hom weer terug gedwing het tot sy calvinistiese idees en ou-testamentiese God en geloof! Want behalwe hierdie enkele afwyking het van Bruggen baie selde die grootpad van die calvinisme verlaat. Af en toe hoor ons hom nog sug:

En daar ween in my sagte gesange<br>"Van harte wat soek - verniet -,"

of voel hy die heimwee van menslike nietigheidsbesef as hy

.....met so'n eindelose verlange<br>"Soek na iets, daár êrens bo die sterre."

Dog behalwe hierdie gedagtes het hy steeds die getroue dienswillige dienaar van die calvinisme gebly. Sy jongste bundel is hiervoor 'n sprekende bewys waar veral die lydensdrama van Christus hom aangryp soos op te merk in die volgende:

Ek het Hom lief, Gesalfde Mensekind!<br>"Ek het Hom lief om al Sy menslikheid.<br>Hy treat met my, en'k weet dat Hy altyd.<br>gestreef het om ons vlees met gees te bind."

Mooi ook kom sy calvinistiese oortuiging uit in die vers waar hy sy hele lewenslot werp in die skoot van God, en ons gevolglik laat dink aan die verhaaltjie waar die vader sy seun wil laat verstaan dat dit vir hom seerder is om die kind te straf as wat die seun kry wat gestraf word:

As droefnis in jou diepste vreet,<br>"glo God is liefde, en dat Hy<br>jou so kasty, omdat Hy weet<br>dat jy deur leed Hom lief sal kry."

8. IGNATIUS MOCKE.

Opmerklik in die poësie van Mocke is die groot doodsvrees

wat daaruit straal, soos veral blyk uit die ses sonnette "By die graf van 'n vriend." Die dood van hierdie persoon het die digter aangegryp en hom gedwing tot dieper oorpeinsing, en asof gewek uit 'n rustige slaap roep hy verskrik uit as hy die rye graftes om hom merk:

> .......................... Grote God!
> "Is dit die end, die eindpaal van ons lot?
> Word sò U woord deur eeue dan vervul?
> Hoe huiweringwekkend is die end wat wag, -
> Die of die Dood in waansin om my lag!"

Die Dood - die uiteindelike heerser oor ons lewe - is dit wat die digter laat stilstaan en soms laat voel soos Eugene Marais aan wie hy ons dan ook dikwels laat dink in hierdie sonnetreeks. Hy kan nie oor die gedagte kom dat sy vriend nog pas saam met hom die Skepper kon loof en nou, na so'n korte oorgangstydperk lê daar tussen hulle:

> ...................'n ondeurdringbre woud
> "van doodsgeheime, donker, eindeloos."

Hierdie kerkhofsverse behoort nie alleen tot Mocke se beste nie, maar die gedagtes daarin geuiter is die diepsinnigste en suiwerste in al sy werk. Hier sien ons sy onrus en merk ons sy wanhoop, maar hierin kom ook te voorskyn sy groot geloofsvertroue, want alhoewel hy twyfel en die verganklikheid soos 'n skildwag oor die lewe sien staan, is sy hoop tog duidelik, want selfs in die dood sien hy 'n mate van troos omdat daar nie meer is:

> .......... die wanhoop van die vlees,
> "wat groei uit twyfel tot 'n hel van smart.
> Jou stof is maar die skim wat agterbly,
> Jou gees is ewig, en jou siel is vry!"

By vertwyfeling by die oordenking van die dood kom nog 'n paar keer te voorskyn in "Vlugtige Aandrif", veral die gedagte dat alles wat skoon en edel is tot niet moet gaan:

> O bitterheid dat ons wil lewe en moet sterwe,
> "Dat alle liefde en skoonheid moet vergaan,-"

maar dan kom die digter tot berusting en sien hy in dat om in

God te glo beteken ook om te glo in al Sy doen en late:

"Want sterker as die dood selfs is geloof,"

en as hy eers glo dat God ook oor die dood heers dan bly daar niks vir hom oor as om alleen te bid:

> "Skenk aan die hart, O God, dan milde vrede,
> Dat ons die dood in liefde kan aanvaar,
> En nie in laaste, opstandige aandrif, met 'n bede
> Ontwaak en huiwerend in die Donker staar."

'n Mens kan begryp dat iemand wat so oor die einde van die lewe dink ook ander dinge sal merk wat hom tot mistroostigheid en onrus sal voer. Daarom dat hy soms verbysterd staan oor:

"Die geheime van lewe en lot,"

en dat dit sy sielsbegeerte is om die duisterhede te probeer oplos. Maar as die vertwyfeling hom skielik oorval en hy verontrus word deur die onverklaarbaarheid van die lewe, dan laat hy nie toe dat sy twyfelgedagtes hom tot verbittering voer nie, want in die onrus probeer hy dan die Goddelike vind omdat hy meen dat God ook nooit kan rus of rustig wees nie:

> "En in die dieptes van die siel waar flus
> Nog vrede was, ontwaak nou vreemde smart,
> En onrus só gejaagd, só onverstaan!
> Ek weet meteens God het ontwaak in my,
> Ek voel meteens my siel verwant aan Hom
> Wat nimmer rus; - die onrus van Sy krag
> Deurhuiwer my."

Van hierdie idee naamlik dat God selfs in die onrus is, is dit natuurlik 'n baie klein stappie tot by die panteïsme. En dis presies wat ook gebeur, maar by Mocke is dit meer 'n soort van calvinistiese panteïsme - as so'n uitdrukking moontlik is - want die digter sien nie in die skoonheid van die natuur sy God nie, maar eerder merk hy die alomteenwoordigheid van sy calvinistiese God in die natuur sowel as in die uiterste skuilhoeke van die lewe, en daarom ook in homself. Hy luister na God in die gesuis van die wind en stormgebruis van die onweersang wat oor die velde trek, en hy hoor Sy adem in die ruising van die

................ stag-oseaan,
"Op die maat van ewig kom en gaan."

Maar waarom merk hy God in die elemente van die natuur, in die skoonheid van die blom en in die glimlag van sy moeder of die kindjie wat langs die agterbuurtstraatjie in vodde bokspring? Alleen om soos sy vadere aan te toon en te glo dat:

Op berge en in dale, ja oweral is God!"

Omdat hy God se teenwoordigheid gedurigdeur om hom voel, glo hy ook dat God hom persoonlik deur die kronkelweë van die lewe sal lei en hom alleen sal straf uit vaderlike liefde:

Die kruis, my vriend, is slegs jou opgelê
"In Liefde; Liefde is Sy [illegible]el
Wat saam met jou in al [illegible] smarte voel.
Hy reinig jou, Hy wil die beste hê."

Hiermee, dink ek, het Ignatius Mocke bewys gelewer dat hy van al ons jongere digters, moontlik die naaste aan die calvinistiese idee staan en in die opsig groot ooreenstemming met Totius toon. Hy twyfel soms - maar dit doen Totius ook - en daardeur skyn dit asof hy die ware geloof nie so ernstig kan opneem nie, maar is dit nie juis 'n teken van sy menslikheid nie! Want groot en hoog bo sy kleine twyfel en onrus troon sy geloof, geloof in die alomteenwoordigheid van God en in die geloof dat God slegs kasty uit liefde. Daarom is die bede van Mocke ook die tipiese gebed van die opregte, gelowige Calvinis:

Leer my, o God, om bo my aardse lewe
"In luisteryke lig van d' ewigheid
My siel te voed met voedsel van die Grote,
Om uit die nouts van my klein bestaan
Steeds opwaarts, opwaarts, hemelwaarts te strewe."

Omdat hyself die geloof soos vurige kole in sy siel voel brand, is dit te verstaan dat sy wekroep aan die jeug van Suid-Afrika nie anders kan wees nie as:

Trou aan God, trou aan onsselwe
" Aan die Vryheidsideaal;
Trekkerseuns en trekkersdogters
Trek! God sal die pad bepaal!"

Uit hierdie lig gesien het daar vir Hooks niks anders oorgebly as volkome berusting nie. Hy het hom oorgegee aan die Wil van God, hy het hom neergelê by Sy besluite en glo alleen dat God die beste weet en hom sal lei tot die uiteindelike doel:

> Want hier het jy die ewigheid beleve,
> "Hier het jy God se sterke hand gevoel;
> En alle onreg, alle smaad vergewe,
> Jou vasgeanker aan Sy Groter Doel."

Hiermee bly dan ook niks meer oor as om slegs Gode lof te sing en Sy Grootheid te verheerlik op eg calvinistiese wyse:

> My vriend, van ewigheid is 't so bepaal:
> "God is te GROOT vir ons begrenste taal."

DIRK MOSTERT.

Mostert is by uitstek die vaderlandse propagandis wat weet hoe om van die godsdiens gebruik te maak om die volksbelange te bevorder. Natuurlik is dit vandag een van die algemeenste gebruike in die Christelike wêreld, sodat dit geensins meer verbasing wek nie - hoogstens kan dit 'n bitter glimlag uitlok; maar omdat Mostert nie beskou word as 'n verteenwoordiger van ons godsdienstige poësie nie, het hy dus moontlik meer reg om van hierdie middel gebruik te maak, 'n middel wat deur die eeue heen soms met sulke goeie resultate toegepas is. Hy moet egter besef dat sulke huigelagtighede by die groep wat nog hul heldere verstand kan laat seevier bo hul emosionele haat en liefde, goed bekend is en dat hy deur so'n handelswyse alleen afbreek doen aan homself en aan dit wat hy dink te dien, naamlik sy volk en sy God. Die digter lei sy bundel in met die wekroep:

> Mag God in sy wye genade
> "My liefde behaend aanskou,
> Sodat ek die roem van my nasie
> vir altyd in hulde kan hou!"

As God 'n regverdige God is soos algemeen aangeneem, dan is dit onmoontlik vir Hom om behae te hê in die lofsang van Mostert waar dit slegs vir sy eie volk bedoel is, ten koste van ander nasies:

> God het julle offers van wyding,
> "julle roemryke sterwe gesien."

So laat hy sy oproep verder klink. Dit neem ons wel aan, maar het Hy dan nie ook die offers en roem van die volksvyande gesien nie? En as ons verwag dat ons deur offers en roem die uitverkorenes moet wees, kan die vyand nie met reg dieselfde verwag nie?

Mostert stel drie eise aan die volk, naamlik om te werk, te bid en te veg. Eersgenoemde twee is Christen-deugde wat vir duisende jare reeds hul waarde getoon het; maar hoe kan ons die laaste een rym met Christelike beginsels, waar Christus veral hierin self baie duidelik die voorbeeld gestel het? Dog as ons die optrede van die Christenv[illegible] vir die afgelope twintig eeue in oënskou neem, dan is dit 'n duidelike bewys van die onuitvoerbaarheid van hierdie stelsel, of minstens onuitvoerbaar in die Christenwêreld, want werklik onmoontlik is dit nie, hoe anders is dit dan dat die Indiese Hindoeleier en sy miljoene volgelinge vandag in 'n wêreld wat oorkook van haat en nyd nog kalm en bedaard kan bly en gedwee gebuk gaan onder Christelike liefdadigheid - regverdigheid en - Christelikheid?

Die digter stel verder vas dat die Afrikaner volk aan God glo - dit moet ons erken, tenminste net soveel aan Hom en Sy leiding glo soos die res van die wêreld, en dit is hoogstens net so lank as wat dit hulle pas. Maar as hy soos so baie van ons ander digters ook gedoen het wil voorgee dat die Afrikaner spesiaal gelei word deur die Opperwese en dat ons in Sy besondere guns verkeer, Sy uitverkorenes is, dan is dit net so dwaas en veragtelik as die skreeuende propaganda wat daar vandag oor die wêreld heers, waar selfs die

skandelikste godloënmaars wat tot onlangs nog van hul kerke koeistalle gemaak het, hul nou ewe skielik voordoen as verdedigers van die Christelike beginsels en ook help veg vir die behoud van die Christendom. Hierdie dinge is in werklikheid niks meer as 'n belediging vir die intelligensie van elke selfdenkende mens nie, en tog word dit gretig versprei as 'n toonbeeld van Christelike samewerking en Christelike liefde in diens van Hom wat alleen vir die ware Christen-gelowigɔs gesterf het!

In sy volksverse het Mostert dus opgetree soos ons deurgaans reeds van ons calvinistiese digters opgemerk het, en wanneer hy meer individualistiese verse lewer dan wyk hy geensins van sy ingeslane pad af nie en trek 'n strofe soos die volgende veral ons aandag.

> Ek dwaal aan stille waters,
> "aan bostoneel en stroom,
> en toef by blombegroeisels
> in ewig' skoonheidsdroom;
> maar nêrens kon ek vinde
> die boek van waar genot
> wat voortvloei uit die skoonheid
> En nêrens vind ek God!"

Waar van ons grootste digters na die natuur gegaan het om gemoedsrus en vrede te put, waar hulle in die skoonheid van die natuur altyddeur die asem van God as 't ware gevoel het, daar vind Mostert geen inspirasie en kan hy ook nie sy God sien nie. Vir hom is daar slegs een weg- die calvinistiese, naamlik dat jou eie siel moet gelouter wees, rein en van alle sondes bevry:

> Keer tot jou siel se wese
> "en kweek daar skoonheid tot
> jy ook in ander siele
> die beeld kan sien van God."

In eie siel en wese wil die digter dan ook die hoogste Goed soek omdat hy juis daarin homself die naaste aan die Goddelike gevoel; nie dat hy hierdeur poog om 'n vergelyking tussen hom en die ewige Heerskappy te tref nie, maar wel uit calvinistiese oogpunt besien naamlik, dat uit eie wese voortspruit al die goed en al die kwaad van die lewe. Terselfdertyd wil hy

egter met hierdie houding van hom aantoon dat die Heer besondere aandag skenk aan elke mens en dat Hy alleen van alles weet en eendag sal straf of beloon na verdienste:

In elker siele huisves diep geheime.
"Nooit sal 'n mens die siel se dieptes sien.
Alleen die Heer weet wie in ware liefde
bereid is om tot sterwens toe te dien.
Alleen die Heer se oog ken al die sonde
wat in die siel se bodem skuilend lê.
Maar eens sal Gods basuin op al die winde
dit aan die einde van Sy skepping sê!!"

Die gedagte wat deur alle calviniste gehuldig word - die ewige beloning wat sal volg op lange aardse lyding. En so toon Dirk Mostert dat hy 'n sterk verteenwoordiger van die calvinistiese idee is. Maar ongelukkig is sy poësie te oppervlakkig en in die ooglopend propagandisties om gereken te word as gelouterde en besielde godsdienstige verse.

TWEE PREDIKANTE - HARPER MARTINS EN LODOVIKUS.

Die opvallend dat alhoewel ons poësie deurgaans godsdienstig gekleurd is, ons tog brandarm is aan predikantdigters, en van die paar wat hulle wel aan die digkuns gewaag het is dit alleen Totius wat op enige louere kan aanspraak maak - Martins en Lodovikus slaag uiters selde daarin om bo die gerym van die Eerste Taalbeweging uit te styg, en in die godsdienstige gedagte wat hulle in hul versies wou uitbring is hul gewoonlik swakker as Hoogenhout en ds. S.J. du Toit.

Harper Martins sê in sy eerste werkie waar die predikantsgees sterk te voorskyn tree en die moraliserende les soos klokslag volg: . Ek is 'n bewonderaar en liefhebber van die natuur en gevoel my self gedwonge om dit te besing." [5] Goed maar dat hy dit in nugtere prosa gemeld het, anders sou 'n mens dit werklik nie in sy rympies kon ontdek nie, want oor die natuur net soos oor die godsdienstige, sing hy maar alleen - sing op 'n uiters vals noot en herhaal dieselfde afgesaagde deuntjie oor en oor:

Ek voel nou die grootheid, die waarde van Hom,
"Wie alles gemaak het en enkel met stem;
Want God het gebied en dit het daar gekom!
Die mense, die diere, die wêreld van Hom."

Hierdie God van hom is nog die bybelse, die ou Joodse Jehovah!

Hy, die God van Israel,
"Die Verbondsgod, onse Heer,
Wie ons daeliks verlig
In By almag meer en meer."

"Die rusteloos Gees" toon in g'n opsig enige verbetering of vooruitgang nie, behalwe in verwaandheid soos spreek uit: "Aan my Gedigte."

Lê maar hier my liefies en word sterk;
"gaan jul eens die harte in,
gediggies,
doen jul werk !"

Die dom... meen natuurlik dat hierdie goedjies wat hy gedigte noem goeie werk moet doen, maar dis te betwyfel of hulle ... meer as baie slegte gevolge sal hê, tenminste vir daardie persone wat kan roem op enige letterkundige en godsdienstige smaak. Dit herinner sterk aan Kloos se aanval op die dominees van Veertig in Nederland, waar hy daarop gewys het dat hierdie mense in hulle betwetery maar net heengaan en hulle Sondagse preek gedurende die week neerskryf in rym en dan verwag dat 'n goedgelowige gemeente dit ook moet aanneem as sielevoedsel en letterkunde.

Die inleidende gedig in hierdie bundel, is uit watter oogpunt dit ook al beskou word, sekerlik nie die papier werd wat daaraan vermors is nie, en die ortodokse bybelgedagte daarin geuiter nog minder – luister na sy ou-testamentiese hel:

Die wind waai fel, die vlamme dreun en raas,
"die donker wolke maal deur windgeblaas.
Gekerm en geskreeu en oral
dat heuwels moet bedek en berge val
tot redding, skuiling vir die vreeslikheid –
liewers so geban tot in die ewigheid."

Tipies ook van die dominee is die minagtende houding wat uit

Ek voel nou die grootheid, die waarde van Hom,
"Wie alles gemaak het en enkel met stem;
Want God het gebied en dit het daar gekom!
Die mense, die diere, die wêreld van Hom."

Hierdie God van hom is nog die bybelse, die ou Joodse Jehovah!

Hy, die God van Israel,
"Die Verbondsgod, onse Heer,
Wie ons daeliks verlig
In Sy almag meer en meer."

"Die rusteloos Gees" toon in g'n opsig enige verbetering of vooruitgang nie, behalwe in verwaandheid soos spreek uit: "Aan my Gedigte."

Lê maar hier my liefies en word sterk;
"gaan jul eens die harte in,
gediggies,
doen jul werk !"

Die dominee meen natuurlik dat hierdie goedjies wat hy gedigte noem goeie werk moet doen, maar dis te betwyfel of hulle ooit meer as baie slegte gevolge sal hê, tenminste vir daardie persone wat kan roem op enige letterkundige en godsdienstige smaak. Dit herinner sterk aan Kloos se aanval op die dominees van Veertig in Nederland, waar hy daarop gewys het dat hierdie mense in hulle betwetery maar net aangaan en hulle Sondagse preek gedurende die week neerskryf in rym en dan verwag dat 'n goedgelowige gemeente dit ook moet aanneem as sielevoedsel en letterkunde.

Die inleidende gedig in hierdie bundel, is uit watter oogpunt dit ook al beskou word, sekerlik nie die papier werd wat daaraan vermors is nie, en die ortodokse bybelgedagte daarin geuiter nog minder - luister na sy ou-testamentiese hel!

Die wind waai fel, die vlamme dreun en raas,
"die donker wolke maal deur windgeblaas.
Gekerrem en geskreeu en oweral
dat heuwels moet bedek en berge val
tot redding, skuiling vir die vreeslikheid -
liewers sô geban tot in die ewigheid."

Tipies ook van die dominee is die minagtende houding wat uit

dieselfde werk straal vir alle ander gelowe behalwe sy eie, en waarvan hy noem „die halwe maan," „die vors van Hindostan" en „Poëtevors Lucifer". Hierteenoor gevoel hy hom self hoogsgelukkig omdat hy weet dat alle deugde en waarheid in sy geloof opgesluit lê, en daarom hef hy 'n „Hosannalied" aan

„van God Almagtig en van God die Heer."

Lodovikus staan in geen opsig hoër as ds. Martins nie en daarom kan die woorde van Dr. B.B. Keet waar hy skryf: „Ons Afrikaanse letterkunde moet ook sy godsdiens-sangers hê, wat die magtige motiewe van die godsdiens aanwend om ons kultuurlewe te verryk," [9] niks anders as misplaas weet nie, want hierdie predikant is net so min 'n sanger as wat hy daar ooit in sal slaag om ons letterkunde te verryk. Soos meeste calvinistiese dwepers het hy nie die minste gepoog om werklike besielde godsdienstige kuns te lewer nie, maar het alleen op eg stereotiepe wyse 'n propagandistiese poging aangewend om sy eie godsdienstige leer te verheerlik en om verder daaragter te skuil wanneer hy van een of ander persoonlike oortuiging wil ontslae raak. So sien ons hom optree as profeet en roep hy die volk bombasties toe:

> Ontwaak volksiel, ontwaak, ontwaak!
> "Die dag is daar, daar wag 'n taak -
> Geen more-sluim'ring meer!
> Die wind blaas oor die volk're-ass!
> Die Grote Gees sal Lewe gee -
> Profete, profeteer!"

Naas sy „profetiese" sothede het hy dan ook nooit verder gekom as die oorbekende gesanik van: God as middelpunt, God die volmaakte Vader, God die Almagtige, God wie se arms ons omvou, God wie se besluite en planne vir ons nietige mensekinders duister is maar wat ons as goeie gelowiges nogtans slaafs moet gehoorsaam, ens. Alles maar slegs afgesaagde frases en mooi praatjies wat uit die bybel of psalms en gesange oorgeneem is, sonder enige poging tot oorspronklikheid, en sonder enige vuur en menslike oortuiging. Lodovikus se godsdien-

stige rympies kan in kort dan ook saamgevat word in sy slotstrofe van „Toewyding:"

U, Jesus, sy
"My hart en daad
En ook my vers gewy;
Want buiten U
Is 'k buiten raad:
En los van U
Is 't loos van daad
En ganseṇtal ontwy!"

Ons dominees kan hulle gerus maar by hul preekstoel, bybel en psalmboek bepaal en die letterkunde oorlaat in die veilige hande van gebore en geïnspireerde digters.

<u>'N PAAR MINDER BELANGRIKES.</u>

Behalwe die digters wat sover in hierdie hoofstuk behandel is, kan ons nog die volgende noem wat in minder of meerder mate ook calvinisties gesind is: Theo Jandrell, Willem Kamp, J. Nel v.d. Merwe, J.H. Malan, Johan Smit, S.J. du Toit, en J.H. Naude. Van hulle kan laasgenoemde vier feitlik buite rekening gelaat word, eenvoudig omdat daar te min van die godsdienstige in hul werk gevind word om hul sonder meer onder die calviniste te plaas. Tog lewer elkeen af en toe iets wat ons wel laat vermoed dat die calvinisme ook by hulle nog die grondgedagte vorm. So sien Naude homself dan as die nietige stipseltjie in die groot heelal en sê:

Te groot vir my die God wat d' aard
"borduur met oseaan se skuim."

S.J. du Toit laat weer sy calvinistiese agtergrond deurskemer as hy in een van sy paar oorspronklike gediggies tot sy gestorwe vader spreek:

O, vader, in Gods goue hemelland,
"Waar in Sy gulde lig u altyd leef,
Waar oprys, uit Gods glorie-glans geweef,
Die Een'ge Stad oor goud van duin en strand."

Die bundeltjie van Smit herinner dikwels aan Langenhoven, veral wat betref die kinderlike opregtheid wat daaruit spreek, en 'n versie soos die volgende lewer bewys van sy godvresendheid

soos deurgaans in "Afdrukkies" aangetref word:

Na die Hemelse Voog
"Alle harte omhoog
Om vergewing van sondige dade,
Lê 'n mensdom gekniel
Met 'n stukkende siel
Tot die Vader te smeek om genade."

In "Sonskyn en Skaduwee" waar saam met enige sketse en verhale ook 'n aantal gedigte van J.H. Malan gebundel is, sien ons hoe hy oorneig tot die calvinisme. Hy kom in werklikheid heelwat sterker met sy godsdienstige oortuiging voor die dag as Naude of du Toit. Letterkundig is die werk uiters swak, maar in byna al die lang verhalende gedigte merk ons die calvinistiese strekking, soos byvoorbeeld die volgende uit "Bethlehem."

Heerlik in U ew'ge glans
"Straal Gy Ster, in menselewe,
Ontnewel uiteig. hoof bekrans
Met vorse krag in nuwe strewe;
Hemelslig van reinheid, vree
Wêrester van duistre aarde,
Bly ons Troos op lewenssee,
Bly steeds Bethlehem van waarde!"

In hierdie opsig is Theo Jandrell van veel meer belang as bogenoemdes en van hom kan slegs gesê word dat hy die goeie Christen is soos die kerke en leeraars vandag wil hê dat hulle gemeentelede moet wees. Hy glo aan die ortodokse kerklike opvattings en vertrou op sy hemelse Vader soos die dominees verwag dat hy moet doen. Al praat hy soms van homself as "dwaalsinnig kind", dan weet ons dat dit maar alleen uit skugterheid is en dat hy tog diep in sy siel glo dat hy op die regte pad verkeer en vas vertrou dat as hy eendag voor die hemelpoort kom en sê:

O Vader, die
"U kind, wat smekend toegang vra,"

dan sal hom die toegang verleen word. Hy kan nie anders as om hiervan oortuig te wees nie, want sy weg deur die lewe volg hy alleen aan die Hand van die Heer, en soos die psalmis van ouds verklaar hy:

> Langs stille waters, fris en klaar,
> op grasbeklede, soete wei,
> Voer Hy, my Herder en my Heer,
> So sag vir my."

Omdat hy hom altyd gevoel onder die vleueldekking van die Almagtige te wees, vrees hy niks, ook nie die dood nie, want hy weet dat God hom altyd naby is en hom sal beskerm teen alle gevare.

Jandrell is die kinderlike gelowige, nooit opdringerig en nooit op die voorgrond nie. Hy nader sy God soos die kind 'n verstandige vader sal nader, vol eerbied en respek, maar sonder vrees en terughouding. Selfs sy volksgedigte wat tipies calvinisties is, laat geen wrange smaak agter na die gelees is nie, en 'n mens voel dat hier iemand is wat so vas op sy God vertrou dat dit dwaas sal wees om hom te probeer kritiseer. Sy werk het min letterkundige waarde, en alhoewel hy slegs 'n paar gediggies geskryf het waarin sy godsdiens tot uiting kom, voel ons onwillekeurig dat hy hierin op 'n suiwerder wyse sy geloofsvertroue uitgesing het as selfs die veelgeprese Totius. Theo Jandrell wat bereidwillig en met stille berusting sy kruis opgeneem het sonder verwyt of agterdog dat hy moontlik meer te verduur het as sy mede-pelgrims, is 'n gelowige Christen en eensinnige mens wie se geloof alleen met respek kan bejeen word

Willem Kamp meen, volgens die lang titelgedig van sy bundel, dat die hoogste oorwinning oor die lewe daarin lê dat die mens hom volkome moet berus in die bestier van God. Die weeshuisseun Dolf het ambisie en sy manmoedige strewe voer hom tot die hoogste sport op die lewensleer. Maar dan oorval die noodlot hom en hy word blind. Kamp wil dat dit spesiaal aan hom gedoen is omdat hy in sy sukses nie die hulp van God erken het nie! Dolf voel die onreg en vir lank bly hy opstandig teen die lewe, totdat God hom uiteindelik tot 'n ander insig lei. Dan sien die blinde in dat God die beste gedoen het, hy kom tot volkome berusting, word gelukkiger as ooit te vore en be[illegible]

daardeur sy grootste sukses en oorwinning oor die lewe:

> En Hy wat hom die kragte het gegee
> "om heel die wêreld uit sy pad te breek,
> sy pad wat hom na die volle Somerslewe heen sal lei,
> laat hom sy ware vryheidslied nou sing...."

Die digter het sy bes probeer om die calvinisme te propageer, maar dit was 'n totale mislukking, want ons voel na die lees van hierdie gedig meer opstandig as van te vore. 'n God wat immers een van sy skepsele so nodeloos wreed kan straf vir so'n nietige menslike mistrap, durf geen God genoem te word nie, en as ons geloof in Hom moet baseer wees op vrees, vrees dat Hy ons soos Dolf sal straf as ons nie Sy wense wil vervul nie, dan kan daar nie sprake van 'n opregte geloof wees nie, en moet al ons pogings om te geloof ook beskou word as slegs 'n plan om die Goddelike te uitoorlê.

Die ander gediggies in die bundel lewer niks besonders nie. Kamp probeer alleen om die tipiese calvinis te bly volgens die model wat Totius vir hom gestel het - daar is g'n besieling in die werk nie, en ook geen eie insig nie.

By J. Nel v.d. Merwe tref ons wel die onrus en vertwyfeling in 'n sekere mate aan, maar oorheersend is hy tog sterk gelowig en begeer hy dat ook die volk moet terugkeer na die ortodokse geloof van die voorvaders:

> O God, laat ons nou almal huistoe gaan:
> "die Statebybel van sy rakkie haal
> eerbiedig nogeens lees van die beeld van Baäl
> en hoe U toe ook al U volk vermaan."

Voor hy egter so ver kom val hy dikwels vas tussen die skeure en splete van vertwyfeling en is die lewensraaisel ook vir hom 'n onoplosbare probleem:

> Twee vragende lippe net
> "geen woord meer
> wat ek kan fluister.
> Twee uitgestrekte hande net,
> want ek staan weer
> alleen in U duister."

In hierdie duister wat hom omsluit smag hy soveel te meer na die lig en wonder hy waarom dit dan juis moet donker wees:

"Waarom moet ons altyd soek
"na wat daar bo geskrewe staan,
na wat ons wel kan sien,
so hoog in sterreskrif, maar nooit verstaan?"

Al hierdie onoplosbaarhede van die Skepping maak hom egter nie verbitterd en dryf hom ook nie tot opstand nie; dit laat hom eerder na hulp en troos en leiding by die Skepper soek. Hy bely dan ook sy "Waansinnigheid" omdat hy die Goddelike wet versmaai het en soos die teruggekeerde verlore seun strek hy sy hande smekend na omhoog en bid:

Maar ek tree U heiligdom weer nader ....
"verlangend, gebroke en verniel,
met uitgestrekte hande, Vader,
om net maar weer hier stil te kniel."

Die grootste deel van die bundel word deur hierdie soort verse gevul en dit skyn asof die Godsverlange van v.d. Merwe soms dreig om 'n manie te word. Maar soos so dikwels die geval met die jongere digters, is dit by hom ook niks meer as 'n ydele spel van 'n kragvolle Woord nie, want ons voel dat bo al die skynbare smartvolle verlange en aanbidding, God niks anders vir hom is as wat die flikkerende kersvlam vir die mot is nie - die skitterend en aanloklik, moontlik warm en ook beskermend teen die vernietigende vlermuisgedagtes, maar verder betekenloos. Want hoe anders kan ons 'n vers soos "Die Sterwende" verklaar, waar in sestien reëls die naam van die Godde-like nie minder as agt keer in verskyn nie, met so'n stout-kinderagtige gekerm soos:

"en God, ag God, so baie moes hy ly."

Die hierdie oordrywing en misbruikmaking van Gods naam wat ons laat voel dat v.d. Merwe se godsdienstige gevoel goedkoop en oppervlakkig is. Hy stamel sy gelowigheid uit soos 'n kindjie wat pas begin praat het en die woord mamma tot vervelens gebruik, sonder dat die werklike betekenis daarvan in die minste begryp word.

AANTEKENINGE - HOOFSTUK V.

1. Dr. E.C. Pienaar, Werda, pg. 196.
2. Dr. G. Dekker, Afr. Litt. Gesk., pg. 95.
3. F.E.J. Malherbe, Aspekte van Afr. Litt., pg. 5.
4. Dr. E.C. Pienaar, Taal en Poësie, pg. 4[illegible].
5. F.E.J. Malherbe, t.a.p. pg. 5.
6. C.J. Langenhoven, Inleiding by die Rubaiyat.
7. Mattheus 22 vs. 37 - 39.
8. Harper Martins, Die Losberge - voorwoord.
9. Dr. B.B. Keet, Voorwoord by Ontwaking van Lodovikus.

## HOOFSTUK VI.

### JAN CELLIERS AS VERTEENWOORDIGER VAN 'N RUIMER GODSDIENSTIGE OPVATTING. SY NATUURLIEFDE LEI TOT ONRUS.

Die opmerklik hoeveel van ons ouer digters afkomstig is óf uit 'n predikantfamilie óf uit 'n besonder-godsdienstige huis - Totius, Leipoldt, Langenhoven, Malherbe en ook Jan Celliers, wie se grootvader aan moederskant, die Franse sendeling eerwaarde Bisseux was en wat „op die kindergemoed van die toekomstige Afrikaanse digter ..... 'n baie groot invloed gehad (het)!"[1] Daarom noem E.C. Pienaar hom dan ook „'n mooi tiepe van die ras-egte Christenpatriot ..."[2] Maar afgesien van hierdie getuie oor sy godsdienstige agtergrond en opvatting, het Celliers nooit van die standpunt uitgegaan dat omrede hy Christen is, hy al sy verse moet wy aan die geloof nie, m.a.w. hy het nie sy poësie in diens van die godsdiens gestel nie. „Kuns," so het hy self geskryf: „Kuns is 'n besielde mededeling van een of ander. En solank as dit dit is, is dit skoonheid en kuns, en kom dit ook minder op aan wat die eintlike mededeling op eigself was. Dit kon net so goed oor 'n sandkorreltjie wees as oor sonne en planeetstelsels, oor 'n muggie as oor God. En daar is gedigte oor muggies wat mooier is as gedigte oor God, omdat die een kunstegiee wat mooier is as gedigte oor God, omdat die een kunstenaar ons meer van God in 'n muggie laat sien as die ander in God self."[3] In hierdie woorde word die digter se religieuse oortuiging soos uit sy digwerk spreek, baie mooi deur homself opgesom. Want hoewel hy die Goddelike dikwels in die eenvoudigste grassprietjie of veldblommetjie besing en bewonder het, het hy nooit probeer om God self - die calvinistiese God - in sy poësie te verheerlik nie. Tog het hy, afgesien van hierdie feit, daarin geslaag om in die „alledaagse", die Godde-

like beter uit te bring as menig ander digter wat hom die taak spesiaal opgelê het.

DIE VLAKTE EN ANDER GEDIGTE.

As kind van die wye Afrikaanse velde is dit maklik te verstaan waarom Jan Celliers so sterk onder die invloed van die natuur gestaan het, want alhoewel dit te gewaagd sal wees om sommer nou al te beweer dat hy in die natuur sy God gesien het, kan dit tog nie betwis word dat die natuur 'n geweldige indruk op ons vlaktedigter uitgeoefen het, so groot dat hy dikwels deur die natuur tot God gespreek het. Die natuur het as 't ware vir hom die middel gewees om tot die heiligheid van God te nader. Daarom dat hy ook in die aangrypende titeldig van sy eerste bundel, die vlakte deurgaans simboliseer met God:

> Ek slaap in die rus van die eeue gesus,
> "ongesien ongehoord ....."

Die swyende grootheid, ons kan byna sê Almagtigheid van die vlakte, is vir Celliers soos die seë was vir die skrywer van Genesis; daarom dat hy ook die bybelbeeld voor sy gees roep met die woorde:

> Volswanger van lewe 't oor waat're geswewe
> "die gees van die Heer,"

en omdat die vlakte geformeer is uit die watermassa, daarom merk hy nog altyd "die gees van die Heer" in sy sie velde met sy wonderbaarlike natuurlewe waar die aarde "'n danklied .... ten hemel" stuur vir die weldaad wat die Algoedheid aan dit bewys het. En saam met die velde kniel die digter en stuur ook sy danklied op in die grootse en majestieuse tempel van God!

In die natuur het Celliers nog daeliks die openbaring van die Heer se wondere gesien, want vir hom het daar nog nie 'n einde gekom aan die wonderwerke van God nie. As sy medemense dus vra waarom "ons Liew'n Heer" dan nie meer Sy mag laat geld soos in tye van ouds nie, waarom Hy nie meer water byvoorbeeld kan verander in wyn nie, dan sê Celliers dat die-

selfde wonder nog elke dag gebeur en wel in:

........ die wonderkrag
"wat grond en water same bring
en in haar aardevat dit ming
met sonneskyn
tot druif en wyn."

Vir hom lê in hierdie natuurlike wonder net so'n grootsheid opgesluit, as in die mirakel wat Christus 'n twintig eeu gelede voor 'n ongelowige gehoor verrig het om hulle te oortuig van Sy alvermoëndheid. Dieselfde wonderwerke wat destyds plaasgevind het gebeur vandag nog, maar ons bly steeds ongelowig in so verre dat al hierdie dings wat om ons gebeur, as „doodgewoon" beskou word.

Die wondere van die natuur, maar veral die uitgestrekte eensaamheid daarvan, het vir Jan Celliers 'n Goddelike bekoring gehad en 'n byna bonatuurlike invloed op hom uitgeoefen. Dit word die sterkste en duidelikste gesien in sy bekende „Eensaamheid," waar die dag vir hom „sterwe" soos „een in sy armoed verlaat" met niemand aanwesig behalwe die lug wat in „stil aanbidding staan" nie. In hierdie sterwensuur gaan die digter se siel oop as hy sy herinneringe een vir een oproep, die blyes met 'n glimlag en die droewiges met 'n traan. Onder die bekoring van die Goddelike aandstilte voel hy hom nader aan sy Skepper, voel hy hom in werklikheid asof hy in die teenwoordigheid van God self is, en kan hy al sy menslike droefheid uitsnik met slegs die woorde: „Heer vergewe." Met hierdie enkele gedagte ontbloot Celliers dan ook vir ons sy ganse innerlike sielelewe en godsdiens. Hy is nie die huigelagtige fariseër wat sy sondes op die markplein of op publieke byeenkomste bieg nie, hy laat ook nie deur middel van advertensies aan die wêreld weet dat hy sy oortredinge bely het nie. Nee, hy fluister maar alleen in die stilte van die [illegible]aamheid: Heer vergewe. Sodoende voel hy ook nie die gem[illegible] van die wêreldse vreugde en plesier nie, want hoewel hy 'n „balling" is, „vergeet en verdwaal", is hy tog volkome gelukkig en tevrede in die skepping van God, met slegs sy smeu-

lende houtvuurtjie wat saam met hom waak. In daardie ewige stilte van die „slapende velde" weet hy, dat hy en die Skepper na aan mekaar is, en daarom gevoel hy hom:

> 'n Kind aan Sy boesem tevrede."

Al Celliers se natuurliriek waarin sy geloof so duidelik weerspieël word, met enkele uitsondering, voer hom na die „Eensaamheid"-gedagte terug, naamlik na die vreugde wat daar in die stilte van die natuur te vind is, 'n vreugde omdat hy voel dat God daar nader aan hom is as op enige ander plek. In „Sanvabelin" erken hy dan ook openlik:

> In die bosse woon die Here;
> "deur die blare ruie sy stem."

En as hy deur die donker koeltes van die bosse dwaal dan vra hy die Heer om te spreek want sy siel is dan gereed om die boodskap te ontvang. In die woudstilte is dit of hy die angs van die onverklaarbare – „die onsekere van ons kennis" – vergeet, en voel hy soos in „Eensaamheid" om maar net aan te neem, sonder om na 'n uitleg te vra.

Hoewel Celliers dus soos die ortodokse Christen graag wil aanneem sonder om na die hoe en waarom te verneem, is die lewe vir hom tog in 'n groot mate 'n onverklaarbare duisterheid, want soos in „Sanvabilin" die „krekelsang" in Gedstempel nog altyd sy ore bereik het, afgesien van sy gewilligheid om maar net te glo, so is dit weer die geval in „De tempel der Reinheid" as hy op sy knieë smeek:

> Verlicht, o God, myn aardse wegen,
> "en aan Uw hand, ach voere my."

Want hoe graag hy sonder vrae wil gehoorsaam, bly die „aardse weë" vir hom donker en onbegryplik, en is dit duidelik dat naas sy kinderlike geloof in die optrede van God, daar ook die martelende gedagte is van – waarom? So beskou is „Die Spruitjie" ook nie net 'n weerspieëling van die volksverlede en die huiwerende verwagting in die toekoms nie, maar dit is

of die digter daarin luister en staar na die gang van sy eie lewe, waar hy in „vans'lewe se dae" nog kon glo sonder om te vra, maar nou „met huiwering" dink aan die angswekkende gedagte dat die verstandelike nie meer wil saamstem met die ous geloof van die vadere nie. Maar soos Totius ook gedoen het, bly die digter vertrou dat God hom ook in hierdie sielestryd sal help, want:

> Daar's Ene wat waak
> "en die magte bestier –
> So is dit of ek uit die geeste se koor
> die weerklank van ver in die watertjie hoor,
> of die hand van 'n vrind op my skouer my raak:
> Daar's Ene wat waak!"

Omdat Celliers dus glo dat daar 'n God is wat hom altyd sal bystaan, daarom glo hy ook dat die mens nie doelloos op die wêreld voortbestaan nie en gevolglik sekere pligte het om te vervul. Hierdie pligte lyk some klein en nietig, maar net soos die tengerige veldblommetjie „'n droppie vog" of „'n greintjie meel" aan die bytjie gee wat op die oog so waardeloos lyk, maar tog deur die eeue heen sy nietige diens volgens die wil van die Skepper verrig het, so wil die digter ook sy dienste gee en sy plig vervul, omdat hy oortuig is dat sy siel, soos ook die van die blommetjie, onsterflik sal wees – onsterflik in „Sy diens!"

„Die Dorpsondag", alhoewel dit meer 'n vertelling is, gee ons tog 'n goeie weergawe van Celliers se godsdienssin, want ook hier, „soos dikwels elders, tref ons die verwantskap tussen Celliers en Gezelle in hulle vrome natuurliefde, wat in en deur die Skepping vanself tot die Skepper uitgaan."[4] Die aanvang van die gedig wek onmiddellik 'n suiwere Sondagsatmosfeer wat saam met die forsheid daarvan 'n indruk skep, wat selde in ons poësie oortref word:

> Sondaars kom, sondaars kom!
> "roep die klokke, om en om;
> hoor dit op die mure beier,
> rukke-golwend, wyer .... wyer –"

En saam met die klokkegelui daal daar 'n stille verwagting op die velde neer:

„Soos 'n glimlag van die Heer."

Die kerkdiens self is 'n meesterlike weergawe, en 'n mens voel dadelik dat die digter met wese en siel hom self baie dikwels moes oorgegee het aan so'n oggendgodsdiens:

> In die voorhof van die Vader,
> "waar sy kudde stil vergader,
> is dit of Sy vrede daal
> met elk inval – sonnestraal.
> En na buite, teme-lang
> sweef die vrome kerkgesang
> oor die grafte, ry aan ry,
> om die bedehuis versprei.
> Deur die sipresbome, luister,
> is 't of daar stemme fluister
> van die verre stille kus
> waar verloste siele rus –
> stemmend as uit hoër sfeer
> in die lofsang aan die Heer."

Alleen iemand met volslae oorgawe en 'n kinderlike geloof, kan homself so diep ingeleef het in die diens daar in die „voorhof van die Vader."

In die gediggies „Die Maan", „Maanlig" en „Najaarswind" tref ons al die kenmerkende eienskappe van die digter aan wat so-ver genoem is, naamlik: Met kinderlike vroomheid deur die natuur tot God en, die gepeins oor die onverklaarbare van die lewensbestaan, wat noodwendig 'n eensaamheidsgevoel by die digter moes wek. Daarom sien hy die maan op sy „eensame" en „misterieuse weg", besig om:

> Uit die dieptes van die sfere
> "Uit die woning van die Here,"

die groot lewensgeheime te aanskou. „Maanlig" bring agter weer berusting, want as hy luister na die windjie, die „simtog" van God, dan oorval 'n kalm tevredenheid hom en – „dis stil in my siel." Dieselfde gedagte word ook in „Najaarswind" aangetref, maar hier is dit weer die Raaisel wat na 'n oplossing soek, dog as die digter besef dat dit onoplosbaar is, dan berus hy daarin en gaan heen met die wete dat dit 'n ewigheidswonder is!

En saam met die klokkegelui daal daar 'n stille verwagting
op die velde neer:

„Soos 'n glimlag van die Heer."

Die kerkdiens self is 'n meesterlike weergawe, en 'n mens voel
dadelik dat die digter met wese en siel hom self baie dikwels
moes oorgegee het aan so'n oggendgodsdiens:

In die voorhof van die Vader,
"waar sy kudde stil vergader,
is dit of Sy vrede daal
met elk inval - sonnestraal.
En na buite, teme-lang
sweef die vrome kerkgesang
oor die grafte, ry aan ry,
om die bedehuis versprei.
Deur die sipresbome, luister,
is 't of daar stemme fluister
van die verre stille kus
waar verloste siele rus -
stemmend as uit hoër sfeer
in die lofsang aan die Heer."

Alleen iemand met volslae oorgawe en 'n kinderlike geloof, kan
homself so diep ingeleef het in die diens daar in die „voorhof
van die Vader."

In die gediggies „Die Maan", „Maanlig" en „Najaarswind"
tref ons al die kenmerkende eienskappe van die digter aan wat
so-ver genoem is, naamlik: Met kinderlike vroomheid deur die
natuur tot God en, die gepeins oor die onverklaarbare van die
lewensbestaan, wat noodwendig 'n eensaamheidsgevoel by die
digter moes wek. Daarom sien hy die maan op sy „eensame" en
„misterieuse weg", besig om:

Uit die dieptes van die sfere
"Uit die woning van die Here,"

die groot lewensgeheime te aanskou. „Maanlig" bring egter
weer berusting, want as hy luister na die windjie, die „adem-
tog" van God, dan oorval 'n kalm tevredenheid hom en - „dis
stil in my siel." Dieselfde gedagte word ook in „Najaarswind"
aangetref, maar hier is dit weer die Raaisel wat na 'n oplos-
sing soek, dog as die digter besef dat dit onoplosbaar is, dan
berus hy daarin en gaan heen met die wete dat dit 'n ewigheids-
wonder is!

Die wind het heeldag deur gewaai,
"die najaarsblare wyd gesaai;
en in die diepe bos verloor,
het ek so na sy stem gehoor.
. . . . . . . . . . . . . . .

Wat wonderwoord, wat boodskap, wou
sy lied dan tog aan my ontvou?
Ek kon nie roer, ek mog nie gaan -
wat moes my siel dan tog verstaan?

Ek weet nie. Maar 'n stille vree
neem ek die aand na huis-toe mee;
en in my siel klink hoog en wyd
die één groot woord van 'Ewigheid' !"

Naas die natuurgedigte tref ons ook in hierdie bundel Celliers se oorlogsverse aan, wat nie alleen die godsdienssin van die Afrikaner in die algemeen aantoon nie, maar ook die digter se eie opvatting in verband met die godsdiens en die Goddelike, verder verduidelik. Mooi kom die volksgeloof uit wanneer die burger die aand voor hy na kommando moet gaan erken dat dit bestem is "in die Here se raad" dat hulle wat mekaar lief gehad het moet skei. As hy egter twyfel of hy sy plig sal vervul, omdat hy weet dat die stryd nooit kan gewen word nie, dan wys sy vrou hom daarop dat geen weerstand ooit vernietig is nie, maar dat dit wel sonde is:

deur die krag
"  te verag
wat die Here ons bied."

Met hierdie woorde lewer die digter bewys dat hy nie te ver van die Patriotters af staan nie, maar anders as sy voorgangers is dit ook duidelik dat hy self nie te veel aan die idee glo nie, want na hy dit die een keer aangehaal het kom hy nie weer daarna terug nie, en wanneer die ouerpaar die aand voor die bedjies van hul kindertjies kniel, dan merk ons nie meer 'n sweem van die Patriotter-geloof in die suiwer en opregte gebed wat gesamentlik deur hulle na die Alvader opgestuur word nie:

Vader, in U hoede
"lê ons hulle neer!
gee ons oending, Vader,
aan mekander weer.
Wil Vader, oor ons huisie waak,
dat leed nog honger dit genaak."

Dieselfde kinderlike vertroue wat uit hierdie eenvoudige gebed straal, vind ons weer as die burgers voor die slag hulle hoofde in stilte buig:

> Droef en lank was die nag,
> "grys en guur breek die dag -
> ver ruis die reën ....
> In gebede geskaar,
> in die reën bymekaar,
> smeek ons af in gevaar,
> Vader, U seën!"

Dit is seker vir elkeen duidelik dat Celliers hier, beide wat betref sy godsdiensopvatting sowel as die uiting daarvan, baie hoër staan as die Genootskappers van die vorige eeu. Hier is geen vergeldingsgedagte te bespeur nie, ook nie die uitbasuining van eie waarde en die vernederende minagting vir die vyand nie; die slegs twee smeekgebede, opreg en kinderlik-eg. Met Christelike lydsaamheid word na die Allerhoogste opgesien om hulp in die uur van hoogste beproewing, daarna - met volkome berusting!

> In die dood, liewe God,
> "lei U hand nog ons lot
> soos in die lewe.
> Mag U wil dit begeer,
> Aan U voete, o Heer
> lê ons die lewe weer neer,
> eenmaal gegewe."

Dis dan ook hierdie mooi-menslike stilswye en berusting in die wil van God, wat Jan Celliers se werk as suiwer-godsdienstige verhef tot ver bo die van sy tydgenoot Totius s'n. Want in al sy oorlogsverse, is Celliers, in teenstelling met Totius, altyd gewillig om te berus en nooit is daar enige tekens van vyandelike haat nie. Hy besef dat as hy wil berus in die wil van God, wat natuurlik die hoogste vereiste van elke gelowige is, dan kan hy nie, en durf ook nie die skuld op sy teenstanders pak nie. Daar is dan nie meer te redeneer nie, alleen maar in lydsaamheid te berus en te besef dat wat God gedoen het bokant verdenking staan. In al die ander gedigte w.o. „Die Brand" en „Die Kampsuster" word hierdie berustende gedagte

sterk aangetref, maar dit bereik 'n werklike hoogtepunt in die soet-vloeiende "Berusting":

"In berustende sug
van die avendlug
en avendskyn
staat 'n maagd op die lande
met gevoude hande -
so stil .... so rein;

haar blik na omhoog,
en 'n traan in haar oog -
waar niemand siet;
en 'n fluist'ring versterwe
op die sandrood se verwe:
U wil ..... geskied!""

Selfs in die hoogste smart laat die digter die vrou haar verdriet in stilte dra - eensame berusting! Geen verwyt, of haat, of hebsug nie. Die stryd is gestry en verloor. Ons het gedink ons doen ons plig as ons veg, laat ons nou ons plig vervul teenoor die wil van God. Orals stille berusting - en tog wil Celliers daarmee nie te kenne gee 'n slaafse berusting nie. Want hoewel die stryd verloor is, is dit verloor met heldemoed, en hoewel tevrede met die lotsbeskikking gaan die volk nie op die ashoop die res van hul volksbestaan verslyt nie, want 'n nasie kan in die wil van God berus sonder om sy volkstrots op te offer. Daarom spreek die digter sy eertydse vyand ook aan, nie in die woorde van knag tot heer nie, maar in dié van man tot man:

"'n Eer in my wat hoogste staat
by jou.
Want so alleen word, vas en trots,
ons suider-tuis op eendrag se rots
gebou."

Sien hierin die Christelike verdraagsaamheid van Celliers, sonder dat hy wil prysgee wat God self geskenk en geëis het - die behoud van die nasie!

DIE RIVIER.

In verband met hierdie bundeltjie skryf Dr. E.C. Pienaar: "As geheel is dit sinnebeeldig van die menslike lewe wat in misterie sy ontstaan het, om na verloop van tyd in die see van

die ewigheid te verdwyn."[5] Waar die kerngedagte in die vorige bundel du berusting was in die skeppingsplan van God en aanname van alles van dié plan soos vir ons voorgehou is deur geslagte heen, met net so af en toe 'n flitsgedagte van - waarom? Daar word hierdie laaste idee in „Die Rivier" baie sterker aangetref. Die rivier as simbool van die lewe ontspring uit die donker onbekende en sit dan sy kronkelgang voort - waarheen?

> diep geheime ongevonde,
> "aan die wagwoord nog gebonde:
> Soek .... en dwaal."

Die lewensdoel is dus nie te bereik langs 'n reguit afgebakende grootpad nie. Alles is omsluier deur 'n digte newel en vir dié mens bly daar slegs die een wagwoord van : Soek .... en dwaal! So word die lewe dan in werklikheid „hopeloos vraend" begin, en dit word in 'n geheimsinnige duisternis voortgesit. Niks is bekend nie, en soos die stroom stort ons dikwels sommer bergkranse af:

> Daarheen, daarheen,
> "waar die ryke lewe
> met stryd en strewe
> ons wag."

Tog sien hy in ons wisselende lewensgang 'n groot mate van lotsbeskikking, want die weg voer:

> Waar die Here, wat siet,
> "In Sy wysheid gebied
> om te ly
> en te lag,
> om te breek en te bou
> alle vreugde of rou
> ongeag."

So gaan die lewe sy gang:

> tot die Here sal sê
> "aan die winde: Gaan lê,
> aan die kragte: Bedaar
> 'k sal die raaisel verklaar;
> die volbrag."

Al verkies die mens dus uit eie wil om te probeer deurdring tot die onverklaarbare, dan sien Celliers daarin nog die bestierende hand van God, wat ons onder alle omstandighede deur die lewe lei, ons alles laat beproef, maar tog sorg dat

die geheim nooit verklaar word eer die einde van die reis bereik is, en Hy dan die raaisel sal openbaar. Dog die mens in sy rusteloosheid kan nie altyd vir die eind-openbaring wag nie, hy probeer liewers self daarna soek, al weet hy dat dit nutteloos sal wees. In sy soektog laat hy hom ook nie stuit nie, want net soos die rivier vir hom 'n pad deur die

"........... poorte boor
"op (sy) weg na die wagtende meer,"

so probeer die mens met sy hele vermoë om die Lewensraaisel op te los. As naderhand egter selfs hierdie ystere wil deur die tyd gebreek word, dan verval ons dikwels in totale wanhoop wat selde of ooit deur die medemens wat die effe weg bewandel het, begryp word. Maar al verstaan die mens nie, dan weet die digter dat God hom nog altyd naby is en:

Daar op die verre stille kus,
"ruis die woord: Ek geef u rus
herwaarts almal wat belas
en moede was!"

God is dus altyd gereed om te help, nie net vir die goeie skape wat Sy bekende weg gewillig gevolg het nie, maar ook vir die afgedwaaldes wat in hulle eiesinnigheid probeer het om 'n eie pad na die einddoel te vind, en toe soos "dryfhout" in die seekoeigat van ewigonverklaarbaarhede verward geraak het.

"Die Grenswag" wat 'n insident uit die volksverlede voorstel in die stroom se gang na die see, begin met:

Broers, die grond is onse -
"die grond waar ons op staan!
Wee wie, Godvergste,
ons heilig reg weerstaan!"

Dié woorde laat ons weer aan die Patriottersidee dink, maar hier is dit beslis nie die persoonlike gevoelsuiting van die digter nie, omdat hy alleen die bombastiese grootpraat van die mens in die algemeen weergee, want ná die oorlogsrumoer staan alleen die

Sterre, onbewoë
"deur 'n traan of lag,
Sterre, stil omhoë,
wat berei die dag?
Gou sal dit vergeet wees
in die eeue-nag!"

Die oorlog wat vir ons as nasie soveel beteken het, was dus alleen 'n nietige gebeurtenis in die ewige nag van duisterhede, en al die smart en lye sal vergeet wees nog eer ons 'n antwoord ontvang het op ons vraag waarom dit alles so moes gebeur.

Op ons waarom' swyg die eeue
"tot die'antwoord word ontvou."

Celliers is vurige vaderlander, niemand kan dit betwis nie - sy vaderlandsliefde en selfs sy menslike haat teenoor die vyand word in hierdie gedig goed weergegee, maar die oorlog was vir hom in die groot lewensplan van die Skepping net 'n insident van verbygaande aard, en daarom kon hy nie vir lank daaroor tob en verwyte fabriseer nie. As gelowige het hy besef dat daar slegs een ding vir hom oorbly om te doen, en dit is om te berus.

Die einde van hierdie mooi gedig, alhoewel die digter op baie onregverdighede, wat grotendeels meer onverstaanbaarhede is wys, bly dan ook 'n kalme en berustende geloof in die allervolmaaktheid van die Vader. Die rivier nader sy einddoel en:

Ek hoor 'n verre ruise
"soos die stem
van Hom
wat bo die aarde troon....."

Die end van die lewe lê voor hom, en met 'n skok merk hy die skynbare teenstrydigheid in die skeppingsplan op. Wat 'n warboel vir sy menslike begrip, wat 'n onregverdigheid as God die teenstrydigste en uiteenlopendste elemente by mekaar vergader - waar is dan die straf en waar die beloning!

"En jy, o see, is 't ydel spel alleen
as jy weer bloed met bloed vermeng tot één -
die moeder met die moorder van haar kroos,
die leë brein met werker onverpoos,
en met vergoede mal en onverlaat
die held van daad
aan waarheid stil-getrou?"

Vir 'n oomblik skyn dit of die digter alle moed verloor en in 'n diepe pessimisme verval, maar dan ook net vir 'n oomblik, want gou kry sy opregte geloof die oorhand en sien hy agter al die skynbare doel- en planloosheid 'n allesoorheersende en sekure planmatigheid wat op 'n volmaakte Goddelike organisasie berus. In die immer-rustelose lewensee sien hy gevolglik ook meer as slegs die ruising van die brandergeweld, die ewige stryd van aardse kragte in sy peillose dieptes en duisternis - hy merk wel die oppervlakkige mengelmoes, maar hy weet dat:

"Uit gewoel en op en ondergaan
Volmaaktheid uit die meng'ling op sal staan!"

UNIE-KANTATE.

In teenstelling met Totius wat spottend by die totstandkoming van die Unie uitgeroep het:

"Laat nou vaar jul ideale ...",

tref ons by Jan Celliers 'n veel kalmer en beredeneerder gedagte oor dieselfde gebeurtenis aan. Celliers het nooit sy nasieliefde onder stoele en tafels versteek nie, maar hy het ook selde toegelaat dat sy gevoel oor sy verstand gaan heers, en daarom dat hy met volkome opregtheid die stigting van die Unie kon verwelkom.

As hy sy gedagtegang die vrye teuels laat neem oor die verre verlede, dan sien ons dadelik dat hy net soos in sy vorige bundels die "gees van die Heer" oor die ganse aarde merk, selfs in die woesste eensaamheid. Die "Geeste van die wildernis" hef dan ook hulle sang aan met die woorde:

"Onse dae is die eeue,
Onse woon die velde wyd,
en ons dak die blou gewelwe
van U tempel, Ewigheid!"

"En jy, o see, is 't ydel spel alleen
as jy weer bloed met bloed vermeng tot één -
die moeder met die moorder van haar kroos,
die leë brein met werker onverpoos,
en met vergoede nul en onverlaat
die held van daad
aan waarheid stil-getrou?"

Vir 'n oomblik skyn dit of die digter alle moed verloor en in 'n diepe pessimisme verval, maar dan ook net vir 'n oomblik, want gou kry sy opregte geloof die oorhand en sien hy agter al die skynbare doel - en planloosheid 'n allesoorheersende en sekure planmatigheid wat op 'n volmaakte Goddelike organisasie berus. In die immer-rustelose lewenssee sien hy gevolglik ook meer as slegs die ruising van die brandergeweld, die ewige stryd van aardse kragte in sy peillose dieptes en duisternis - hy merk wel die oppervlakkige mengelmoes, maar hy weet dat:

"Uit gewoel en op en ondergaan
Volmaaktheid uit die meng'ling op sal staan!"

UNIE-KANTATE.

In teenstelling met Totius wat spottend by die totstandkoming van die Unie uitgeroep het:

"Laat nou vaar jul ideale ...",

tref ons by Jan Celliers 'n veel kalmer en beredeneerder gedagte oor dieselfde gebeurtenis aan. Celliers het nooit sy nasieliefde onder stoele en tafels verstoek nie, maar hy het ook selde toegelaat dat sy gevoel oor sy verstand gaan heers, en daarom dat hy met volkome opregtheid die stigting van die Unie kon verwelkom.

As hy sy gedagtegang die vrye teuels laat neem oor die verre verlede, dan sien ons dadelik dat hy net soos in sy vorige bundels die "gees van die Heer" oor die ganse aarde merk, selfs in die woeste eensaamheid. Die "Geeste van die wildernis" hef dan ook hulle sang aan met die woorde:

"Onse dak is die seue,
Onse woon die velde wyd,
en ons dak die blou gewelwe
van U tempel, Ewigheid!"

Hier in die wilde ledigheid is die geeste die hoeders oor die skepping en voer hulle God se bevele naamlik, om te waak en elke lewende wese te beskerm, uit:

> Daar's ons woning, daar bewaak ons
> "Heer, U kuddes, ons vertroud."

Dog as hulle die eerste pioniers op die rotse wil verpletter omdat hulle die ou baanbrekers as indringers beskou, dan kom die stem van die Wêreldgees:

> Bedaar ......
> "die wil des Here sal geskied,
> en Hy gebied:
> Bevolk die aarde, jy, o mens -
> dit is My wens."

Die nuwe aankomelinge vestig hulle dan volgens Gods besluite in die land en rig gevolglik hul lewenswyse in na Sy wense. God word van die begin af aangeneem as enigste Leidsman en Redder, en by die oorkoming van gevaar word hul dank ook slegs aan Hom oorgebring wat in alles hulle Beskermheer geword het.

> Kniel neer,
> "Kniel neer
> en dank die Heer
> vir vree en vryheid duur gekog:
> 'n wonderdaad het Hy gewrog,
> vir ons en onse kroos het Hy
> 'n oord van rus berei.
> Kniel neer
> kniel neer
> en dank die Heer."

Hierin, net soos in die volgende oproep van die landbewoners teen Britse oorheersing, tref ons weer die gees van die Eerste Beweging aan:

> Op dan, broers!
> "Die dag is daar;
> perd gesaal
> en roers klaar!
> God met ons
> teen oormag? klaar!
> Te wapen!"

Beide hierdie verse is 'n afwyking in die lewensopvatting van die digter van wat ons tot sover in sy werk bespeur het, en 'n mens voel geneig om aan te neem dat hy hier meer die volk se godsdienstige lewensuitkyk weergee as sy persoonlike oortuiging. Die klag van die vroue staaf dit ook wel, want hier tref ons weer slegs 'n kalme berusting aan in die stil gebed:

Vader, U wil geskied:
"  ons bly trou!"

Die Engele koor wat hierop volg is dan ook seker die mooiste weergawe van die digter se eie religieuse oortuiging:

Jul', wat daar ly en ween,
"vertrou op God, Hy weet en sien.
Salig dié wat sê:
Heer U wil geskied.
Die Vader lei u lot;
dra Sy kruis; die Sy gebod.
Herwaarts, kindjie, tot u God!"

Soos in „Die Vlakte" en ook in „Die Rivier" vind ons in hierdie woorde weer die stille berustende houding van Celliers, sonder enige verwyt of die bedekte hoop dat God die vyand en oorwinnaar na verdienste sal straf. Hy glo alleen in die alwyse raadsbesluit van die Heer soos so duidelik gesien is in „Eensaamheid":

„'n Kind aan Sy boesem tevrede."

Celliers weet en glo dat God met ons almal 'n doel het en daarom vertrou hy dat die Vader die groot raaisel op Sy bestemde tyd sal openbaar; en omdat hy alles in die hande van die Skepper laat en slegs berus, daarom kon hy ook met innige opregtheid vergewe en vergeet. Hier sien ons weer die verskil tussen Celliers en Totius. Waar die smartmerk vir Totius onuitwisbaar gebly het met altyd die gedagte:

„Ons sal onthou!",

daar stel Celliers die mooi Christelike voorbeeld met sy raad:

Ken mekaar; paar krag aan kragte;
"weet in ander te waardeer
wat die eie bors vereer!
die Here skenk Sy seën eers
waar die naastelie[illegible] heers."

Watter nasionalistiese drange hom dan ook al mag beheers het, en watter groot chauvinistiese neigings hy soms in sy vaderlandsverse kon openbaar,[6] hier in „Unie-Kantate" het hy minstens alles opsy geskuif en was hy alleen die volgeling van Hom wat altyd gewillig was om almal te vergewe en om die ergste kwaad wat Hom aangedoen is, te vergeet. Daarom is die egtheid van die „Unielied" ook onbetwyfelbaar as hy uitroep:

„Vader, U wil geskied:
ons bly trou!"

Die Engele koor wat hierop volg is dan ook seker die mooiste weergawe van die digter se eie religieuse oortuiging:

„Jul', wat daar ly en ween,
vertrou op God, Hy weet en siet.
Salig dié wat sê:
Heer U wil geskied.
Die Vader lei u lot;
dra Sy kruis; die Sy gebod.
Herwaarts, kindjie, tot u God!"

Soos in „Die Vlakte" en ook in „Die Rivier" vind ons in hierdie woorde weer die stille berustende houding van Celliers, sonder enige verwyt of die bedekte hoop dat God die vyand en oorwinnaar na verdienste sal straf. Hy glo alleen in die alwyse raadsbesluit van die Heer soos so duidelik gesien is in „Eensaamheid":

„'n Kind aan Sy boesem tevrede."

Celliers weet en glo dat God met ons almal 'n doel het en daarom vertrou hy dat die Vader die groot raaisel op Sy bestemde tyd sal openbaar; en omdat hy alles in die hande van die Skepper laat en slegs berus, daarom kon hy ook met innige opregtheid vergewe en vergeet. Hier sien ons weer die verskil tussen Celliers en Totius. Waar die smartkreet vir Totius onuitwisbaar gebly het met altyd die gedagte:

„Ons sal onthou!",

daar stel Celliers die mooi Christelike voorbeeld met sy raad:

„Ken mekaar; paar krag aan kragte;
weet in ander te waardeer
wat die eie bors vereer!
die Here skenk Sy seën eers
waar die naasteliefde heers."

Watter nasionalistiese drange hom dan ook al mag beheers het, en watter groot chauvinistiese neigings hy soms in sy Vaderlandsverse kon openbaar, 6) hier in „Unie-Kantate" het hy minstens alles opsy geskuif en was hy alleen die volgeling van Hom wat altyd gewillig was om almal te vergewe en om die grootste kwaad wat Hom aangedoen is, te vergeet. Daarom is die egtheid van die „Unielied" ook onbetwyfelbaar as hy uitroep:

Ons gee mekaar die broederhand;
"ons smeed 'n sterke eenheidsband
van Afrikaanse staal."

MARTJIE.

In die voorwoord by „Martjie" sê die skrywer: „My bedoeling was 'n eenvoudige skildering te gee van 'n liefdesverhouding tussen 'n Afrikaanse meisie en jonkman in Afrikaanse omgewing."[7] Daar kan gevolglik nie veel van Celliers se godsdienstige opvatting hierin verwag word nie, maar afgesien hiervan tref ons tog so af en toe 'n sprankelende brokkie aan, waar die digter, al is dit nie juis 'n weergawe van sy sielsoortuiging nie, bewys lewer van die kennis van die godsdienssin van sy volk. Wie het nog nie self die volgende beeldjie waargeneem nie?

Oom Kootjie sit voor ope raam te lees,
"die bybel-blaaie hel verlig,
en volgend met sy vinger elke reël:
met vrome aandag nog 'n keer die woord,
die skone woord herhalend wat vir hom
getref het toe hy flus vir almal saam,
die aand-diens het gelei."

Soos in „Dorpsondag" toon die digter ook hier sy diepe respek vir die godsdiens van sy nasie, en die rake tekening van oom Kootjie laat ons wonder of hy nie dikwels dieselfde proses moes aanskou nie. Nog inniger en meer persoonlik klink die volgende:

In sware mantel duik die nag nog dieper weg,
"gewieg as op die naklank, sterwend ver,
van bybelwoorde flus gehoor,
en op die koorgesang van kikkers in die slote alomheen
En hoor, dis net of uit die sfere bo
'n fluist'ring van die sterre ruis,
sig mengend met die koorgesang beneê,
tot lied van vrede en rus ...."

Hierdie bespieëling voer ons weer terug na die Eensaamheidgedagte - die grootse stilte van die nag waarin hy hom veel wegsmelt en waarin sy siel uitstyg tot sy Skepper in vrede en rus .....

Een van die teerste en innigste toneeltjies in „Martjie", maar terselfdertyd ook een van die suiwerste sieleontboesemings is wanneer Martjie haar liefdesheimwee nie langer vir haarself kan hou nie en verplig is om dit in eensaamheid te bely

aan die stilte van die nag, en - aan God.

Sy voel 'n drukking, pynlik, op haar bors;
"en op haar knieë
sak sy neer meteens,
haar hande op haar bors,
haar oë naar die sterre bo, -
en magteloos, half biddend,
half belydend
  net soos een
gevange in die kraggreep van 'n reus,
ontbéwe aan haar lippe met die woorde:
God ....... 'k het lief!"

Watter oneindige hartstog en teerheid spreek daar nie uit hierdie snikkende erkenning van Martjie nie! Dis geen halfgelagtige belydenis in hol en betekenlose woorde nie, ook nie sentimentele trane en skynsmart nie, maar 'n pynlike ontboeseming: God .... 'k het lief! In hierdie eenvoudige sinsnede, hierdie roue kreet wat byna versmoor word deur liefdes leed, het Celliers sonder twyfel die allerreinste gebed in ons poësie geuiter.

DIE SAAIER EN ANDER GEDIGTE.

Die vernaamste kenmerk van sy poësie is dan ook sy houding teenoor die dinge om hom en teenoor God, die Skepper van alle dinge. Jan Celliers was diep deurdronge van sy volk se Christelike lewensbeskouing. Dit bring 'n toon van eerbied en wyding in sy beste werk."[8)] So spreek Professor v.d. Heever by die derde herdenkingsdag van die dood van Celliers. Sy werk getuig van "'n toon van eerbied en wyding", eerbied teenoor die Goddelike en 'n gewyde behoefte om sy plig te vervul deur die gesie te doen:

Saaier, saai! Dis Gods gebod,
"al verdroë vrug en blare
al verslaan die hael die are."

Die digter is dus gewillig om onder alle omstandighede, en afgesien van wat die onmiddellike resultate sal wees, voort te gaan met die vervulling van sy plig. Want al weet hy dat die droogte en die storms van God se besluit soms ons mooiste ideale en nakoming van pligte tot op die grond verwoes, dan nog wil hy aanstruikel sonder verbittering en met die vaste geloof en oortuiging dat God alles op sy tyd sal

vergoed. Dog soos reeds in sy vorige bundels gesien, verkeer Celliers ook hier in 'n tweestryd en kan hy die skynbare teenstrydige in die lewe nie altyd verstaan nie, want hoewel God in Sy Skeppingsplan beveel het: „gee lig en lewe", laat Hy tog terselfdertyd toe dat die lig en die lewe met brute magsgeweld verwoes word en keur Hy dit goed met:

„Wie veel besit mag meer ontroof."

Dit is hierdie duisterhede in die Skepping wat Celliers soms so weemoedig gestem het en wat hy in sy menslikheid na getree**f** het om te deurdring:

Ek wou so graag by die sterre wees
„om die boek van die eeue naby te lees,"

maar hoe hy ook al probeer het, hy kon nooit 'n oplossing vind nie en al die onverklaarbaarhede het bedek gebly agter „die sluier wat die Alwyse" getrek het oor alles „wat Syne is te dek" vir die oog van die mens. God het dus . ie dinge in Sy Skeppingsplan wat nie bedoel is om deur ons begryp te word nie, maar soos deur die digter reeds in „Die Rivier" verduidelik is, is dit nie God se deel om ons almal langs dieselfde hoofweg na ons eindbestemming te dryf nie, Hy wil hê dat ons moet soek en vra, want:

„God het die vraer lief;"

en daarom word Celliers ook nooit moeg om sy vrae te stel nie:

Waarom,
„Waarheen,
van waar
'n mensie hier, 'n starre daar?
So peil die vraag van eeue nog
uit hart en oog
omhoog -"

Hierdie menigvuldige vrae ontstaan gewoonlik wanneer hy in die eensaamheid van die natuur verkeer, want soos in „Die Vlakte", „Die Rivier" en in 'n mate ook in „Martjie" toon die digter weer in „Die Saaier" dat hy die natuur beskou as skakel tussen hom en God, en hoor hy in die ruising van die aandwind

...... 'n fluisterstem van ver,
„asof die Heer met my ook sou wil praat
in sagte wind, soos eertyds met Sy kneg?"

In die eensaamheid van die natuur daal die vrede van God op hom neer en kom hy weer tot berusting wanneer hy die stem van die Heer hoor sê:

„Genoeg, my kind, ek het u reeds verstaan."

Alhoewel die kwellende vrae van waarom en waarheen, soos weerspieël in „Die Nag" - reeks, hom dus dikwels pynig en pessimisties stem, bly sy geloof in die almag van God en Sy uiteindelike openbaring van alles, tog groter as sy twyfel en kan hy ten slotte, soos in „Eensaamheid" hom neervlei met die gedagte dat God goed is en vir alles sal sorg:

> Ek kom tot U in miskennings uur,
> "Soos ek kom as 'n sondedand my stuur -
> om troos en vrede.
>
> Dit sy ek oorwin, of my swakheid beween,
> Met U, my God, en my kleinheid alleen,
> So voel ek tevrede."

Soos reeds vroeër aangetoon het Celliers sy volk bemin met 'n hartstogtelike liefde, maar hoe hy ookal hul lof besing het, het hy tot hiertoe nog altyd daarin geslaag om sy godsdienstige oortuiging uit sy nasionale gevoel weg te hou, maar ongelukkig is dit nie altyd die geval in Die Saaier nie, en neem hy hier soos die Patriotters, as vanselfsprekend aan, dat sy nasie die uitverkorenes van die Heer is en onder Sy spesiale leiding staan. Maar in teenstelling met die Genootskappers wat met hulle oordrywing die naam van God tot nie veel meer as 'n verspotheid gemaak het nie, vind ons by hom in hierdie bundel meer egtheid, en wanneer dit blyk dat God nie gehandel het soos wat hy gehoop het nie, dan is daar weer berusting en maan hy homself aan tot kalmte en swygsaamheid:

> In vale verte lê die velde 'n wag,
> "en wagtend staan die wolke bo,
> en swyg oor al die smale hier gedaan,
> soos God die Heer ook swyg ....
> en jy, my siel."

Celliers kon nie verstaan waarom al die volksmart moes verduur word nie, maar soos in al die dinge wat hy nie kon verstaan of begryp nie, was hy hierin ook gewillig om hom neer

te lê en te glo dat God nie sulke pyn uit blinde willekeur sou toelaat nie. Hy neem aan dat daar 'n doel met alles is en dat dit die plig van die nasie is om voort te gaan en hom sterk te maak sonder om hom te kwel oor die onverklaarbare van die Goddelike. Daarom is sy wekroep aan die volk duidelik, maar ook betekenisvol:

> Wees trou!
> Daar's 'n volk te leer
> om homself te eer,
> te bou,
> om God, en God alleen, te vrees,
> aan aard en taal getrou te wees,-
> gesond en waar van hart en gees,
> Komaan!"

<u>JOPIE FOURIE EN ANDER GEDIGTE</u>.

Hierdie bundel wat grotendeels uit geleentheidsgedigte bestaan met betrekking tot die opstand van 1914 - 1915, is nie alleen uit letterkundige oogpunt beskou benede die peil van Celliers se werk wat tot sover behandel is nie, maar ook die godsdienstige lewensopvatting van die digter mis hierin die suiwere opregtheid van sy vorige werk, eenvoudig omdat sy innerlike gevoel nooit kon loskom van sy menslike drange wat meestal berus het op 'n bitter teleurstelling en afkeer in die „renegate." Jopie Fourie het ontstaan toe die digter nog ware was van die „broedermoord" en die onbillike optrede van die volksleiers, met die gevolg dat sy Christelike berusting - wat hy nog altyd getoon het onder genadelose magsgeweld, onderdrukking en die pynlikste smart - nou oorgeslaan het na verbittering en onoortuigde aanprysing van nasionale helde, sonder dat hy geskroom het om daarby die naam van God, vir propagandistiese doeleindes, in te sleep. Die naam wat vir hom tot nou nog steeds gelouterde besieling was, word skielik 'n sensasiewekkende begrip waaraan hyself onmoontlik an kon geglo het, maar tog dikwels gebruik het om krag te verleen aan sy rebelliegevoel en opgekropte woede. Die „wonderdade" van die opstandelinge word voorgehou as die hoogste mate van manmoedigheid en as

te lê en te glo dat God nie sulke pyn uit blinde willekeur sou toelaat nie. Hy neem aan dat daar 'n doel met alles is en dat dit die plig van die nasie is om voort te gaan om hom sterk te maak sonder om hom te kwel oor die onverklaarbare van die Goddelike. Daarom is sy wekroep aan die volk duidelik, maar ook betekenisvol:

> Wees trou!
> Daar's 'n volk te leer
> om homself te eer,
> te bou,
> om God, en God alleen, te vrees,
> aan aard en taal getrou te wees,-
> gesond en waar van hart en gees,
> Komaan!"

JOPIE FOURIE EN ANDER GEDIGTE.

Hierdie bundel wat grotendeels uit geleentheidsgedigte bestaan met betrekking tot die opstand van 1914 - 1915, is nie alleen uit letterkundige oogpunt beskou benede die peil van Celliers se werk wat tot sover behandel is nie, maar ook die godsdienstige lewensopvatting van die digter mis hierin die suiwere opregtheid van sy vorige werk, eenvoudig omdat sy innerlike gevoel nooit kon loskom van sy menslike drange wat meestal berus het op 'n bitter teleurstelling en afsku in die „renegate." Jopie Fourie het ontstaan toe die digter nog ware was van die „broedermoord" en die onbillike optrede van die volksleiers, met die gevolg dat sy Christelike berusting - wat hy nog altyd getoon het onder genadelose magsgeweld, onderdrukking en die pynlikste smart - nou oorgeslaan het na verbittering en onoortuigde aanprysing van nasionale helde, sonder dat hy geskroom het om daarby die naam van God, vir propagandistiese doelsindes, in te sleep. Die naam wat vir hom tot nou nog steeds geleuterde besieling was, word skielik 'n sensasiewekkende begrip waaraan hyself onmoontlik in kon geglo het, maar tog dikwels gebruik het om krag te verleen aan sy rebelliegevoel en opgekropte woede. Die „wonderdade" van die opstandelinge word voorgehou as die hoogste mate van manmoedigheid en as

"'n gawe van die Heer."

Dit blyk orals dat hy die rebelle se optrede goedkeur en sodoende vergeet dat Christus teen alle vorm van opstand en geweld was. Hy probeer hom hieruit egter loswikkel deur te sê dat

"afgedwonge woord en daad"

geen bindingsfaktor op die weg van eer is nie. Maar dan onthou hy klaarblyklik nie meer dat hy dit in "Unie-Kantate" uitgejubel het dat ons bereid is

"in grote en kleine pålig,
haar lief en leed te dra"

nie. Hy is gevolglik nie meer eerlik teenoor homself nie, en daarom kon hy ook nie eintlik eerlik in sy godsdiens wees nie. Want hy wat gewillig was om die Vryheidstryd waarin hyself tot die bitter einde betrokke was, te vergeet en "mekaar die broederhand" te reik, roep nou sy landgenote wat gewillig is om saam te werk toe:

"Onthou, jul slawe wat vergeet.
Niks is so heuglik, niks beslister,
As dat ons son sal opkom uit
ons skoon en droewig 'ewig gister'!"

Hierdie soort van verwyt en haat tref ons herhaalde kere in die bundel aan, maar gelukkig kon Celliers nie lank daarmee volhou nie, want diep in sy siel het sy mooi-menslike gevoel en Christelike berusting tog nog altyd die botoon gevoel, al het die opstandsgedagte vir 'n tyd die oorhand oor hom gehad. Daarom kon hy, hoewel nog siek van die onreg wat die volk aangedoen is, reeds kort na die opstand sê:

"Ek wanhoop ... maar daar's tog 'n stem
wat sê: verlaat jou slegs op Hem',
wees stil my siel, vertrou, vertrou!
wat op God gebou is, is goed gebou!"

En as hy dan met nog 'n mate van smart en onsekerheid sy weg deur die klowe baan en ná die winter, weer na die stem van die kokkewiet luister, dan sing hy ook:

"My siel het die dag
van gister vergeet."

Nou begin hy stadig weer terug te keer na die ou paaie en

glo hy dat God tog die beste gewees het en met dit alles 'n doel gehad het, en dat na die smart en ellende die vergoeding wel sal volg:

O, as die Heer die mag dan gun
"aan bose hand en gees
om soveel liefs van ons te roof,
om onskulds beul te wees,

Voorwaar, dan kan ons nog verwag,
waar God só 'n offer eie,
dat Hy ons volk die hoogste goed
sal skenk vir hoogste prys!"

Hy begin ook die moontlikheid insien dat hy dalk nie reg gehandel het nie, en waar hy vroeër reeds vergeet het, wil hy nou ook vergewe want hy sien dat as Christen wat in die vergifnis van God glo, dit ook sy plig is om te vergewe, anders sal sy godsdienstigheid niks anders as 'n blote bedrog wees nie.

Op berou skel Hy skulde kwyt
"en kom my op pad tegemoet.
Hou jy dan nog aan met verwyt?
Kom, gee my jou hand, ou boet!"

En hiermee het ons dan weer die oue Celliers terug - die vredeliewende, vergewensgesinde Christen, die mens wat wel kon oortree maar altyd weer gewillig is om te vergoed en te leef volgens die voorbeeld van sy Meester.

DIE LEWENSTUIN EN ANDER GEDIGTE.

Die bundel bevat 'n paar nuwe gedagtes, veral in soverre dat ouer opvattings hier breër uitgewerk word. Celliers het byvoorbeeld die vir hom onoplosbare Waarom en waarheen blykbaar laat vaar, en al stel hy soms nog die vraag, dan gee hy terselfdertyd ook die antwoord daarop, deur voor te stel dat elkeen slegs sy plig moet vervul en moet vertrou.

Wie moet saai? wie moet oes?
"wie moet bou? wie verwoes?
O, wie sal dit sê,
wie die raadsel ontvoue?
O, vra nie
maar bou net,
O, kla nie
behou net
die kleinood VERTROUE!"

glo hy dat God tog die beste geweet het en met dit alles 'n doel gehad het, en dat na die smart en ellende die vergoeding wel sal volg:

O, as die Heer die mag dan gun
"aan bose hand en geer
om soveel liefs van ons te roof,
om onskulds buil te wees,

Voorwaar, dan kan ons nog verwag,
waar God só 'n offer eis,
dat Hy ons volk die hoogste goed
sal skenk vir hoogste prys!"

Hy begin ook die moontlikheid insien dat hy dalk nie reg gehandel het nie, en waar hy vroeër reeds vergeet het, wil hy nou ook vergewe want hy sien dat as Christen wat in die vergifnis van God glo, dit ook sy plig is om te vergewe, andere sal sy godsdienstigheid niks anders as 'n blote bedrog wees nie.

Op berou skel Hy skulde kwyt
"en kom my op pad tegemoet.
Hou jy dan nog aan met verwyt?
Kom, gee my jou hand, ou boet!"

En hiermee het ons dan weer die oue Celliers terug - die vredeliewende, vergewensgesinde Christen, die mens wat wel kon oortree maar altyd weer gewillig is om te vergoed en te leef volgens die voorbeeld van sy Meester.

DIE LEWENSTUIN EN ANDER GEDIGTE.

Die bundel bevat 'n paar nuwe gedagtes, veral in soverre dat ouer opvattings hier breër uitgewerk word. Celliers het byvoorbeeld die vir hom onoplosbare Waarom en waarheen blykbaar laat vaar, en al stel hy soms nog die vraag, dan gee hy terselfdertyd ook die antwoord daarop, deur voor te stel dat elkeen slegs sy plig moet vervul en moet vertrou.

Wie moet saai? wie moet oes?
"wie moet bou? wie verwoes?
O, wie sal dit sê,
wie die raadsel ontvoue?
O, vra nie
maar bou net,
O, kla nie
behou net
die kleinood VERTROUE!"

Hierdie nuwe vertroue en groter berusting word deurgaans in die werk aangetref. Die digter glo dat dit die mens se plig is om te werk en te strewe, en al lewer ons lewenstuin maar "net 'n enk'le blom" op, dan weet ons minstens dat daar nie verniet gelewe is nie. Die "Somerdae in Stellenbosch" wanneer die velde en bosse die fynste geur versprei en die kranse rooi vlam van die kleuregloed, laat hom peinsend die vraag stel of die natuur ook nie pyn verduur het wanneer die winterweer aanbreek nie. Weer egter is sy antwoord:

> Nee, skoon gee hul in winterkleure
> "Sy afglans nog - wat ook gebeure,
> my siel, mog dit vir jou ook geld."

Terwyl die pligsbesef van Celliers aan 'n hoër strewe en roeping al sterker geword het, het daar ook langsamerhand 'n sekere mate van trots by hom sy verskyning gemaak. Dit is asof hy voel dat daar te veel bome in die lewe is wat nie eens probeer om 'n "harde vruggie" te lewer nie, en dat die lewe dan te dikwels eis dat hy aandag aan hulle moet skenk, meer nog, moet beskou as belangrikhede. Daar is dus 'n duidelike mate van verbittering en spot in sy woorde as hy om verskoning vra omdat hy hierdie nonentiteite in sy opwaartse strewe per ongeluk in hulle kleineerigheid aangeraak het:

> Vergewe my, ek wou nie seermaak nie;
> "ek het jou nie sien lê nie, in die gras.
> Haastig was ek, uitasem van die klim
> om daardie hoë bergtop nog te haal
> eer my die nag verras, hier op die hang.
> My oog was op my doel gerig, na bo;
> So kon ek jou nie sien nie, aan my voet,
> en het jou voet getrap en seer gemaak,
> vergewe my."

Hoewel hy dus die "kleinserige kleinsieliges" wat aan die voet van die berg in die gras lê en slaap, en so hulle lewe verslyt terwyl hy moet opbeur na die hoogste toppe, om verskoning vra omdat hy hulle in hul niksdoen gesteur het, vertoef hy nie lank by hulle nie maar sit sy opwaartse tog voort, want sy strewe en ideale is hoër - hoog na die donker bosse en hoogste kranse!

Hierdie verspotte maatskaplike kleinserigheid en kwasie-

fyngevoeligheid, het die digter vir 'n groot mate weer teruggedryf na die eensaamheid van die natuur. Hy besef dat daar vir hom maar net een plek in die lewe is wanneer hy deur vriende verlaat word en:

dis daar, in die eikebos
"my sitplek wag my weer, -
van die mense ver en los,
dog nader by God die Heer."

Die natuur, naamlik die groot magtige berge met hulle kruine tronend in die ewige blou, die digte bosse met hul koel skaduwees, die bergstroom met sy "amber water", maar ook die donker rooe met sy geheimsinnige gloed waarin hy "die gelaat van die Heer" aanskou, bly vir Celliers dus nog altyd die faktore wat hom die naaste aan God bring.

Die vaderlandsverse is soos in Jopie Fourie weer teleurstellend, en dit skyn dat hoe verder die digter van die werklikheid geraak het, hoe dieper die smartherinneringe in sy siel gevreet het, en hoe verder hy gevolglik afgedwaal het van sy werklike berustende godsdienssin wat ons van hom gewoond was toe die oorlogsdamp nog soos 'n mis oor die uitgestrekte velde gehang het. Celliers se herinneringe was vir hom bitterder as wat die werklikheid self was, want die klein kinderskoentjie wat hy optel in die gras waar eens die konsentrasiekamp gestaan het, laat hom nou hardvogtig-sarkasties spot:

Ons veldgras dek hul kleiner leed.
"Berus, my siel, vergeet, vergeet."

Die vyand wat die oorsaak van die kampe en al hul leed was bestempel hy nou as "kindermoord'naars", en soos Hoogenhout glo hy dat God wraak sal neem op hulle, want hy hoor al reeds "Geregtigheids basuingeskal" wat die aankondiging is van die langverwagte vergelding! Verseker van Gods hulp, handel hy soos sy voorgangers gedoen het en roep lord Milner toe:

Hy, kruiper self, hy weet tog darem nog
"wat grootheid is, en sou dit hand wil gee -
te dom en te verblind om te besef
dat daardie woord van hom sy vonnis is,
en hy te min om grootheids hand te raak."

Die volk word darenteen verhef tot die uitverkorenes, en hoe

oppervlakkig en skynheilig klink sy gebed nie:

> „ Vader wat ons lot bestier
> ... elke volk se weë bewaak,
> hoe dikwels gee U wysheid nie
> aan kleiner krag die groter taak."

Die „groter taak" naamlik om onder beskerming van die Allerhoogste „Barbaar en Brit" te beveg. 'n Mens voel by die lees van hierdie verse dat Celliers nie meer die gelowige is wat in die wil van God berus nie, maar dat hy nou besig is om voor te skryf in plaas van om te gehoorsaam, en dat hy die naam van God as dekmantel gebruik net soos die geslag van '80 gedoen het. Jan Celliers het onder die invloed van haatlike partypolitiek geraak, en soos so baie van ons ouer digters gedoen het, het ook hy die politiek hoër as sy godsdiens gestel. In plaas van om die twee uiters verskillende begrippe van mekaar verwyderd te hou, het hy die een gebruik om die ander te bevorder, en daardeur sy geloof verneder tot die peil van smerige propagandamiddel - waardeloos en veragtelik; vir 'n tydjie sou dit wel sy invloed laat geld het, maar die godsdiens kon dit geen goed bring nie en dit het slegs gehelp om die reeds wankelende Chriatelike „geloof" dieper die afgrond van minagting in te stort.

DIE GROOT GEHEIM.

Die slottoon van Die Lewenstuin was weer berusting, en die bundel is afgesluit met die mooi gedagte:

> Dit moet so wees. En daarom lag ek U
> "in vol vertroue aan, vang ook weer,
> in alles om my heen, en laat my lei."

„Die Groot Geheim" is as 't ware 'n voortsetting hiervan. Celliers het nog altyd die vrae gestel van waarheen, waarom en hoe, maar altyd het hy weer tot die slotgedagte gekom - na God! Op God het hy vertrou, in God het hy berus, en deur God het hy hom laat lei met die vurige hoop dat die groot lewensgeheim hom dan sal openbaar gemaak word. „Agter ons

lê 'n ewigheid, voor ons lê 'n ewigheid, ons bly soekende: maar hoe en waar om die verlore paradys, die Oneindige, God self te vind – dis die groot geheim wat (Celliers) besig hou in hierdie bundel."[9]

Reeds in sy eerste werk is hierdie gedagte aangetref en dit is duidelik opgemerk in al sy bundels wat daarna gevolg het. Daarom sê die skrywer ook:

> Dis lange lange jare al verby –
> "ek weet nie meer die tyd, die oomblik nie –
> dat ek gewaar het hoe daar, voor my uit,
> 'n vlakte lê, o onafsienbaar wyd."

Hierdie vlakte was egter gehul in 'n mistige wasigheid, maar omdat die digter geweet, of liewers gehoop en vertrou het dat daar iewers in die uitgestrekte oneindigheid 'n ligvlek moes wees, het hy sy ganse lewensweg gerig op die punt waar hy gemeen het dat hy die donkerte sou kon deurdring:

> En meer en meer het daár 'n towermag
> "my oë vasgetrek in stille staar –
> Net of ek soek, nie wetend wat ek soek.
> En altyd verder het ek afgedwaal
> tot waar nie meer my oor gehinder word
> deur feesgeluid, gerugte, náby – om,
> van lewe en die beelde wat dit wek."

Soos hy in „Eensaamheid" weg van die feesvierende menigte gevlug het, om in die stilte van die aandskemering sy God te vind, so besef hy ook hier dat as hy sukses op sy soektog na die „wonderlike Geheim" wil hê, dan moet hy dit alleen aanpak, sonder die steuring wat veroorsaak word deur „feesgeluid" en „gerugte". Die digter het vooraf geweet dat sy reis, veral aan die begin, 'n pynlike en moeitevolle tog sou wees, want hy wat die enge pad volg, so het Christus reeds gewaarsku, sou menige struikelblok moes verwyder, en dan nog sal sy enigste beloning moontlik slegs 'n doringkroon wees! Maar wie vir 'n ideaal leef durf nie terugdeins vir moeilikhede nie en daarom het die digter dan ook aangestruikel, want hy het gevoel dat sy wese en gees

> in daardie stormsang van vuur en vloed
> "gelouter is, van newels meer gepuur."

Die soektog is voortgesit, en dikwels het die digter ook ander pelgrims ontmoet, maar nooit kon hy bespeur

"dat hul met my, my verre deel beoog"

nie. Toe hy egter ten lange laas aan die einde van sy reis kom, kon hy byna nie sy eie oë glo nie, want daar by die einddoel het hy al sy vroeëre reisgenote weer aangetref, en het hy eers besef dat hulle almal na dieselfde lig gesoek het. Afgesien dus van die verskillende rigtings wat hul gevolg het, en afgesien van al hul oneenighede, het al die weë uiteindelik na dieselfde eindbestemming gelei:

> Ek sien hoe oog aan oog vol wonder vra
> "waarom, bo aardse veld op hoër plato,
> die een die ander vind wat vroeër mekaar
> ontwyk, bestry of nie beken het nie."

Maar wat is nou eintlik die groot Geheim? Dit was die vraag wat op elkeen se lippe was toe hulle mekaar ontmoet het op "hoër plato":

> So staan ons swygend nog, met hande ineen,
> "Die oë van almal is na bo gerig
> as vraend na 'n teken of 'n woord ....
> 'n Stem sê êrens uit die stilte: "God.""

en dan:

> Die blik omhoog van almal daal meteens
> "tevrede ....."

en die skare gaan uiteen - waarheen? "Agter ons lê 'n ewigheid, voor ons lê 'n ewigheid, ons bly soekende ........" Celliers het nog nie die oplossing gevind nie, die groot Geheim bly maar nog steeds 'n geheim - "God", het die stem geroep, maar daarmee is die raaisel nog nie opgelos nie! Vir die digter bring dit egter tevredenheid, want hy weet dat die geheim van hemel en aarde tog maar in die hande van die Skepper lê, en dat aan ons slegs gegun is die wete dat daar 'n God is wat oor ons en die ganse lewe beskik. Dit is vir Celliers genoeg en daarom berus hy hom, die groot Geheim is opgelos en nou voel hy weer soos 'n kind, tevrede.

Die soektog is voortgesit, en dikwels het die digter ook ander pelgrims ontmoet, maar nooit kon hy bespeur

„dat hul met my, my verre doel beoog"

nie. Toe hy egter ten lange laaste aan die einde van sy reis kom, kon hy byna nie sy eie oë glo nie, want daar by die einddoel het hy al sy vroeëre reisgenote weer aangetref, en het hy eers besef dat hulle almal na dieselfde lig gesoek het. Afgesien dus van die verskillende rigtings wat hul gevolg het, en afgesien van al hul onenighede, het al die weë uiteindelik na dieselfde eindbestemming gelei:

> Ek sien hoe oog aan oog vol wonder vra
> "waarom, bo aardse veld op hoër plato,
> die een die ander vind wat vroeër mekaar
> ontwyk, bestry of nie beken het nie."

Maar wat is nou eintlik die groot Geheim? Dit was die vraag wat op elkeen se lippe was toe hulle mekaar ontmoet het op „hoër plato":

> So staan ons swygend nog, met hande ineen,
> "Die oë van almal is na bo gerig
> as vraend na 'n teken of 'n woord ....
> 'n Stem sê êrens uit die stilte: „God.""

en dan:

> Die blik omhoog van almal daal meteens
> "tevrede ......"

en die skare gaan uiteen - waarheen? „Agter ons lê 'n ewigheid, voor ons lê 'n ewigheid, ons bly soekende ........" Celliers het nog nie die oplossing gevind nie, die groot Geheim bly maar nog steeds 'n geheim - „God", het die stem geroep, maar daarmee is die raaisel nog nie opgelos nie! Vir die digter bring dit egter tevredenheid, want hy weet dat die geheim van hemel en aarde tog maar in die hande van die Skepper lê, en dat aan ons slegs gegun is die wete dat daar 'n God is wat oor ons en die ganse lewe beskik. Dit is vir Celliers genoeg en daarom berus hy hom, die groot Geheim is opgelos en nou voel hy weer soos 'n kind, tevrede.

LIEFDELEWE.

„Liefdelewe" stel diep te leur, en dit laat die indruk na dat dit die moeë snikke van 'n ou mens is. Selfs die godsdienstige boodskap wat Celliers daarin wou uitbring naamlik, dat die lewe deur God aan die mens geskenk word en dat ons daarom aan God behoort en alleen Sy wil moet uitvoer:

„Tot jy leer Sy wil jou eie te maak",

is onoortuigend en vaag. Omdat ons deel van God is, en God liefde is, daarom stel Celliers die hoogste taak van die mens dat hy nie net sy God, maar alle skepsels wat deur God geskape is moet liefhê soos Christus dit wou gehad het:

„Grootste vreug is liefde gewe,"

want:

„Liefd' is Gods hoogs eie lewe."

Die mooiste gedagte wat in hierdie werkie uitgespreek word, en wat in 'n groot mate feitlik 'n opsomming is van Celliers se godsdienstige opvatting is „Die Digter":

„Waar is die tale, Opperwese,
waar is die naam wat U kan noem?
Ons grootheidsmaat is aardse vrese
en knegskap onder aardse roem.

So weet ons die van hoër name
vir U as 'Heer' en 'Majesteit', -
en vat in 'één benaming same
U grootheid en ons kleinlikheid!

U, ons, aan maat en tyd gebinde,
hoe kan ons mien, hoe moet ons weet?
Ons sou U nooit en nêrens vinde
as ons nie met óns mate meet.

So droom ons waar ons nie kan weet nie -
bepeins U weë en U werk.
En, wyl ons U nie kan vergeet nie
word ons in U, deur drome sterk."

Tot op die laaste het God vir Celliers die onbereikbare Opperwese, die onbekende groot Geheim gebly. Hy het altyd probeer om die Goddelike te peil en te deurgrond, maar nooit kon hy meer as net 'n droombeeld daarvan vorm nie - 'n droombeeld wat

egter besiel het en wat die gees gelouter en aangespoor het om te soek en te strewe tot die hoogste in die lewe, die „hoër plato" bereik is.

SAMEVATTING.

„As 'n digter (of iemand anders) God loën, dan geskied dit dikwels omdat hy, metende met puur menslike maat, te weinig goddelikheid in God vind, en God dus feitlik soek bo God. Dit wil niks anders sê nie as dat die goddelike in hom die kortsigtig-menslike tog oorwin, al besef hy of ons dit miskien nie duidelik nie." 10). Met hierdie woorde het Celliers sy eie beskouing oor die Goddelike dan ook goed opgesom. Die mens wat skynbaar God loën, doen dit nie omdat hy nie aan 'n God glo nie, maar eerder omdat hy te min Goddelikheid in God self vind - daardie God wat deur die eeue heen vir ons voorgehou is as die ewig-ware en onveranderlike Grootheid! Celliers het self nooit aan hierdie ortodokse God geglo nie, want hy het en wou geen dogma erken nie. Sy siel was suiwer soos die velde, rein soos die reëndruppels en ongebonde soos die natuur waarin hy na die stem van sy God geluister het. Hy het die natuur lief gehad, - deur die natuur tot God - tref ons deurgaans in sy werk aan; die natuur was vir hom 'n openbaring, dit was 'n besieling en die faktor waarin hy altyd na God gesoek het en gewoonlik ook gevind het. Verskil?

Celliers het soekende gebly tot die einde toe. Die waarom en waarheen kon hy nooit oplos nie, en die lewe was vir hom 'n duisternis met slegs 'n dowwe lig in die verte; die groot Geheim waar hy sy hele lewe deur na gesoek het, het vir hom maar altyd 'n geheim gebly. Baie dinge het hy as onregverdig beskou, maar tog het hy geglo, nee, was hy oortuig daarvan dat God volgens 'n goed geordende plan werk en dat alles aan die einde duidelik sou word wanneer God dit op Sy tyd sou openbaar. Al was die lewe dus 'n raaisel en die mens slegs 'n nietige stippel in die Almagtige oneindigheid van God, dan

het hy nogtans geglo dat die Heer met elke mens en met elke nasie 'n doel het, en dat elkeen in sy nietigheid sy plig moet vervul om God te help, sodat daardie doel kan verwesenlik word.

Jan Celliers was ook die liefdevolle. Soos die moeder -- wat hy dikwels byna verafgod het - se liefde tot haar kind, so het sy liefde uitgegaan tot sy God, sy volk en sy medemens, en selfs teenoor sy grootste teenstanders kon hy nooit lank verbitterd bly nie, want sy vergewensgesindheid het byna geen perke geken nie, en al was hy soms straf in sy oordeel teenoor sy volksvyande en teen hulle wat sy heiligste oortuigings vertrap het, dan was sy uiteindelike standpunt maar weer:

"Wees stil my siel, vertrou, vertrou."

En omdat hy kon vergeet en vergewe was hy ook instaat om hom te berus, berus in die nietighede van alledaagse kleinmenslikheidjies, en berus in die grootse planne van die almagtige Skepper van die Heelal. "Hy weet en glo dat die mens deur sy koninklike gedagte aan sy Skepper verbonde is. Dit maak hom 'n idealis en hef hom uit die alledaagse sorge op na 'n geloofslewe wat vir eeue die menslike gees verryk het .... sy hele lewe deur het hy die idealis gebly wat deur sy vertroue in ons geestelike wese die aardse magte kon oorwin."[11]

Ten laaste kan ons Celliers noem as die opregte Christengelowige; maar nieteenstaande die bewering dat hy "Calvinis van lewensoortuiging"[12] was, het hy behalwe in 'n aantal nasionalistiese verse, nooit in sy poësie getoon dat hy 'n aanhanger van hierdie vertakking van die Christelike geloof was nie. Hoe sou hy dit ook kon wees? Die calvinis is immers eiesinnig en bevooroordeeld teen alle andersdenkendes, terwyl Celliers in die "Groot Geheim" duidelik neerlê dat daar verskillende paaie na die eindbestemming lei, en dat ons as 'n "broederskap" moet saamwerk in plaas van om mekaar te beveg in ons soektog na die Onbekende. Die Calvinis is verder ook doodseker van Sy God en sy geloof, hy soek nie meer nie want hy het reeds gevind. Celliers daarenteen het soos herhaalde kere aangetoon soekende gebly tot die laaste toe. Maar afgesien van genoemde verskille

en die feit dat hy nie 'n calvinis kan genoem word nie, was hy tog nooit minder gelowig as Totius of die ander aanhangers van hierdie leer nie. Sy liefde vir sy God, sy naaste en die natuur kan nooit betwis word nie, en juis daarin het hy vir ons 'n voorbeeld gestel wat navolgingswaardig is.

---

Sy [illegible] v. [illegible] beter gestel as die v. Totius.

AANTEKENINGE - HOOFSTUK VI.

1. Dr. Kritzinger in "Die Transvaler", 3 Junie 1940.
2. Dr. E.C. Pienaar, Taal en Poësie, pg. 249.
3. J.F.E. Celliers, Kuns in lewe en kultuur, pg. 99.
4. Dr. E.C. Pienaar, t.a.p. pg. 255.
5. ibid, pg. 266.
6. Jopie Fourie en ander Gedigte.
7. Celliers, voorwoord by Martjie.
8. Die Brandwag, 20 Oktober 1944.
9. Dr. E.C. Pienaar, t.a.p. pg. 292.
10. J.F.E. Celliers, Kuns in lewe en kultuur, pg. 160.
11. C.M. v.d. Heever, Die Brandwag, 20 Oktober 1944.
12. C.M. v.d. Heever, Die digter Totius, pg. 237.

# HOOFSTUK VII.

## CALVINISME WORD VERVANG DEUR LEIPOLDT SE PANTEÏSME.

Soos Totius en Celliers en ander van ons ouer digters, is Leipoldt ook lid van 'n predikantsfamilie. Sy vader wat eers sendeling op Sumatra was en later leeraar van Clanwilliam, sou wel vroeg gesorg het dat die godsdienstige stempel op sy seun afgedruk word. Van jongsaf is ons digter dan ook streng-godsdienstig opgevoed, en „Sondag moes hy die hele dag óf dienste bywoon óf in die pastorie wees," waar hy dan toegelaat was om van sy vader se biblioteek gebruik te maak, wat soos te verstaan natuurlik grotendeels oor teologiese onderwerpe gehandel het.[1)]

Soos egter dikwels die geval is met kindere van oorgodsdienstige ouers, het Leipoldt ook gou 'n geheime afkeer in alle sake van religieuse aard gekry, en hyself vertel onlangs nog hoe kinderlik verontwaardig hy was toe sy moeder sy eerste ghienie wat hy met sy pen verdien het, in die sendingfonds gestort het omdat hy haar nie eers geraadpleeg het nie, „en" gaan hy voort, daarom het ek vandag nog 'n wrok teen die Soedan-sending."[2)]

Hierdie voorvalletjies mag nikebeduidend lyk, maar in werklikheid bevat dit die kern van die digter se godsdienstige opvatting in sy latere lewe. 'n Godsdienstige agtergrond en fondament waarvan hy nooit kon wegkom nie, maar terselfdertyd 'n mate van afsku daarin omrede die godsdiens in sy jeug dikwels oordryf en op hom afgedwing is. Voeg hierby nog die Oosterse invloed .... „hy het van die gode van die Maleiers gehoor lank voordat hy van Christus gehoor het,"[3)] en dan sal ons Leipoldt se godsdienstige oortuiging enigsins in 'n beter per-

spektief kan sien en beoordeel.

OOM GERT VERTEL EN ANDER GEDIGTE.

Albert Verwey het na aanleiding van "Opdrag" in hierdie bundel geskryf: "Hy is de stem en het geweten van dat volk, hy is de beeldenaar die in de taal de penning stempelt voor de gedachtenissen van het nageslacht,"[4] en verder: "geen oogenblik laat hy zich overhalen tot patriottische of moraliseerende welsprekendheid. Hy doen niets dan dichten .... De vyand van deze dichter is niet de man van een ander volk, die toevallig met de wapens tegen hem over staat: zyn vyand is de onedele, de waardigheidlooze, de brute macht, ieder die menschelykheid en natuurlykheid, geestesschoonheid en mannelykheid uitschudt terwille van weelde of winst."[5] Met hierdie woorde het die groot Nederlandse kritikus 'n eerlike beeld van Leipoldt gegee, en feitlik ook 'n opsomming van al die digter se vaderlandsverse. Leipoldt is die stem en die gewete van die volk, maar veral die gewete; want as ons 'n Christelike volk wil genoem word en die leerstellinge wil uitleef wat die grondlêer van dié leer daargestel het, dan moet ons wegdoen met die propagandistiese patriotisme, dan moet ons vyand nie die arme sukkelaar wees wat niks met al die twis te doen het en maar slegs 'n nietige instrument in die hande van groter magte is nie,- maar eerder en altyd moet die vyand gesoek en beveg word in die onedele, die waardigheidlose, die brute geweld en die skandalige uitbuiting van 'n edel naam, terwille van eie voordeel. Dít is afkeurenswaardig, en dít moet beveg word in die vyand sowel as in die volk! En as Leipoldt hierdie onetiese faktore voor die dag haal en dit dikwels voor die kop van die volk gooi, dan is hy daarom nie 'n slegte Afrikaner nie, maar eerder 'n goeie Christen wat sy gewete sowel as die van die nasie s'n trou volg, al wil laasgenoemde nie hê dat dit so direk en in die openbaar aan hulle gesê word nie.

Leipoldt het sy volk lief gehad, en soos Totius wat sing van "lang verlee," so neurie hy ook saggies:

Ja, man, wat op die slagveld het gesneuwel,
"En in die kinderkampe, kind en vrou,
Slaap rustig stil, julle, wat so geworstel,
En so gesterwe het – want ons onthou!"

Ons sal julle worsteling vir die vryheid onthou, en julle sterwe nie vergeet nie, maar ons doen dit nie met die gedagte op vergelding en weerwraak teen die vyand – die betaalde soldaat wat toevallig teen julle geveg het – nie, maar altyd met die besielende inspirasie dat soos julle jul plig vervul het teenoor dit wat jul gereken het reg was, so sal en moet ons ook ons plig doen teenoor onsself en ons nasie, plig in die bevegting van die onedele en ontroue. Want as ons dit wil doen sal dit makliker wees om die kruitdamp en lykreuk te vergeet, en sal dit ook moontlik wees om oor die lelike te kyk en slegs die mooie en skone in die lewe raak te sien:

Die maanlig gooi 'n silwerwaas oor velde,
"waar eens die grys kruitwolke het gerol:
En elke plaas, wat vroeër van rook geruik het,
Is met die geure van sandklossies vol."

Deur so'n optrede was die digter geen lamlendige papbroeklander, wat die moordenaarshand nog rooi van die bloed uit blote liefde aan sy boesem gedruk het nie, geheel en al nie, want vir hom het die smart van die oorlog moontlik dieper aangegryp as vir óf Totius óf Celliers, maar anders as hulle het hy van die begin af besef dat dit sy plig is, sy Christen-plig, om te vergeet sowel as vergewe, en al voel hy soms of hy kan waansinnig word van die smart en die belediging wat die volk aangedoen is, dan wil hy nogtans vergewe en is sy raad aan sy onstuimige siel:

Bedaar, bedaar, my hart, al kraak jy ook:
"ons moet die drumpel oor, al breek ons dood!"

Soms het die verbittering ook oor hom die oorhand gekry, sodat dit uiters moeilik gegaan het om sy Christelike en menslike plig van te vergewe, na te kom, want:

Die yster het gloeiend 'n merk vir die ewe
"gebrand op ons volk, en die wond is te na,
te na aan ons hart en te diep in ons lewe –"

Ja, man, wat op die slagveld het gesneuwel,
"En in die kinderkampe, kind en vrou,
Slaap rustig stil, julle, wat so geworstel,
En so gesterwe het – want ons onthou!"

Ons sal julle worsteling vir die vryheid onthou, en julle sterwe nie vergeet nie, maar ons doen dit nie met die gedagte op vergelding en weerwraak teen die vyand – die betaalde soldaat wat toevallig teen julle geveg het – nie, maar altyd met die besielende inspirasie dat soos julle jul plig vervul het teenoor dit wat jul gereken het reg was, so sal en moet ons ook ons plig doen teenoor onsself en ons nasie, plig in die bevegting van die onedele en ontroue. Want as ons dit wil doen, sal dit makliker wees om die kruitdamp en lykreuk te vergeet, en sal dit ook moontlik wees om oor die lelike te kyk en slegs die mooie en skone in die lewe raak te sien:

Die maanlig gooi 'n silwerwaas oor velde,
"waar eens die grys kruitwolke het gerol;
En elke plaas, wat vroeër van rook geruik het,
Is met die geure van sandkiossies vol."

Deur so'n optrede was die digter geen lamlendige papbroeklander, wat die moordenaarshand nog rooi van die bloed uit blote liefde aan sy boesem gedruk het nie, geheel en al nie, want vir hom het die smart van die oorlog moontlik dieper aangegryp as vir óf Totius óf Celliers, maar anders as hulle het hy van die begin af besef dat dit sy plig is, sy Christen-plig, om te vergeet sowel as vergewe, en al voel hy soms of hy kan waansinnig word van die smart en die belediging wat die volk aangedoen is, dan wil hy nogtans vergewe en is sy raad aan sy onstuimige siel:

Bedaar, bedaar, my hart, al kraak jy ook!
"ons moet die drumpel oor, al breek ons dood!"

Soms het die verbittering ook oor hom die oorhand gekry, sodat dit uiters moeilik gegaan het om sy Christelike en menslike plig van te vergewe, na te kom, want:

Die yster het gloeiend 'n merk vir die eeue
"gebrand op ons volk, en die wond is te na,
te na aan ons hart en te diep in ons lewe –"

Maar sy skouers was breed en sy siel was ruim, en daarom kon hy met opregtheid byvoeg, al moes hy dit uitkreun:

„Geduld, o geduld, wat so baie kan dra!"

Omdat Leipoldt self die smart van die worsteling deurleef het, maar nogtans gewillig was om te vergewe, daarom is hy soveel meer gekant teen die baie propagandaskreeuers wat die volksentiment gedurig probeer uitbuit met sulke oppervlakkige frasse soos: „volk en Heldemoed," en wat die geskiedenis verdraai tot 'n klomp lawwe „leuens". Hy is ook teen daardie soort heldeverering wat alleen gebruik word om die maklik-opsweepbare massa oor te haal na 'n sekere politieke standpunt, veral waar die opruiers dikwels self g'n enkele woord van hulle eie woordegegool glo nie, en waar hulle verering bowendien alleen en uitsluitlik op oorlogsverering berus. Die digter is wars van hierdie soort huigelary, 'n gehuigel wat die edelste eienskappe van die mens laat neerbuig in aanbidding voor die enigste god wat hul werklik ken – Mars! Christus het 'n leer van liefde en simpatie verkondig, maar word daar nog 'n deeltjie hiervan aangetref in die verafgoding van oorlogshelde? En buitendien is die verering op slot van sake tog niks anders as blote praatjies nie, grootpraat en grootdoenery, sonder 'n sweem van daadwerklike optrede, sonder 'n poging om eie skouer aan die wiel te sit en die daad by die woord te voeg. Spottend stel hy dus die vraag:

Ons nasie? ag, die mense praat:
"Daar lê iets groots in woorde! Wat
Gee ons die weg om groot te wees ...?
Ons het wel ons bloed gegee vir die land,
Maar verder – wat? 'n nasie word
Nie sommer soos die kering groot,
Dit moet deur werk, deur vlyt, deur smart,
Deur lewe ook word voortgestoot."

Hy stel WERK dus hier, soos hy later dikwels meer sal doen, as een van die hoofvereistes van die lewe, en laat ons besef dat vroom praatjies niks beteken as dit nie gepaard gaan met die daad nie. Ons moet vorentoe beur en met voorstel probeer om

Maar sy skouers was breed en sy siel was ruim, en daarom kon hy met opregtheid byvoeg, al moes hy dit uitkreun:

„Geduld, o geduld, wat so baie kan dra!"

Omdat Leipoldt self die smart van die worsteling deurleef het, maar nogtans gewillig was om te vergewe, daarom is hy soveel meer gekant teen die baie propagandaskreeuers wat die volksentiment gedurig probeer uitbuit met sulke oppervlakkige frases soos: „volk en Heldemoed," en wat die geskiedenis verdraai tot 'n klomp lawwe „leuens". Hy is ook teen daardie soort heldeverering wat alleen gebruik word om die maklik-opsweepbare massa oor te haal na 'n sekere politieke standpunt, veral waar die opruiers dikwels self g'n enkele woord van hulle eie voordegegool glo nie, en waar hulle verering bowendien alleen en uitsluitlik op oorlogsverering berus. Die digter is wars van hierdie soort huigelary, 'n gehuigel wat die edelste eienskappe van die mens laat neerbuig in aanbidding voor die enigste god wat hul werklik ken – Mars! Christus het 'n leer van liefde en simpatie verkondig, maar word daar nog 'n deeltjie hiervan aangetref in die verafgoding van oorlogshelde? En buitendien is die verering op slot van sake tog niks anders as blote praatjies nie, grootpraat en grootdoenery, sonder 'n sweem van daadwerklike optrede, sonder 'n poging om die skouer aan die wiel te sit en die daad by die woord te voeg. Spottend stel hy dus die vraag:

> Ons nasie? ag, die mense praat!
> "Daar lê iets groots in woorde! Wat
> Gee ons die reg om groot te wees ...?
> Ons het wel ons bloed gegee vir die land,
> Maar verder – wat? 'n nasie word
> Nie sommer soos die koring groot,
> Dit moet deur werk, deur vlyt, deur smart,
> Deur lewe ook word voortgestoot."

Hy stel WERK dus hier, soos hy later dikwels meer sal doen, as een van die hoofvereistes van die lewe, en laat ons besef dat ... die nie ... met die vroom P Ons moet vorentoe beur en met worstel probeer om ... om daad nie. Ons moet vorentoe beur en met worstel ...

Maar sy skouers was breed en sy siel was ruim, en daarom kon hy met opregtheid byvoeg, al moes hy dit uitkreun:

„Geduld, o geduld, wat so baie kan dra!"

Omdat Leipoldt self die smart van die worsteling deurleef het, maar nogtans gewillig was om te vergewe, daarom is hy soveel meer gekant teen die baie propagandaskreeuers wat die volksentiment gedurig probeer uitbuit met sulke oppervlakkige frases soos: „Volk en Heldemoed," en wat die geskiedenis verdraai tot 'n klomp lawwe „leuens". Hy is ook teen daardie soort heldeverering wat alleen gebruik word om die maklik-opsweepbare massa oor te haal na 'n sekere politieke standpunt, veral waar die opruiers dikwels self g'n enkele woord van hulle eie voordegegool glo nie, en waar hulle verering bowendien alleen en uitsluitlik op oorlogsverering berus. Die digter is ware van hierdie soort huigelary, 'n gehuigel wat die edelste eienskappe van die mens laat neerbuig in aanbidding voor die enigste god wat hul werklik ken - Mars! Christus het 'n leer van liefde en simpatie verkondig, maar word daar nog 'n deeltjie hiervan aangetref in die verafgoding van oorlogshelde? En buitendien is die verering op slot van sake tog niks anders as blote praatjies nie, grootpraat en grootdoenery, sonder 'n sweem van daadwerklike optrede, sonder 'n poging om sie skouer aan die wiel te sit en die daad by die woord te voeg. Spottend stel hy dus die vraag:

> Ons nasie? ag, die mense praat:
> "Daar lê iets groots in woorde! Wat
> Gee ons die reg om groot te wees ...?
> Ons het wel ons bloed gegee vir die land,
> Maar verder - wat? 'n nasie word
> Nie sommer soos die koring groot,
> Dit moet deur werk, deur vlyt, deur smart,
> Deur lewe ook word voortgestoot."

Hy stel WERK dus hier, soos hy later dikwels meer sal doen, as een van die hoofvereistes van die lewe, en laat ons besef dat vroom praatjies niks beteken as dit nie gepaard gaan met die daad nie. Ons moet vorentoe beur en met worstel probeer om

Maar sy skouers was breed en sy siel was ruim, en daarom kon hy met opregtheid byvoeg, al moes hy dit uitkreun:

„Geduld, o geduld, wat so baie kan dra!"

Omdat Leipoldt self die smart van die worsteling deurleef het, maar nogtans gewillig was om te vergewe, daarom is hy soveel meer gekant teen die baie propagandaskreeuers wat die volksentiment gedurig probeer uitbuit met sulke oppervlakkige frases soos: „volk en Heldemoed," en wat die geskiedenis verdraai tot 'n klomp lawwe „leuens". Hy is ook teen daardie soort heldeverering wat alleen gebruik word om die maklik-opsweepbare massa oor te haal na 'n sekere politieke standpunt, veral waar die opruiers dikwels self g'n enkele woord van hulle eie voorgegooi glo nie, en waar hulle verering bowendien alleen en uitsluitlik op oorlogsverering berus. Die digter is vars van hierdie soort huigelary, 'n gehuigel wat die edelste eienskappe van die mens laat neerbuig in aanbidding voor die enigste god wat hul werklik ken – Mars! Christus het 'n leer van liefde en simpatie verkondig, maar word daar nog 'n deeltjie hiervan aangetref in die verafgoding van oorlogshelde? En buitendien is die verering op slot van sake tog niks anders as blote praatjies nie, grootpraat en grootdoenery, sonder 'n sweem van daadwerklike optrede, sonder 'n poging om eie skouer aan die wiel te sit en die daad by die woord te voeg. Spottend stel hy dus die vraag:

> Ons nasie? ag, die mense praat!
> "Daar lê iets groots in woorde! Wat
> Gee ons die reg om groot te wees ...?
> Ons het wel ons bloed gegee vir die land,
> Maar verder – wat? 'n nasie word
> Nie sommer soos die koring groot,
> Dit moet deur werk, deur vlyt, deur smart,
> Deur lewe ook word voortgestoot."

Hy stel WERK dus hier, soos hy later dikwels meer sal doen, as een van die hoofvereistes van die lewe, en laat ons besef dat vroom praatjies niks beteken as dit nie gepaard gaan met die daad nie. Ons moet vorentoe beur en met worstel probeer om

die hoogste in die lewe te bereik. Inspirerend en groots klink gevolglik ook sy wekroep:

> Klim op, klim op, langs die slingerpad!
> "Klim op, tot jy bo-op staan."

Dit is sekerlik twee van die mooiste Christendeugde wat vir ons kan voorgehou word - Moedhou en Werk - twee deugde wat deur hom nie alleen verkondig is nie, maar ook ten volle uitgeleef is, sodat hy met besieling diegenes wat op moedverloor se vlaktes gedwaal het, kon toeroep:

> Moed, mense, hou moed!
> "Die kwaad sal verander in goed:
> Die môrelig kom uit die duister."

Teenoor hierdie blymoedigheid in die besef dat hy alleen sy plig doen, is Leipoldt soms swaar pessimisties gesind en skyn daar vir hom geen vaste doel in die lewe te wees nie, sodat hy self in die voortbestaan of vernietiging van 'n volk 'n soort van skeptiese houding inneem:

> Vra jouselwe, as jy moeg word,
> "en die wêreld is so stil,
> Wat jou lot is, wat jou toekoms,
> is dit God die Heer se wil,
> Dat 'n nasie uit sal sterwe
> of maar die natuur se gril?"

Die wisselvallige lewe met al sy duisterhede het Leipoldt noodwendig swaarmoedig gestem, en hoewel hy nog met 'n glimlag gewillig is om voort te gaan met sy pligte, kan hy tog nie help om soos Celliers die donker kant raak te sien nie - en met 'n sterk mate van vertwyfeling word die vraag deur hom gestel:

> Weet jy seker, wat beslis is?
> "of daar ooit beslissing is?"

En vir die gelowiges, wat dikwels beweer dat hulle nie hieroor of daaroor glo nie omdat dit nie met 'n Christen se beginsel stryk nie, vra hy waarom hulle dan aan 'n God of aan 'n lewe na die dood glo, en waarom hulle van alles so seker is en so [illegible] Hulle glo gewilliglik vir hierdie geloof van hulle wil veg?

die hoogste in die lewe te bereik. Inspirerend en groots klink gevolglik ook sy wekroep:

> "Klim op, klim op, langs die slingerpad!
> "Klim op, tot jy bo-op staan."

Dit is sekerlik twee van die mooiste Christendeugde wat vir ons kan voorgehou word - Moedhou en Werk - twee deugde wat deur hom nie alleen verkondig is nie, maar ook ten volle uitgeleef is, sodat hy met besieling diegenes wat op moedverloor se vlaktes gedwaal het, kon toeroep:

> Moed, mense, hou moed!
> "Die kwaad sal verander in goed:
> Die môrelig kom uit die duister."

Teenoor hierdie blymoedigheid in die besef dat hy alleen sy plig doen, is Leipoldt soms swaar pessimisties gesind en skyn daar vir hom geen vaste doel in die lewe te wees nie, sodat hy self in die voortbestaan of vernietiging van 'n volk 'n soort van skeptiese houding inneem:

> Vra jouselwe, as jy moeg word,
> "en die wêreld is so stil,
> Wat jou lot is, wat jou toekoms,
> is dit God die Heer se wil,
> Dat 'n nasie uit sal sterwe
> of maar die natuur se gril?"

Die wisselvallige lewe met al sy dalsterheds het Leipoldt noodwendig swaarmoedig gestem, en hoewel hy nog met 'n glimlag gewillig is om voort te gaan met sy pligte, kan hy tog nie help om soos Celliers die donker kant raak te sien nie - en met 'n sterk mate van vertwyfeling word die vraag deur hom gestel:

> Weet jy seker, wat beslis is?
> "of daar ooit beslissing is?"

En vir die gelowiges, wat dikwels beweer dat hulle nie hierof daaraan glo nie omdat dit nie met 'n Christen se beginsel strýk nie, vra hy waarom hulle dan aan 'n God of aan 'n lewe na die dood glo, en waarom hulle van alles so seker is en so gewilliglik vir hierdie geloof van hulle wil veg? Hulle glo

dat die dood die oplossing sal bring, maar hoe is ons selfs daarvan seker?

> Ons het baie gestry om die waarheid ou vriend:
> "Weet jy nou, wie van ons had verkeerd?",

vra hy vir Japie wat die more nog by hom was maar die aand - waar? En vir Vonk/ sy troue ou hond/ spreek hy aan:

> Hier onder die leiklip, lê jy in jou graf:
> "Die al, wat ek weet - want ons gissing is kaf."

Selfs dit wat op die dood sal volg is dus uiters onseker en niks meer as gissings nie, en wie hierdie onsekerhede aan ander wil oordra en verkondig as die waarheid die praat eenvoudig bog! En tog is daar sekere dinge in die lewe wat die digter wel nie kan verstaan nie, maar as hy dit in oënskou neem dan kan hy nie anders as om te glo dat daar iemand of iets is, wat bo die verstand van die mens staan. Een van hierdie onverklaarbaarhede is die dapper o[illegible]de van die Afrikaanse vrou in haar smart, en as hy di[illegible]en dan kan hy nie anders as om te glo dat sy moet geïnspireer wees deur 'n Hoër Mag nie:

> As jy daaraan dink, dan moet jy glo -
> "Al twyfel jy -, daar is tog Iemand bo,
> Die so'n vrou tot yster maak en staal."

Al word die „Iemand" nie gedefinieer nie, dan blyk dit tog duidelik dat hy aan so'n hoër Wese glo, 'n onbekende God wat die heelal bestier, want as hy saans deur die kerkhof in stilte wandel dan is dit of hy hoor:

> Die aandgebed van elke mag en mot,
> "wat in die maanlig kom vergad'ring hou:
> Hul sing en maak gegons, net soos 'n koor,
> As lofsang aan 'n onbekende God."

Die God van Leipoldt is dus seker en gewis nie dieselfde as van Totius nie, en in 'n groot mate ook nie van Celliers nie, want waar Totius alleen die „God van die vadere" erken het en Celliers syne op velerlei wyse genader het sonder om doodseker te wees waar om Hom te vind, daar het Leipoldt reeds

in sy eerste werk getoon dat die Goddelike slegs in die Skoonheid en Goeie te vind is, en dat daar gevolglik in elke mens of ding 'n mate van die Goddelike aan te tref is, want:

> Daar leef geen mens so aaklig goed,
> "Daar is geen vent so vale en swart,
> of in sy bors klop daar nog deur
> 'n Brokkie van 'n mensehart."

In alles het hy dus die Goddelike gesien, maar hy het ook besef dat alleen die Goeie, m.a.w. die Goddelike in die mens, die Goeie in sy medemens kan ontdek en dat alleen hulle wat die Goeie nie wil sien nie, die slegte altyd op die voorgrond stoot.

Wat daar dus van Leipoldt ook al mag beweer word, dit staan tog vas dat hy in baie opsigte die Goeie meer uitgeleef het as baie van die sogenaamde godsdienstiges, wat wel godsdienstig gepraat en gepreek het, maar self nooit in hul optrede die voorbeeld gevolg het van Hom wat duidelik neergelê het dat ~~daar nie na~~ ander met klippe most gegooi word nie. Want Leipoldt bly maar ~~aanmeel die~~ mikpunt en skryf van baie onverdiende klippe, omdat:

> Vir die een was (hy) te nuut al,
> "vir die ander ouderwets!"

Maar wat daar ook van hom gesê word, ons voel aan die einde van sy "Oom Gert Vertel" dat:

> Op (sy) siel is al sy smarte,
> "met sy lewensvuur geëts,"

en daarom sal hy as goeie mens seker nog bly voortleef as al die goeie gelowiges reeds lankal vergeet is.

DINGAANSDAG.

Baie van die idees en gedagtes wat in Oom Gert Vertel aangetref is, vind ons in hierdie bundel weer terug, maar opmerklik is hier sy groter vertroue in die Opperwese. Soos by Celliers doem die lewe voor hom ook op as 'n dreigende donker wolk – 'n groot Geheim wat ons almal verbyster laat staan voor

**Author** Roos J C
**Name of thesis** Die Godsdienstige in ons Poesie 1945

***PUBLISHER:***
**University of the Witwatersrand, Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.